Hoofstuk 1

Inleiding

1.1 Agtergrond en probleemstelling

Stereotipering, ten opsigte van ras, geslag, geloof, taal of seksuele voorkeure, word aan individue se opvoeding en agtergrond gekoppel. Net so word individue se sosiale interaksie deur hul ras, geslag, geloof en seksuele voorkeure beïnvloed. Hierdie omstandighede van sosiale interaksie is ideaal wanneer alle partye as gelykes beskou word (Lance, 1994: 432). Hierdie studie toon dat in die nie-aanvaarding van homo- en biseksueles as gelykes van heteroseksueles, die kern van die homofobie-vraagstuk opgesluit lê.

Die Universiteit Stellenbosch is ’n Afrikaanse universiteit met ’n meerderheid wit, Suid-Afrikaanse studente. Gevolglik spring hierdie universiteit ook nie die stereotipering wat binne die Suid-Afrikaans konteks met taal en ras gepaardgaan, vry nie. Sedert 1995 het die studentebevolking, veral ten opsigte van bevolkingsgroep, toenemend divers geraak en sosiale interaksie in die studentegemeenskap het nuwe uitdagings in die gesig gestaar.

Figuur 1: Profiel van die Universiteit Stellenbosch se studentegemeenskap volgens die Suid-Afrikaanse bevolkingsindeling



“Swart” sluit Bruin, Afrikaan en Indiër in
Bron: US Kantoor van die Viserektor: Navorsing

Ten einde hierdie uitdagings die hoof te bied, het die Studenteraad (SR) sedert 1996 ’n stereotipe-verminderingsprogram geïmplementeer wat hom primêr ten doel gestel het om studente in leierskapsposisies vanuit verskillende agtergronde, rasse, geloofs-, politieke en seksuele oortuigings byeen te bring om moontlike probleemoplossingstrategieë vir sosiale interaksie te bewerkstellig. Aanvanklik het hierdie program hoofsaaklik op stereotipering op grond van ras, geslag en geloof gefokus. In 1999, drie jaar nadat die eerste stereotipe-verminderingsprogram geloods is, en op aandrang van die studentegemeenskap, het die program ook op die probleem van sosiale aanvaarding ten opsigte van seksuele voorkeure gefokus.

Die noodsaaklikheid om erkenning te gee aan die bestaan van die homo- en biseksuele student op die Stellenbosch kampus was duidelik. Daar moet besef word dat die hedendaagse jong volwassene in post-apartheid Suid-Afrika ’n behoefte het om nie meer soseer op gelyke regte ten opsigte van ras te fokus nie, maar ook op ’n ander tipe sosiale diskriminasie. Hierdie stelling het duidelik na vore gekom by verskeie werkswinkels vir studenteleiers by die Universiteit Stellenbosch. Alhoewel die nuwe grondwet van Suid-Afrika en die Handves van Menseregte diskriminasie op grond van seksuele oriëntasie verwerp (Dunton & Palmberg, 1996), werk dit nog nie heeltemal in praktyk nie. Die homo- en biseksuele Stellenbosse student spring dit ook nie vry nie (sien hoofstuk 4, waar hierdie punt telkens in onderhoude opgeduik het).

Na afloop van die program in 1999, het die studentegemeenskap vir die eerste keer ’n vereniging gestig waar seksuele voorkeure aandag geniet. Die Les-bi-gay-vereniging is op 1 September 1999 gestig en is met uiteenlopende reaksie deur die studente verwelkom én veroordeel, soos die volgende aanhalings (Kampusmenings, 1999) illustreer:

> “Ek persoonlik is baie teen dit. Dis teen my beginsels.”
>
> “*I have no problem with gays. I’ve got a lot of gay friends. But I do have a problem with lesbians.*”
>
> “*I’ve got no problem with gays. I come from a liberal country, Sweden.*”
>
> “Ag *shame*! Nee, ons het geen probleem met gays nie.”
>
> “*Are there gays on campus?*”
>
> “*I don’t think there should be any gays on campus (I’m homophobic). If God made men and women, why should there be gays?*”

"*I think there should be more gays on campus. I'm gay.*"
"*I'm fine with gays. What they want to do has got nothing to do with me.*"

Die hoofrede vir die totstandkoming van die vereniging was tweeledig: enersyds om sosiale uitsluiting van hierdie minderheidsgroep onder die loep te neem, en andersyds om vir die homoseksuele student 'n gevoel van solidariteit as lid van 'n minderheidsgroep te skep, oftewel om 'n ondersteuningsnetwerk vir tydgenote deur tydgenote te bied.

In dieselfde jaar het die Rektor van die Universiteit, prof. Andreas van Wyk, 'n komitee aangestel wat 'n amptelike beleid ten opsigte van multikulturaliteit vir die Universiteit moes opstel. Hierdie beleid moes hoofsaaklik aanbevelings maak om sosiale interaksie in koshuise en op die US-kampus te bevorder, maar tegelykertyd ook die Universiteit daartoe verbind om 'n tersiêre instansie te wees wat geen diskriminasie ten opsigte van ras, geslag, taal, geloof en seksuele voorkeure duld nie. Die doel was dus om riglyne in plek te stel wat gevolg sou word indien enige persoon se menswaardigheid aangetas word. Hierdie dokument het deel gevorm van die "Strategiese doelwitte vir die US vir die eeuwisseling en daarna".

Drie jaar later, in 2001, is hierdie konsepbeleid (met verwysing na die gedeelte oor multikulturaliteit) nooit amptelik goedgekeur nie. Tans beskik die Universiteit wel oor 'n seksuele teisteringsbeleid, maar het sedert die aanstelling van die Adviesforum vir Seksuele Teistering in 1999 nooit enige gevalle waar homoseksuele studente betrokke was, hanteer nie.[1]

'n Tweeledige gevolgtrekking kan gemaak word: eerstens, dat geen seksuele teistering waar 'n homoseksuele student betrokke was, plaasgevind het nie, en tweedens, dat homoseksuele studente nog nie die vrymoedigheid het om universiteitstrukture te gebruik om hul klagte te lê en sodoende hul seksuele oriëntasie bekend te maak nie.

[1] Ek self was 'n lid van die Adviesforum, eerstens in my hoedanigheid as studenteraadslid vir sosiale sake en later as personeellid gemoeid met seksuele teistering op kampus.

In Junie 2002 stel die Universiteit ’n diversiteitstaakspan saam wat aan die Uitvoerende Komitee van die Raad verslag moet doen oor die vordering van ’n amptelike diversiteitsplan. Die Rektor maak in die US Diversiteitsbeplanningsdokument soos volg melding van die US se rol binne die Suid-Afrikaanse konteks:

> Ons taak is om studente voor te berei vir die multikulturele samelewing waarbinne hulle moet woon en werk, en dit sou die bereiking van hierdie doel bemoeilik as ons personeel- en studentekorps nie ook multikulturaliteit en diversiteit vertoon nie. Ons strewe na uitnemendheid sal belemmer word as ons nie die potensiaal benut van alle dele van die Suid-Afrikaanse samelewing nie. Dit is ook nie net die verbreding van ons demografiese profiel wat ter sprake is nie, maar die verbreding van ons gedagte- en ideëwêreld. Vir die soort van Universiteit wat ons graag wil wees, is ’n diversiteit van idees belangrik, aangesien dit vernuwende denke stimuleer. Hierdie ideaal is makliker bereikbaar in die konteks van ’n universiteitsgemeenskap wat alle manifestasies van diversiteit in die moderne samelewing reflekteer: kleur, geslag, geloof, klas, herkoms, gestremdhede, seksuele oriëntasie, gesondheid en siekte, rykdom en armoede. (Diversiteitsbeplanningsdokument, 2002)

In 2003 kry die US heelwat mediadekking veral met betrekking tot die US se koshuisreëls vir kuiergaste van die teenoorgestelde geslag in die koshuiskamers van studente. Die amptelike beleid wat reeds vir jare geld, laat nie besoekers van die teenoorgestelde geslag na ’n bepaalde tyd in koshuiskamers toe nie. Homoseksualiteit en die hantering daarvan binne koshuisverband was nooit voorheen met koshuisreëls ter sprake nie. Hierdie kwessie het sterk teenkanting van die homoseksuele studente op die US-kampus ontlok. Die mening was dat “studente se seksuele vryheid aan bande gelê word as hulle hul seksuele oriëntasie bekend maak” (US onder skoot ..., 2003). Met hierdie teenkanting word die afleiding gemaak dat, indien daar dienooreenkomstige koshuisreëls vir metgeselle van die homoseksuele studentegemeenskap geimplementeer sou word, homoseksuele studente verplig sou voel om hul seksuele voorkeur te openbaar. Hierteenoor glo die opponerende groep dat hierdie spesifieke reëls vir alle studente moet geld, dit wil sê vir homoseksuele studente ook.

Die voorstel is egter nooit amptelik bekragtig nie en die Rektor en Visekanselier, prof. Chris Brink, het die debat beëindig deur die volgende in die media aan te kondig: "Die Universiteit het nie 'n beleid oor seks in koshuiskamers nie en beplan nie om 'n beleid daaroor op te stel nie. Ons het nie planne dat studente hulle seksuele oriëntasie bekend moet maak nie" (Rektor: Gays nie gemonitor, 2003). Hierdie aktuele saak het die debat rakende die bestaan van die homoseksuele Matie opnuut laat opvlam.

In April 2003 kry die US verdere mediadekking met die aanval op twee homoseksuele manstudente in een van die manskoshuise. Alhoewel die rede vir die aanval nie suiwer op die studente se seksuele oriëntasie gegrond was nie, het dit die debat oor homoseksualiteit op die Stellenbosch-kampus verder aangewakker. Die US stel toe 'n spesiale ondersoekpaneel saam wat die US se kampuskultuur en veral koshuistradisies moes ondersoek. Volgens prof. Chris Brink was hierdie ondersoek na kampuskultuur duidelik nodig: "In die lig van die onlangse gebeure is daar duidelik 'n behoefte om die bestaande beleid en praktyke rondom studente-ordereëlings te ondersoek. Ons moet 'n benadering ontwikkel wat met die vereistes van die Suid-Afrikaanse Grondwet strook en binne die breë konteks val van die raadsbesluit oor koshuiskultuur" (Slabbert ondersoek koshuise, 2003). Die hele huiskomitee van die betrokke koshuis is van hul pligte onthef. "Ons beklemtoon die erns van die US om 'n einde te maak aan onaanvaarbare praktyke en aksies", aldus prof. Julian Smith, Viserektor: Bedryf (Die val van Majuba, 2003).

In Augustus 2003, vier maande na hierdie aanranding op studente, word een van hulle se kamer in chaos gedompel en maak hierdie studente bekend dat dit slegs nóg 'n voorbeeld van viktimisasie was wat hulle sedert die uitslag van die eerste insident moes verduur. Die ander slagoffer het tydens hierdie voorval reeds die koshuis verlaat (Die kwessie van homoseksuele studente in koshuise word breedvoerig tydens hierdie studie bespreek – sien hoofstukke 4 en 5).

In die loop van 2004 skep die US die pos Koördineerder: Studentekultuurvernuwing en Koshuise, gesetel in die Afdeling Studentesake. Hierdie portefeulje se primêre taak sou wees om studentekultuur op die US-kampus te ondersoek en spesifiek om in samewerking met studenteleiers oplossings te vind vir probleemareas met betrekking tot die diverse studentepopulasie wat moontlik in koshuise kan bestaan. Seksuele

oriëntasie is ook een van die temas wat in koshuise ondersoek en bespreek sou word. (Sien volledige bespreking hieroor in hoofstuk 5).

In 2005 beskik die US wel oor ’n diversiteitsplan, maar nog oor geen goedgekeurde amptelike beleid wat aan die Raad vir goedkeuring voorgelê is nie. Alle probleme wat homo- en biseksuele studente moontlik in koshuise en op kampus kan ervaar, sou dan binne die portefeulje Studentekultuurvernuwing en Koshuise hanteer word.

1.2 Die doel van die ondersoek

Die doel van hierdie studie is tweeledig:

- Die primêre doelstelling van die studie is om die ervarings en persepsies ten opsigte van sosiale interaksie onder ’n geselekteerde groep homo- en biseksuele studente te ondersoek. Die studie ondersoek tot watter mate hul seksuele oriëntasie hul sosiale interaksie met die res van die heteroseksuele studentegemeenskap beïnvloed en van watter strategieë hulle gebruik maak om by die heteroseksuele studentegemeenskap in te skakel.
- Die sekondêre doelstelling van die studie is om moontlike aanbevelings vir tersiêre instansies in Suid-Afrika te maak ten einde sosiale uitsluiting van homo- en biseksuele studente teen te werk.

Pectora roborant cultus recti

1.3 Begripsomskrywing

Hier volg ’n omskrywing van ’n paar begrippe wat deur die loop van die studie gebruik word:

- **Biseksueel:** Verwys na ’n man of vrou wat seksueel tot albei geslagte aangetrokke is en verhoudings met albei geslagte sal aanknoop.
- **Die Matie:** Die studentekoerant deur die studente vir die studente wat tweeweekliks op die kampus versprei word.
- **Die Neelsie:** Die studentesentrum op die kampus waar studente meestal tydens afperiodes bymekaar kom.
- ***Dykes, butch,* letties:** Verwys na homoseksuele vroue wat manlik voorkom, mansklere sal dra en manlik sal optree.
- **Homoseksueel:** Verwys na ’n man of vrou wat seksueel tot dieselfde geslag aangetrokke is en verhoudings met dieselfde geslag aanknoop.

- **Huiskomitee:** Die studentekomitee van elke koshuis, wat moet toesien dat die universiteit se koshuisreëls nagekom word. Hulle verteenwoordig die koshuisinwoners se belange en is ook vir verskeie portefeuljes verantwoordelik, onder andere sosiale geleenthede in koshuise.
- **In die kas:** Verwys na ’n homo- of biseksuele man of vrou wat nog nie sy /haar seksuele voorkeure geopenbaar het nie. (Daar is wel gevalle waar homo- en biseksuele studente wel hul seksuele voorkeure aan ’n paar vriende openbaar het, maar hulself nog as in die kas sou bestempel, omdat hulle nog nie hul ouers en familie vertel het nie).
- **Inwonende hoof:** ’n Individu wat deur die universiteit aangestel word om in samewerking met die huiskomitee vir die algemene bestuur van die koshuis verantwoordelik te wees.
- **Koshuisstudent:** Verwys na ’n student wat van universiteitsverblyf gebruik maak.
- **Lesbiër:** ’n Vrou wat seksueel tot vroue aangetrokke is en verhoudings met vroue aanknoop.
- **Les-bi-gay-vereniging:** Die studentevereniging wat gestig is om ondersteuning aan homo- en biseksuele studente te bied en homofobie op die kampus die hoof te bied.
- **Matie:** ’n Student van die Universiteit Stellenbosch.
- **MFM 92.6:** Die gemeenskapsradiostasie wat grotendeels deur studente beman word en wat dekking van nuusgebeure aan die Stellenbosch-area lewer.
- **Moffies*, Queens, screaming queens, campers*:** Verwys na homoseksuele mans wat verfynd voorkom, wat vroulik optree en vroueklere sal dra. Hulle het ook die handgebare, manier van loop, tipiese mannerismes van vroue.
- **Monitors:** Monitors is aangestel om veral tydens die oriënteringsweek ongereelde besoeke by koshuise af te lê om toe te sien dat eerstejaarstudente se menseregte nie op enige wyse aangetas word nie. Hulle moet toesien dat die Huiskomitee by die amptelike goedgekeurde verwelkomingsprogram bly en byvoorbeeld geen neerhalende terme gebruik om na eerstejaars te verwys nie.
- **Openbaringsproses:** Die proses waardeur ’n homo- of biseksuele sy/haar seksuele voorkeur openbaar maak.

- **Privaat student:** Verwys na ’n student wat nie van universiteitsverblyf gebruik maak nie, wat byvoorbeeld ’n woonstel met iemand deel of nog by sy/haar ouers woon.
- **Raadgewers:** Studente wat deur die inwonende hoof van elke koshuis gekies word om eerstejaarstudente van akademiese en algemene hulp te voorsien. Hulle het nie soveel invloed soos die Huiskomitee nie.
- **SSVO:** Die US se Sentrum vir Studentevoorligting en -ontwikkeling, wat onder andere gratis voorligting en kliniese sielkundehulp aan studente verskaf.
- **Studenteraad:** Die hoogste leierskapsposisie vir studente op kampus. Hierdie studente word jaarliks deur die studente-unie verkies en hulle verteenwoordig die belange van die studente-unie by, onder andere, die Raad van die Universiteit.
- **Uit die kas:** Verwys na ’n homo- of biseksuele man of vrou wat openlik sy/haar seksuele voorkeure bekend gemaak het.
- **US:** Universiteit van Stellenbosch

1.4 Navorsingsprobleem

Na aanleiding van die agtergrond wat reeds geskets is, is met die aanvang van die studie aanvaar dat sosiale diskriminasie ten opsigte van homoseksualiteit wel op die Stellenbosch kampus bestaan. Omdat sosiale diskriminasie wel bestaan, het die behoefte by die homo- en biseksuele studente bestaan om ’n groepsidentiteit te vorm deur die stigting van die Les-bi-gay-vereniging. Die dominante heteroseksuele studentekultuur (wat sosiale aktiwiteite vir die heteroseksuele student insluit) bemoeilik die openbaringsproses van die homo- en biseksuele student. Alhoewel sosiale aktiwiteite nie “amptelik” slegs vir heteroseksuele studente gereël word nie, word min ruimte gelaat vir die homoseksuele paartjie om saam gesien te word en sodoende word sosiale interaksie met die heteroseksuele gemeenskap verder bemoeilik. Vanuit die agtergrond wat geskets is, is dit ook waarskynlik dat homo- en biseksuele studente in koshuise nie hul seksuele oriëntasie sal openbaar nie en wanneer dit wel bekend word, hulle dan eerder van privaatverblyf gebruik sal maak. Hieruit volg dat min interaksie tussen die homo- en heteroseksuele studente plaasvind en laasgenoemde dus min geleentheid ontvang om hul vooropgestelde idees ten opsigte van die homo- en biseksuele

studente te bevraagteken. Individue binne samelewingskonteks het vooropgestelde idees van “die Ander” en individue kategoriseer mekaar outomaties. Die probleem van stereotipering is dus duidelik sigbaar en as navorser sal die grootste uitdaging daarin lê om nie in subjektiwiteit te verval nie.

1.5 Belangstelling van die navorser in die onderwerp

Aangesien die navorser nog altyd ’n belangstelling in sosiale kwessies gehad het, was die keuse van onderwerp vir hierdie mini-tesis redelik maklik. Met ’n plattelandse agtergrond, waar daar tot en met 1991 baie min interaksie tussen verskillende rassegroeperinge was, was sy in ’n bevoorregte posisie om van ’n baie vroeë stadium in haar lewe met mense vanuit verskillende agtergronde te skakel. Haar ouers het baie moeite gedoen om haar geleenthede te bied waar sy die verskille in die gemeenskappe kon ervaar en bekendstelling aan ander kulture kon ontvang.

Toe skole in Suid-Afrika in 1991 vir alle rassegroepe oopgestel is, is sy na ’n vooraanstaande Afrikaansmedium hoërskool in Kaapstad. Dit is hier waar sy vir die eerste keer met ander vorme van diversiteit te make gekry het, groeperings wat baie sterk klasverbonde was, individue vanuit verskillende sosio-ekonomiese klasse en afkomstig van verskillende rassegroepe. Daar was duidelike minderheidsgroepe in die skool, hoofsaaklik gegrond op ras. In hierdie minderheidsgroepe het ook subgroepe bestaan. Sy het dikwels parallelle getrek met die groepe wat oorvleuel, dié in die minderheidsgroep en dié in die dominante kultuur. Sy het gesien hoe mense in die minderheidsgroep later die dominante kultuur hul eie maak, en geglo dat dit as oorlewingsmeganisme gebruik is. Die groepe was maklik identifiseerbaar; die dominante groep met sy subgroepe, die minderheidsgroep met sy subgroepe, die minderheidsgroep en sy subgroepe wat deel word van die dominante groep en sy subgroepe, en diegene in die dominante en minderheidsgroepe wat nie by een van genoemde groepe skaar nie, maar bloot as individue hul eie gang gegaan het.

Later, as student aan die Universiteit van Stellenbosch, was die navorser baie betrokke by kampus- en veral diversiteitskwessies en het verskeie leierskapsposisies beklee. In 1997, toe sy vir die eerste keer deel van ’n studenteleiersprogram was, het sy besef dat daar ’n ander minderheidsgroep op kampus is, ’n groep wat binne die sosiale konteks emosioneel swaar kry. Sy het ook besef dat die res van die studentegemeenskap

doodluiters die samelewing ingestuur word sonder om hul vooropgestelde idees te bevraagteken. Hierdie minderheidsgroep, die homoseksuele studentesamelewing, was in ’n mate ietwat anders as ander minderheidsgroepe. Die problematiek van hierdie minderheidsgroep het ongesiens verbygegaan, want anders as ras is dit nie so ooglopend nie. Dit het die situasie vir lede van hierdie minderheidsgroep nog verder bemoeilik, omdat ’n groot deel van die gemeenskap die bestaan van hierdie minderheidsgroep vir ’n redelike tyd betwyfel het, juis omdat dit nie sigbaar was nie. Omdat lede van hierdie minderheidsgroep juis nie hul “lidmaatskap” wou openbaar nie, het hierdie groep ’n gebrek aan gesigte, stemme en stories gehad.

Anders as met haar eerste deelname aan die studenteleiersprogram, waar hulle sterk op rasseminderheidsgroepe gefokus het, was dit in 1999 baie duidelik dat haar medestudente besef het dat daar verskille in seksuele oriëntasie op die US-kampus bestaan wat erken moet word en aandag moet geniet.

Hierdie mini-tesis het die navorser se pad met baie interessante mense laat kruis; studente en personeel van die US wat nie geskroom het om hul opinies te lug nie, maar wat ook baie positief was en ’n ondersteuningstelsel vir ALLE studente ondersteun. Die vrywilligers het met hul stories lewe aan hierdie onderwerp gegee. Die navorser hoop om met hierdie studie insig in die algemene ervarings en persepsies van die homo- en biseksuele student binne die heteroseksuele studentegemeenskap te verleen.

1.6 Struktuur van die studie

Die hoofstukindeling van die studie is soos volg:

Hoofstuk 2:

In hierdie hoofstuk word ’n literatuuroorsig (vanaf 1974 tot nou) met betrekking tot die doel van die studie gedek. Die eerste deel van die literatuuroorsig dien as agtergrond tot die studie en bied moontlike verklarings waarom die heteroseksuele gemeenskap homofobiese gedrag toon. Die tweede en derde dele van die literatuuroorsig dek die tweeledige doel van die studie, naamlik die ervarings en persepsies van homo- en biseksuele studente met betrekking tot sosiale interaksie

binne die heteroseksuele studentegemeenskap, en die belangrikheid van geïnstitusionaliseerde ondersteuningsprogramme vir homo- en biseksuele studente.

Hoofstuk 3:

Hierdie hoofstuk dek die navorsingsparadigma/-benadering en beskryf die navorsingsontwerp en metodologie wat gebruik is. Daar word verduidelik waarom onderhoudvoering – en nie deelnemende waarneming nie – as kwalitatiewe navorsingsmetode gebruik is. Die onderhoudstruktuur wat gebruik is om die teorieë en temas wat in die literatuuroorsig opgeduik het, te ondersoek, word ook beskryf. Die proses voor en tydens die onderhoudvoering word beskryf, asook die probleme wat ondervind is en hoe daar gepoog is om dit te minimaliseer.

Hoofstuk 4:

In hierdie hoofstuk word ’n kort opsomming van die profiel van elke student wat vir die ondersoek gebruik is, gegee. Elke tema wat in hoofstuk 3 uiteengesit is, naamlik identiteit, geslagsrolideologie, kontakteorie, stereotipering en kwessies binne die homoseksuele studentegemeenskap en ondersteuningsnetwerke, word bespreek. Uiteindelik word ’n gevolgtrekking na aanleiding van die ontleding van die onderhoude geformuleer.

Pectora roborant cultus recti

Hoofstuk 5:

Die laaste hoofstuk word afgestaan aan aanbevelings vir tersiêre instansies in Suid-Afrika. Die belangrikheid van geïnstitusionaliseerde ondersteuningsnetwerke word bespreek, asook watter alternatiewe metodes gebruik kan word om homofobie op kampusse te verminder. Die aanbevelings word onderverdeel in aanbevelings vir koshuise en aanbevelings vir instansies. Daarna volg ’n algemene samevatting van die studie.

Hoofstuk 2

Literatuuroorsig

2.1 Inleiding

Die wyse waarop individue met mekaar op ‘n sosiale wyse omgaan, word bepaal deur ‘n aantal faktore wat ondermeer ras en geloof, insluit (Kurdek 1988, 728). Wat hierdie studie aanbetref, word daar spesifiek op die veranderlike van seksualiteit gefokus. Benewens seksualiteit, word die veranderlikes wat die openbaringsproses van homoseksuele studente beïnvloed ook ondersoek (sien ook verdere bespreking in Hoofstuk 4).

’n Belangrike tema van studies oor homoseksueles fokus op die ervarings van homo- en biseksuele studente en die wyse waarop studente se seksualiteit ’n invloed op hulle “studentwees” mag uitoefen. Binne hierdie subafdeling van homoseksualiteitstudies word gefokus op die verskeie faktore wat bygedra het tot die individu se seksuele oriëntasie, sowel as die samelewing se houding jeens homoseksualiteit en derdens, die faktore wat homofobiese houdings beinvloed.

Plasek & Allard (1984) spreek die kompleksiteit van die wisselwerking tussen samelewing en kultuur aan. Volgens hulle word die handhawing van ‘n ordelike burgerlike samelewing toenemend bevraagteken en word homoseksualiteit binne die samelewing as ‘n kulturele objek gesien wat “bestuur” moet word. Hulle bevindings dui daarop dat “die heteroseksuele gemeenskap”, wat die dominante kultuur is, vir die uitsterf van die nukluêre gesin vrees en dat homoseksualiteit beskou word as ‘n bedreiging vir die bestaan van die nukluêre familie. Instellings soos die kerk word as sedebewakers van die samelewing beskou en die wyse waarop die kerk op homoseksualiteit reageer, het noodwendig ‘n uitwerking op die aanvaarding van homoseksualiteit binne die samelewing. Hierdie aspek en die student se ervaring hiervan word breedvoerig tydens onderhoudsvoering (sien Hoofstuk 4), bespreek.

Die eerste deel (2.2) van die literatuuroorsig dien as agtergrond tot die studie en bied moontlike verklarings waarom die heteroseksuele gemeenskap homofobiese gedrag toon. Die tweede (2.3) en derde (2.4) deel van die literatuuroorsig is verdeel volgens

die tweeledige doel van hierdie studie, naamlik, die ervarings en persepsies van homo-en biseksuele studente m.b.t. sosiale interaksie binne die heteroseksuele studentegemeenskap en die belangrikheid van geïnstitusionaliseerde ondersteuningsprogramme vir homo-en biseksuele studente.

2.2. Moontlike verklarings vir homofobie

Hierdie deel van die literatuuroorsig ondersoek die moontlike verklarings waarom heteroseksuele studente en die breër samelewing homofobiese gedrag toon.

2.2.1. Definisie van homofobie

Alvorens 'n bespreking van homofobie in die samelewing kan plaasvind, moet die term 'homofobie' gedefinieer word. Volgens Lance (1992: 291) is homofobie die "*emotional feelings of anxiety, fear, hatred, disgust and discomfort about homosexuality and homosexuals*". Dit is dus die negatiewe houding wat heteroseksuele mense teenoor homo- en biseksueles openbaar.

Daar is egter 'n paar navorsers wat hiermee verskil. Hudson en Ricketts (1980) het probeer om 'n akkurate strategie vir die meting van homofobie te ontwikkel. Volgens hulle dui die meeste studies tussen 1971 en 1978 op houdings jeens homoseksualiteit en nie op houdings jeens homoseksuele persone nie. In daardie geval het homofobie betrekking op homoseksualiteit as sulks, wat beteken dat subjekte as 'n groep beoordeel word en nie as individue, met die klem op homoseksuele MENSE, nie. Hudson en Ricketts stel voor dat daar in die toekoms na 'homonegatiwisme', eerder as 'homofobie', verwys word.

Logan (1996) voer aan dat die begrip 'homofobie' problematies is in dié opsig dat dit nie as 'n fobie geklassifiseer kan word nie, maar dat negatiewe houdings jeens en verwerping van homoseksueles grotendeels op vooropgestelde idees gebaseer word. Omdat die houding teenoor homoseksualiteit op vooroordeel eerder as vrees gebaseer word, stel sy voor dat die term 'homovooroordeel' eerder as 'homofobie' gebruik word.

Vir die doel van hierdie studie word die beskrywing van homofobie as "negatiewe houding jeens homoseksualiteit" (Lance 1992: 291) aanvaar.

2.2.2 Geslagsrolideologie

Die tweede gedeelte van hierdie subafdeling handel oor die "geslagsrolideologie" en moontlike verdere verklarings waarom heteroseksuele studente en die breër samelewing homofobiese gedrag toon.

Volgens Macdonald en Games (1974) het navorsers tot en met 1970 verbete na genetiese redes vir homoseksualiteit gesoek. 'n Skuif binne die sielkunde-navorsing het egter plaasgevind: probleme binne meederheidsgroepe was nie meer die uitsluitlike fokus nie, en daar is toenemend op minderheidsgroepe en afwykende gedrag binne die minderheidsgroepe gefokus. Dit, op sigself, het daartoe gelei dat beter uitsluitsel gegee kon word oor die probleme wat minderheidsgroepe soos die homoseksuele gemeenskap kan ervaar (Macdonald, Huggins, Young & Swanson, 1972).

Met hierdie benadering as vertrekpunt is daar gefokus op die redes waarom meerderheidsgroepe, in hierdie geval die heteroseksueles, homofobiese gedrag teenoor die minderheidsgroep, homoseksueles, openbaar.

Smith (1971) het 'n 24-item vraelys ontwerp om houdings jeens homoseksualiteit te toets. Sy gevolgtrekking was dat mense wat die meeste negatiewe houding jeens homoseksualiteit getoon het, drie eienskappe gemeen het, naamlik dat hulle:

- manlike gesag voorstaan,
- statusbewus is, en
- seksueel rigied is.

Macdonald en Games (1974) verwys na twee kompeterende verklarings vir hierdie negatiewe gedrag: eerstens "konserwatiewe geslagsmoraliteit", en tweedens 'n behoefte om die dubbelstandaard tussen die geslagte te handhaaf. Dit wil sê homoseksueles word soms veroordeel bloot omdat hul gedrag tot geslagsrol-onduidelikheid kan lei (ook verwys na as die "*sex role confusion theory*"). Die geslagsrol-onduidelikheidsargument word gesteun deur die bevinding van Macdonald

et al. (1972) wat aansluit by Smith (1971) se gevolgtrekking dat diegene wat negatief teenoor homoseksueles is ook manlike gesag voorstaan.

Die vraag wat hier opduik, is of daar ‘n moontlike verband tussen die polarisering van geslagsrolle en homofobie bestaan? Lieblich en Friedmann (1985) sluit hier aan met hul navorsing wat beweer dat daar inderdaad ’n noue verband tussen die polarisering van geslagsrolle en homofobie bestaan. Tydens ’n studie gedoen met Israeliese en Amerikaanse studente aan die Hebreeuse Universiteit van Jerusalem is studente uit ’n kruis-kulturele gemeenskap gebruik om hul persepsies omtrent geslagsrolle te ondersoek. Die bevinding was dat Israeliese studente meer konserwatief in hul definisie van geslagsrolle as Amerikaners is, en ook meer homofobies. Verder was manstudente meer homofobies as damestudente.

Die studie fokus ook op die verskille tussen die Amerikaanse en Israeliese kultuur ten opsigte van die definiëring van geslagsrolle. Lieblich en Friedman (1985) verwys na die psigoanaliste se gevolgtrekking dat die bedreiging wat homoseksualiteit vir mense inhou grotendeels met die moeder-kind-simbiose te doen het. Hieruit volg dat, omdat die moeder die primêre opvoedings- en identifiseringsrol in die kind se lewe speel, dit soms vir mans moeilik kan wees om hul identiteit te vorm, wat daartoe kan lei dat hulle meer rigied in hul definisie van hul geslagsrolle is. Met ander woorde, hoe sterker die grense van geslagsrolle binne die samelewing, hoe groter die vrees vir homoseksualiteit, omdat homoseksualiteit die definitiewe grense van geslagsrolle sou vervaag en mense meer onseker van hul eie rol maak.

Nog ’n gevolgtrekking van die studie was dat albei kulture meer te vinde vir lesbinisme as manlike homoseksualiteit was. Dit kan toegeskryf word aan die feit dat manlike homoseksualiteit juis as gevolg van die manlike gesagsrol as ’n groter bedreiging vir die tradisionele geslagsrol binne die samelewing geag word. Die argument voer dus aan dat homofobie uit die vrees vir die vervaging van geslagsrolle binne die samelewing spruit.

Kurdek (1988) het die negatiewe houding van heteroseksuele studente aan die Wright State University in die VSA getoets. Kurdek verwys na bestaande hipoteses oor homoseksualiteit, naamlik :

- dat mans meer negatief teenoor homoseksualiteit is as vroue,
- dat ouderdom, opvoedkundige agtergrond en persoonlike ervaring met homoseksueles ook ’n rol speel in die wyse waarop heteroseksueles op homoseksualiteit reageer, en
- dat homofobie positief met geloofswaardes, konserwatiewe denke ten opsigte van seksualiteit, tradisionele houdings ten opsigte van geslagsrolle, intimiteit tussen dieselfde geslag en outoritarisme verbind word (Kurdek, 1988: 728).

Kurdek se studie steun dus Smith (1971) se bevindinge. Kurdek voer aan dat homofobie grootliks op geslagsroldefiniëring binne spesifieke samelewings gebaseer is. Volgens hom reflekteer studente se standpunte grotendeels diė van die samelewing. Die meer liberale houding van sekere studente kon moontlik, volgens Kurdek, ’n kontinuum van twee velde insluit, naamlik ’n begrip van die algemene sosiale norm asook begrip en inagneming van individuele behoeftes en regte. Die verskil in houding teenoor homoseksualiteit tussen mans en vroue kan ook toegeskryf word aan tradisionele geslagsrolle, spesifiek met verwysing na algemene persepsies van wat “reg en verkeerd” is. Nog ’n veranderlike sluit in houdings wat op beginsels van morele argumentering gegrond is, met verwysing na die vrees vir die uitsterf van die kerngesin en die rol van die kerk, soos ook deur Plasek en Allard (1984) aangevoer word.

Om op te som: ’n individu se houding teenoor homoseksualiteit kan deur sy/haar kulturele konstruksie van geslag beïnvloed word. Hoe elke individu diė kulturele konstruksie ervaar, sal bepaal wat sy/haar houding jeens homoseksualiteit sal wees.

Tot dusver is die meeste studies by universiteite in die VSA gedoen. In sy navorsing oor homofobie in ’n noordoos-Brasiliaanse universiteitsgemeenskap het Proulx (1997) op die interaksie tussen homofobie en veranderlikes soos geslag, familie en kontak met homoseksueles gefokus. Die bevindinge van hierdie studie met betrekking tot geslag en homofobie staan lynreg teenoor bevindinge tot op hede. Die studie het gevind dat vroue meer homofobies was as mans. Homofobie onder vroue was meer gedefinieerd teenoor homoseksuele vroue as teenoor homoseksuele mans. Hierteenoor was homofobie by mans gelyk ten opsigte van manlike en vroulike homoseksualiteit.

Volgens Proulx (1997: 48) is baie min kwantitatiewe navorsing oor homofobie buite hoofstede van ontwikkelde lande gedoen. Hy het besluit om sy studie in noordoos-Brasilië te doen om te bepaal of daar enige ooreenkomste tussen bevindings by Amerikaanse en Brasiliaanse universiteite is. Sy bevindings sluit in:

1) dat homofobie wel in Brasilië bestaan (wat veronderstel is om ’n verdraagsame land te wees), en
2) dat geslag ’n groot invloed op houding jeens homoseksualiteit het.

Die rede wat aangevoer word vir die feit dat vroue in hierdie geval meer homofobies as mans is, is dat, vroue in dié area van Brasilië meer tradisionele ondergeskikte rolle binne die samelewing handhaaf, selfs meer as in ander lande. Hul primêre rol is vroue-van-mans, dit wil sê ondergeskikte van die man. Lesbinisme beïnvloed dus die “tradisionele skema” negatief. Dié gevolgtrekking word deur Laner en Laner (1980) ondersteun, wat aanvoer dat homofobie deur seksuele oriëntasie en geslagsrolafwyking beïnvloed word.

Die vraag kan nou gevra word of dieselfde bevindings ook by ander minder ontwikkelde dele in ander lande, waar vroue moontlik dieselfde ondergeskikte lewenspatroon deel, verkry sou word?

Whitley en Egisdóttir (2000) het ook die geslagsrolideologie as basis vir hul studie by Ball State University in die VSA gebruik. Data is versamel deur 122 manlike en 131 vroulike studente, meesal wit en vanuit ’n middelklas-agtergrond, te gebruik. Herek (1988) se ATLGM-skaal (*Attitudes Toward Lesbians and Gay Men*) is onder andere gebruik. Hul bevinding was dat houdings jeens geslag, beïnvloed deur sosiale dominansie (dít wat deur die samelewing as die norm aanvaar word), tot gevolg het dat geslagsrolideologieë dikwels as regverdiging van homofobiese houding dien. Verder het manlike outoritarisme ’n direkte verband met houdings jeens homoseksueles. Whitley en Egisdottir is van mening dat die drie teoretiese perspektiewe (outoritarisme, sosiale dominansie en geslagsrolideologie) nie in isolasie gesien behoort te word nie, maar dat al drie perspektiewe indirek met mekaar verband hou en homofobiese houdings beïnvloed.

Om die geslagsrolideologie dus op te som, is dit duidelik dat studente se houding jeens homoseksualiteit beïnvloed word deur die algemene houding van die samelewing waarin hulle hulle bevind. Die rolle wat vir albei geslagte aanvaar word, beïnvloed die houding jeens homoseksualiteit, en diegene wat tradisionele geslagsroldefiniëring voorstaan, is meer geneig om homofobies te wees. Hieruit volg ook dat mans meer homofobies as vroue is en veral meer jeens homoseksuele mans as lesbiese vroue.

2.2.3 Faktore wat stereotipes beïnvloed

In hierdie deel van die literatuuroorsig word daar gekyk na faktore wat stereotipering ten opsigte van homoseksualiteit beïnvloed. Dit sluit dus direk aan by faktore wat gepaard sou kon gaan met homofobie.

Sosiale instellings soos die kerk het 'n invloed op publieke etikettering. Karaktereienskappe wat met "manlik" en "vroulik" geassosieer word, dra ook by tot stereotipering. Hierby het die invloed van die media ook 'n aandeel in publieke etikettering. In hierdie afdeling word ondersoek tot watter mate die homo- en biseksuele student aan dié gevestigde stereotipe voldoen.

Die volgende faktore wat stereotipes van homoseksueles beïnvloed, word ondersoek:

1. die invloed van sosiale instellings soos die kerk,
2. die invloed van karaktereienskappe/geslagstereotipes en die teenwoordigheid daarvan by homoseksuele mans en vroue, en
3. die invloed van die media.

2.2.3.1 Die invloed van sosiale instellings soos die kerk

Soos reeds met die inleiding vermeld, verwys Plasek en Allard (1984) na die invloed wat instellings soos die kerk op die algemene aanvaarding van homoseksualiteit in die samelewing het. Ook Kuriloff en Lottes (1992) se studie dui op die sterk invloed van veranderlikes soos politieke en geloofsoortuigings op die steoreotipering van homoseksueles. Geloofsoortuigings stuur mense in 'n meer konserwatiewe benadering ten opsigte van seks en enigiets wat met die seksdaad geassosieer word. Ficarrotto (1990: 112) sluit hierby aan deur te onderskei tussen twee verskillende benaderings

tot homoseksualiteit, naamlik 1) die seksueel konserwatiewe benadering, en 2) die algemene teorie van intergroep-vooroordele.

In die konserwatiewe benadering tot seks verwys Ficarrotto na Churchill (1967) se aanvanklike benadering van seksuele konserwatisme. Dit voer aan dat negatiewe houdings teenoor homoseksualiteit hoofsaaklik uit ’n algemene negatiewe houding teenoor seks spruit, dat die geloofoortuiging van ’n persoon ’n sterk invloed het, en dat die menslike drang na seks as ’n bedreiging vir sosiale organisasie beskou word.

Die ander benadering verwys na intergroep-vooroordele ten opsigte van homofobie en hoe publieke etikettering ’n invloed op persoonlike standpunte het. Hierdie navorsing verwys ook na die parallelle tussen die sosiale vooroordele ten opsigte van groepe met min invloed (*low-powered groups*), wat vroue en swartmense insluit (Ficarrotto 1990: 112). Die studie het ’n belangrike verband ten opsigte van groepe met min invloed aangedui: dat rassisme die onderliggende faktor is om die verband tussen niefeministiese houdings en homofobiese sentiment te verduidelik. Ficarrotto beveel aan dat meer studies gedoen word om die invloed van ras op homofobie en die verband tussen homoseksualiteit en ander minderheidsgroepe binne die samelewing te toets.

Pectora roborant cultus recti

2.2.3.2 Die invloed van karaktereienskappe/geslagstereotipes

In afdeling 2.2.2 is na die samelewing se idee van tradisionele geslagsrolle verwys. Macdonald en Games (1974) voer aan dat die toename van meer manlike homoseksuele mans sal help met die bevordering van die negatiewe beeld wat homoseksuele mans tot en met 1974 in die samelewing ervaar het. (In hoofstuk 4 word hierdie punt tydens die onderhoudvoering ondersteun, veral in onderhoude met Henk en Wynand).

Hieruit word afgelei dat die wyse waarop die individu hom/haar binne die samelewingsopset voorstel, met betrekking tot die gebruik van manlike en vroulike gebare, sal bydra tot watter mate hy/sy waarskynlik as homoseksueel beskou sal word. So, byvoorbeeld, word feministe as meer “vatbaar” vir lesbinisme beskou as “vroulike” vroue.

Macdonald *et al.* (1972) voer aan dat geslagsrolideologie een van die redes vir homofobie is, en spesifiek hoe die individu hom binne die samelewing manifesteer, met ander woorde die mate van manlikheid en vroulikheid wat te bespeur is. Storms (1978) voer egter aan dat homofobie op geslagsobjek-voorkeur (*sex-object choice*), oftewel seksuele oriëntasie, eerder as op persoonlike styl of mannerismes gegrond is. Laner en Laner (1980) poog om ’n middeweg tussen hierdie twee benaderings te vind.

Wat belangrik vir hierdie gedeelte van die literatuuroorsig is, is Laner en Laner (1980) se verwysing na publieke etikettering van homoseksualiteit. Volgens Laner en Laner (1980: 340) word homofobie dikwels geskoei op die stereotipering dat homoseksueles sielkundig versteurd is. Publieke etikettering beskryf homoseksualiteit dikwels as “gevaarlik vir die jeug”, “obseen” en “vulgêr”.

In ’n studie van 795 heteroseksuele studente by ’n universiteit in Texas, VSA, het Millham, San Miguel en Kellogg (1976) bevind dat vooroordele teen homoseksueles van dieselfde geslag dikwels op vrees gegrond is, d.w.s. dat “homoseksueles gevaarlik is vanweë hul sielkundige versteurdheid en dat hulle die jeug negatief sou beïnvloed”. Laner en Laner (1980) het met dieselfde vraelys as Storm (1978) 511 voorgraadse studente by ’n suidwestelike universiteit in die VSA ondersoek. ’n Skaal is gebruik om individue volgens manlikheid en vroulikheid te orden. Individue is op ses maniere georden, afhangende van hul manlikheid (hipo, hiper) en vroulikheid (hipo, hiper) en normaal vir beide geslagte. Hul studie steun Storm (1978) se bevinding dat homoseksuele mans en vroue negatief beoordeel word as gevolg van hul seksuele oriëntasie, maar steun ook gedeeltelik Macdonald *et al.* (1974) se argument dat diè negatiewe houding op die teenwoordigheid van “tipiese” manlike en vroulike houdings gegrond is (Laner & Laner, 1980: 351).

Hierdie studie toon dus dat geweldige druk op homo- en biseksueles geplaas word om hulle in ’n kategorie – óf manlik óf vroulik – te orden ten einde sosiaal aanvaar te word. Kerns en Fine (1994) is van mening dat geslagsrolhouding juis as fasiliteerder van homofobie optree. Hulle voer aan dat diegene wat positief teenoor geslagstereotipes is, juis diegene is wat geneig is om tradisionele geslagsrolle te ondersteun, en ook geneig is om meer homofobies te wees.

Page en Yee (1985) se studie by die Universiteit van Windsor het die persepsies en stereotipes van homoseksualiteit getoets deur middel van ’n getal byvoeglike naamwoorde wat op ’n kontinuum van “normaal” na “minder nomaal” geplaas is. Die algemene bevinding was dat manlike homoseksualiteit minder normaal as vroulike homoseksualiteit beskou word. Dit sluit aan by bogenoemde bevinding dat manlike homoseksualiteit as ’n groter invloed op die samelewing se morele verval as vroulike homoseksualiteit beskou word. [2]

’n Studie deur Finlay en Scheltema (1991) oor geslagstereotipes sluit hierby aan. Finlay en Scheltema het 58 homoseksuele mans en vroue gebruik om die teenwoordigeheid van vroulike en manlike eienskappe by homoseksueles te toets. Die algemene bevinding was dat homoseksuele mans minder manlik as heteroseksuele mans was en lesbiërs meer manlik as heteroseksuele vroue voorgekom het. Die “vroulikheidstelling” was egter dieselfde vir albei geslagte. Die hoë “manlikheidstelling” by lesbiërs is toegeskryf aan mededingendheid, terwyl die hoë manlikheidstelling by heteroseksuele mans as ’n teken van baie selfvertroue beskou is. Finlay en Scheltema verwys ook na Ponse (1980) se drie jaar lange kwalitatiewe studie, wat daarop dui dat vroue sterk eienskappe van vroulikheid soos warmte, sensitiwiteit en beskermendheid toon en dikwels aangetrokke voel tot vroue wat ook dié eienskappe openbaar. Vroue kan daarom baie manlikheidseienskappe en vroulikheidseienskappe toon, maar verskil slegs in terme van die intensiteit van die teenwoordigheid van die manlikheidseienskappe (Finlay & Scheltema 1991: 72). Dit is egter minder beduidend van mans se manlikheids- en vroulikheidseienskappe. Daar word egter gemaan teen die geloofwaardigheid van die skaal wat gebruik is om geslagsstereotipes te toets en dat dit meer skade vir die homoseksuele gemeenskap kan berokken. Finlay en Scheltema beveel aan dat toekomstige studie eerder op individuele eienskappe soos selfsinsig en onafhanklikheid fokus. Volgens hulle kleef daar selfs sekere stigmas aan die terme ‘manlikheid’ en ‘vroulikheid’ en kan dit reeds vooropgestelde konnotasies bevat.

[2] Dit sluit ook aan by die geslagsrolideologie, naamlik, dat mans meer negatief teenoor homoseksuele mans optree as vroue.

Wat duidelik in hierdie afdeling na vore kom is hoe maklik mense deur die teenwoordigheid van spesifieke manlike en vroulike eienskappe by homo- en biseksueles beïnvloed kan word. Dit is dus belangrik dat die samelewing meer bewus moet word van die oorvleueling van sekere eienskappe en die vervaging van tradisionele kategorieë. Die term 'metroman' word byvoorbeeld sedert die nuwe millenium al hoe meer aanvaarbaar.

Agt jaar na hul vorige studie wat ook fokus op die "tipiese" eienskappe wat die samelewing as "manlik" en "vroulik" definieer, onderneem Finlay en Scheltema (1999) nog 'n studie, dié keer om te bewys dat manlikheidseienskappe 'n verband met met feministiese houdings toon. Hierdie keer handel hul studie oor die invloed wat tradisionele beskrywings van manlikheid op die interpretasie van die persoon se seksualiteit het. Die gevolgtrekking kon gemaak word dat tradisionele opvattings van lesbiërs wat hoër tellings van manlike eienskappe het as "vroulike vroue", ook op ander faktore kan dui en nie noodwendig die feit dat hulle lesbies is nie. Byvoorbeeld, hierdie studie toon dat onafhanklikheid en vroue se houding teenoor feminisme 'n invloed op hul aanvaarding deur die heteroseksuele gemeenskap het. Hierdie twee faktore kan dan ook as bron vir die hoë M-telling (manlikheidstelling) dien. Met ander woorde, sodra 'n vrou sterk onafhanklikheidseienskappe toon en haar regte beklemtoon, word dit as 'n telling op die manlikheidsskaal aangedui.

Verder maan Finlay en Scheltema (1999: 146) teen die gebruik van "tipiese" eienskappe en die klassifisering daarvan as óf manlik óf vroulik (veral in die 1990's), juis omdat eienskappe tog "intergeslagtelik" behoort te wees. Eienskappe soos onafhanklikheid en selfvertroue behoort as pluspunte vir albei geslagte te dien. Hulle stel voor dat sodanige eienskappe as "neutrale eienskappe" geklassifiseer word wat nie noodwendig die indruk skep dat dit negatief of positief vir 'n sekere geslag kan wees nie. Hulle is ook van mening dat dit sonder dié nuwe neutrale benadering onmoontlik sou wees om NIE ten opsigte van persoonlikheidstrekke te stereotipeer nie, juis omdat dit in sielkundige analises ingebed is.

Finlay en Scheltema (1991; 1999) se studies word gesteun deur dié van Wong, McCreary, Carpenter, Engle en Korchynsky (1999). Laasgenoemde dui aan dat die teenwoordigheid van die M-telling as bepalende faktor dien wanneer 'n persoon se

seksuele oriëntasie bevraagteken word. In Wong *et al.* se studie word drie faktore ondersoek ten einde ’n verband tussen 1) geslagsstereotipes, 2) konformiteit tot geslagsstereotipes, en 3) persepsies van homoseksualiteit te tref. Studente is gebruik om hul persepsies van die beskrywings van ’n aantal volwassenes te toets. ’n Paar tipiese geslagseienskappe is aan hulle voorgehou. Hulle moes dan na aanleiding van die beskrywing voorstel watter van diegene waarskynlik homoseksueel kan wees. Daar is bevind dat die wyse waarop die persoon voldoen aan of afwyk van manlike eienskappe as bepalende faktor dien wanneer die respondent gevra is of die persoon ter sprake moontlik homoseksueel kan wees (Wong *et al.* 1999: 28). Mans is makliker as homoseksueel geklassifiseer wanneer hulle van die normale manlike karaktertrekke afgewyk het. Mans was ook geneig om iemand as homoseksueel te klassifiseer, terwyl vroue dalk die moontlikheid van diversiteit in ag sou neem. Wong *et al.* (1999: 29) verwys na McCreary (1994) se standpunt dat mans outomaties as “manlik” beskou sal word wanneer hulle optree volgens die wyse wat die samelewing as “manlik” ag, terwyl mans wat van dié beeld afwyk onmiddellik as homoseksueel beskou sal word. McCreary (1994) is ook van mening dat mans vir die rigiede beeld van tradisionele geslagsrolle binne die samelewing verantwoordelik is en dat dit ’n groot invloed het op die rede waarom juis mans so sterk veroordeel word wanneer hul seksuele voorkeure ter sprake kom. Mans toon duidelik meer homofobies te wees as vroue (Kite & LaMar, 1998; Kite & Whitley, 1996).

Bogenoemde studies toon almal dat die hoeveelheid manlike en vroulike eienskappe wat onderskeidelik by die homoseksuele man en vrou teenwoordig is, daartoe sou kon bydra dat hulle meer aanvaarbaar vir die heteroseksuele samelewing sou wees. Dit is ook opvallend dat die algemene bevindings in hierdie kategorie van die literatuuroorsig, ook indirek die geslagsrolideologie ondersteun, naamlik, dat mans geneig daartoe is om meer homofobies as vroue te wees.

2.2.3.3 Die invloed van die media

Wanneer daar gekyk word na eksterne invloede wat moontlik tot homofobie kan bydra, moet die rol van die media ook nie onderskat word nie. Riggle, Ellis en Crawford (1996) se studie poog om te illustreer hoe die media die houding van die heteroseksuele gemeenskap kan beïnvloed. Studente is ’n dokumentêre film gewys wat die lewe en dood van ’n prominente homoseksuele politikus uitbeeld. Die ATH-

skaal (*Attitudes toward Homosexuals*) is voor, tydens, of na die vertoning aan die respondente gegee om te voltooi. Die vraelys het oop vrae bevat, wat beteken dat respondente hul eie mening van hul vooropgestelde idees en die film kon weergee. Sewe en sestig persent (67%) van die respondente het positief teenoor die film gereageer. Twee kategorieë kon onderskei word, naamlik diegene met sterk vooropgestelde idees en diegene met swakker vooropgestelde idees.

Die afleiding is gemaak dat mense met minder vooropgestelde idees dikwels die fokus op ander se negatiewe houdings jeens homoseksualiteit plaas, dit wil sê dat hulle kulturele stereotipering gebruik om hul eie stereotipering te regverdig sonder om hulself by die stereotiperingsproses in te sluit. Hulle is dus in een of ander ontkenningsfase van hul homofobie. Hierteenoor was die ander groep meer direk oor hul negatiewe houding. In hierdie geval het die media oor die kort termyn wel 'n invloed op die respondente se houding jeens sekere kwessies. Die studie het respondente toegelaat om hul eie opinies te regverdig, of om introspeksie te doen, juis omdat hulle nie in 'n argument betrokke was en kon voel dat hulle hulle moes verdedig nie. Hulle moes eerder hul eie houding probeer evalueer.

Louderback en Whitley (1997) sluit hierby aan. In hul studie word die invloed van die media as voeder van stereotipes as 'n verklaring vir die geslagsrolideologie aangebied. Hulle voer aan dat die media dikwels pornografiese beeldmateriaal bekend stel waar lesbinisme vertoon word. Dié beeldmateriaal word meesal deur mans besigtig en mans ervaar lebinisme meer positief as manlike homoseksualiteit vanweë die erotiek daaraan verbonde. As gevolg hiervan is dit ook moontlik dat homoseksualiteit slegs op die seksuele sy van die homoseksuele leefwyse fokus en nie op die ander fasette van die verhouding nie.

Die vraag wat by hierdie afdeling opduik, is tot watter mate die homoseksuele gemeenskap tot die vestiging van stereotipes bydra?

Alhoewel homoseksuele mans en vroue meer eienskappe van die teenoorgestelde geslag kan toon, bestaan die teendeel ook. 'n Verdere vraag is tot watter mate die samelewing kategorieë moet gebruik om geslagte te beskryf? Dat die media 'n rol in die vestiging van stereotipes speel, is nie te betwyfel nie. Die homoseksuele

gemeenskap het egter ook ’n rol om te vervul, naamlik om diegene wat nie aan die stereotipes voldoen nie te openbaar. Die bekendstelling van individue wat nie aan stereotipes voldoen nie sal bydra tot die vermindering van vooropgestelde idees in die heteroseksuele gemeenskap (hierdie punt word ook in hoofstuk 4 tydens die onderhoude bespreek).

2.2.4 Kontakteorie

Tot dusver het die literatuuroorsig verwys na bestaande ideologieë, stereotipes wat met geslagte geassosiëer word en die invloed van die media. Die laaste afdeling van die bespreking oor die moontlike verklarings vir homofobie, fokus op die belangrikheid van interaksie tussen die homo- en die heteroseksuele gemeenskap ten einde vooropgestelde opvattings en homofobie te verminder.

Herek (1988) verwys na vyf bestaande standpunte ter verklaring van homofobie: 1) tradisionele geslagsrolle, 2) outoritarisme en verwante persoonlike karaktertrekke, 3) negatiewe houding van tydgenote, 4) waarskynlikheid van min kontak met homoseksueles, en 5) onderworpenheid aan konserwatiewe religieuse ideologieë. Hy noem dat die meeste studies daarop dui dat mans meer homofobies as vroue is (wat die geslagsrolideologie steun), maar dat betreklik min studies fokus op die redes waarom mans in die algemeen meer homofobies as vroue is. Daarom ondersoek hy drie vrae: 1) die intensiteit van die heteroseksuele se houding jeens die homoseksuele, 2) wat die invloed van enige ander sosiale sielkundige veranderlikes op die heteroseksuele houding kan wees, en 3) of díe veranderlikes ’n beduidende verskil in invloed toon ten opsigte van die houding jeens homoseksuele mans en vroue.

Sy studie toon dat daar ’n beduidende verband tussen positiewe interaksie met homoseksuele persone en heteroseksuele persone se houding jeens homoseksualiteit is, dat positiewe interaksie met homoseksueles bydra tot die vermindering van homofobie (Herek, 1988: 470). Dit word verwys na as die “kontakteorie”. Diè verband was nie so beduidend by vroue jeens lesbinisme nie. Alhoewel verskeie faktore tot die intensiteit van ’n persoon se houding jeens homoseksualiteit bydra, kan dié invloede verskil wanneer die persone ’n meer liberale individuele standpunt inneem. Wanneer eksterne invloede deur die individu se persoonlike standpunte oorskadu word, is dit waarskynlik dat hul meer “oop” sal wees vir die homoseksuele

gemeenskap. Die belangrikheid van interaksie met homoseksueles om stereotipes te verminder en om die individu in sy persoonlike standpunt teenoor sosiale kwessies te steun, spreek van self.

Herek steun ook sterk op sy vorige bevindings van die psigososiale invloed op die individu se houding jeens homoseksualiteit. Hier verwys hy byvoorbeeld na "waarde-ekspressie" en "sosiale- ekspressie" (1998: 471). Eersgenoemde verwys na houdings wat beïnvloed word deur die persoon se behoefte om die Self te kan uitleef te midde van waardes wat 'n integrale deel van persoonlike identiteit uitmaak. Dit is belangrik om hier nie uit die oog te verloor dat waardes sterk beïnvloed word deur familie, vriende en gevestigde tradisionele geslagsrolle nie. Hierteenoor verwys "sosiale-ekspressie" na die behoefte om deur die samelewing aanvaar te word as een van "hulle". Ter opsomming van sy studie, dui dit daarop dat persoonlike standpunte jeens homoseksualiteit beduidend meer ten gunste toon namate die persoon meer positiewe interaksie met homoseksueles gehad het.

Hierby sluit Lance (1992) aan. Die doel van sy studie was om die verskil in houding van heteroseksueles met interaksie met homoseksueles teenoor dié sonder enige interaksie te ondersoek. Die vraag was of beter interaksie met homoseksueles tot die vemindering van stereotipering sou lei. Die studie het sekondêr gefokus op die tipe verskille in houding as gevolg van interaksie met homoseksueles. Lance se navorsing het twee uitgangspunte oor die verband tussen interaksie met homoseksueles en homofobie ter agtergrond gehad: Serdahely en Ziemba (1984: 111) voer aan dat interaksie homofobie verhoog; daarteenoor het Herek (1988) bevind dat interaksie homofobie verminder.

Vir dié studie is data ingevorder van 228 universiteitstudente in die Suidooste van die VSA wat tussen 1984 en 1989 vir klasse oor menslike seksualiteit geregistreer was. Die Hudson-en-Ricketts-skaal (Hudson & Ricketts, 1980) wat gewoonlik vir die toets van houdings jeens homoseksueles deur interaksie met homoseksueles *(Attitudes of homosexual persons toward homosexual persons by interaction with gay persons*) gebruik word, is ook vir hierdie studie gebruik. Een groep het die 25-item-vraelys voltooi drie uur voor hul interaksie met vier homoseksuele mans en vroue van 'n homoseksuele organisasie, en die ander groep drie ure na hul interaksie met die

homoseksueles. Lance se bevinding het dié van Herek (1988) ondersteun, naamlik dat interaksie met homoseksueles ongemak verminder en tot ’n verlaging in homofobie lei. Dit lei ook tot ’n vermindering in stereotipering, veral ten opsigte van heteroseksueles se persepsie van die homoseksuele lewenstyl.

Hieruit volg die afleiding dat die kontakteorie ook dieselfde uitwerking tot gevolg sou hê indien interaksie met die heteroseksuele gemeenskap sou plaasvind en dat dit noodwendig tot die vermindering van die vrees vir die openbaringsproses sou lei. Die vraag wat egter na vore kom, is of hierdie aanvanklike afname in homofobie as gevolg van interaksie met homoseksueles blywend van aard is.

In sy vorige studies (1987; 1992) probeer Lance om ’n verwantskap tussen interaksie en verlaging van homofobie te illustreer. Die doel van sy 1994-studie is om te bepaal of die aanvanklike afname in homofobie as gevolg van positiewe interaksie met homoseksueles langdurig is.

Alhoewel sekere navorsers van mening is dat kontak met die Ander genoeg is om stereotipes te verminder, is ander van mening dat die tipe interaksie slegs geslaagd sal wees wanneer minderheidsgroepe nie in laer statuskategorieë val of deur die interaksie-omgewing bedreig word nie (Allport, 1954).

Lance (1987) het reeds in sy eerste studie bevind dat sy navorsing die sosiale kontakteorie steun asook die geloofwaardigheid daarvan met verloop van tyd bevestig. Dit dui egter aan dat die ideale kontakatmosfeer een is tussen gelykes van gelyke status met ’n gemeenskaplike doel. Gevolglik word stereotipes in die algemeen deur kontak tussen gelykes verminder (Lance, 1994: 432). Lance stel voor dat studies rakende die sosiale kontakteorie wel weer met verloop van tyd gedoen word ten einde die haalbaarheid van die bevindinge te ondersteun. In hierdie studie word die haalbaarheid van die kontakteorie ook tydens onderhoude met vrywilligers getoets (sien hoofstuk 4).

2.3 Implikasies van homofobie

Hierdie deel van die literatuuroorsig fokus op die ervarings van homo- en biseksueles binne ’n heteroseksuele gemeenskap, die aspekte wat bydra tot emosionele probleme wat met hul seksuele oriëntasie verband hou, die invloed van homofobiese houdings op hul sosiale lewe, watter strategieë hulle gebruik om by die heteroseksuele gemeenskap in te skakel, en die openbaringsproses.

2.3.1 Emosionele probleme en strategieë vir die hantering van etikettering

Omdat homo- en biseksualiteit ’n subkultuur binne die samelewing is, en as gevolg van homofobie, is baie min lede van dié subkultuur bereid om hul seksuele oriëntasie bekend te maak en ook om hul ervaringe van homofobie te openbaar. Daar bestaan egter ’n duidelike verband tussen die emosionele welstand van homoseksueles en die mate waartoe hulle in die samelewing aanvaar word. Hierdie gedeelte van die literatuuroorsig toon hoe studies by universiteite daarop dui dat die emosionele welstand van homo- en biseksuele studente ’n geweldige invloed op hul akademie en sosiale lewe het. Die kwessies wat hieronder genoem word, kom ook tydens onderhoudvoering in hierdie studie na vore (sien hoofstuk 4).

Die meeste navorsing tot op hede fokus hoofsaaklik op redes waarom heteroseksueles homofobiese houdings jeens homoseksueles openbaar. Woodman (1989) se studie is interessant deurdat sy op die emosionele probleme fokus wat op homoseksuele persone van toepassing is. Sy het veral van homoseksuele leiers gebruik gemaak, omdat hulle geneig is om meer verbaal te wees as homoseksueles wat nog nie hul homoseksuele status openbaar het nie.

Woodman (1989: 54) se studie fokus op vyf temas:

1) verlies,
2) verwagte verlies,
3) kommer oor persoonlike identiteit,
4) kommer oor groepsidentiteit, en
5) verhoudingsprobleme.

Verlies (1) verwys na “*loss of the idealised self*” (Woodman, 1989: 54), met ander woorde dít wat die individu gedink het hy is en nou nie meer sal wees nie vanweë sy

seksuele oriëntasie. Dit verwys ook na die Self wat met die erkenning van homoseksualiteit prysgegee word. Wat die vrou betref, gaan die erkenning van haar homoseksualiteit ook met vrees vir die verlies van vroulikheid gepaard. Daar is ’n verwarring van verwagte rolspel, ook binne die Self omdat die persoon moet besluit watter rol hy/sy gaan speel en dikwels die een kies wat vir die samelewing die aanvaarbaarste gaan wees. Daar is ook ’n moontlike geestelike verlies wanneer veral Christene oor hul seksuele voorkeur in konflik met hulself verval. (Hierdie aspek word veral in hoofstuk 4 tydens die analise van die openbaringsproses en identiteit bespreek).

Volgens Woodman (1998: 55) verwys verwagte verlies (2) na eksterne verlies, dikwels met betrekking tot verhoudings met diegene wat na aan die persoon is. Die klem verskuif nou van die Self na die verhouding met ander. Dit verwys ook na die besef van die verlies van die ideale verwagte lewe (vriende, familie, gemeenskap). Verwerping van familielede word selfs deur dié studente wat wel erkende homoseksueles is, ervaar, omdat hulle skuldig voel en voel dat hulle vir die ineenstorting van hul ouers verantwoordelik sal wees. Homoseksualiteit word in hierdie opsig as die “dood van optimale eksistensie” (Woodman, 1989: 55) beskou en sluit die verwerping van kinders van ouers wat homoseksueel is, in. Verder word ook vir verwerping deur heteroseksuele tydgenote gevrees as gevolg van assosiasie met homoseksueles.

Kommer oor persoonlike identiteit (3) verwys na negatiewe stigmatisering. Die oomblik wanneer die Self sy/haar andersheid aanvaar, sal die vrees vir verwerping afneem. Ook die kwessie van dubbele verwerping is deur die studente geopper (met verwysing na rassisme, seksisme ensovoorts vanuit die heteroseksuele gemeenskap). Hier word veral verwys na swart homoseksueles en lesbiërs. Kommer oor groepsidentiteit (4) verwys na groepsdruk (Woodman, 1989: 58). Hier kan ook verwys word na die kwessie van groepsdruk by homoseksuele verenigings, wat ’n rede kan wees waarom baie homoseksuele studente verkies om nie deel van díe groepsidentiteit te word nie. (Sien hoofstuk 4 met verwysing na vrywilligers se assosiasie met die Les-bi-gay-vereniging.)

Volgens Woodman (1989: 60) hou verhoudingsprobleme (5), wat die vrees vir verlies insluit, met die tekort aan rolmodelle (ouer homoseksuele mans/vroue) met suksesvolle langtermynverhoudings verband. Woodman sluit af met die gedagte dat, wanneer woede nie na buite geprojekteer word nie, dit dikwels tot selfverwerping lei, omdat dit makliker geag word om jouself te blameer. Wanneer dit gebeur, sal die persoon homself verwerp en word dit "geïnternaliseerde homofobie", wat op sy beurt weer tot ontkenning van die individu se homoseksualiteit lei.

Die studie van D'Augelli, Hesson-McInnis en Waldo (1998) sluit by Woodman aan. Die doel van die studie was om heteroseksistiese viktimisasie, asook ander veranderlikes wat met soortgelyke gedrag verband hou, te ondersoek. Hulle het probeer om 'n korrelasie te vind wat toon dat die wyse waarop homoseksuele studente deur heteroseksuele studente geteister word, tot emosionele afsydigheid bydra en selfs tot selfmoord kan lei. D'Augelli *et al.* voer aan dat alhoewel die meeste homo- en biseksuele mans en vroue in hul tienerjare verkies om hul seksuele oriëntasie geheim te hou, daar tog enkeles is wat dit wel openbaar (sien volgende afdeling oor die openbaringsproses). D'Augelli *et al.* (1998: 308) verwys na Comstock (1991) se mening dat jongmense broser as volwassenes is, in dié opsig dat die viktimisasie deur ander jongmense uitgevoer word en dat deel-wees-van-die-groep tydens die tienerjare 'n groot rol in die sosiale ontwikkelingsproses van die jongmens speel. Die studie van D'Augelli *et al.* (1998) bevestig vorige bevindings en illustreer die feit dat viktimisasie van homoseksuele studente op grond van seksuele oriëntasie dieselfde uitwerking op jongmense in verskillende gemeenskappe het. Hulle maak die gevolgtrekking dat viktimisassie wel indirek 'n rol in die sielkundige stres van die homo- en biseksuele student speel. Dit lei direk tot 'n lae selfbeeld, wat indirek 'n sielkundige stresvolle uitwerking op die individu kan hê. In baie erge situasies van lae selfbeeld kan dit selfs tot selfmoord lei.

D'Augelli *et al.* steun die beginsel dat tersiêre instansies programme in plek moet hê waar hierdie tipe sosiale probleem aandag kan geniet (sien ook bespreking by 2.4) en dat die onderwerp deel uitmaak van die kurrikulum vir oriëntering op kampusse (sien bespreking in hoofstuk 5).

Dit is belangrik dat die homo- en biseksuele student sy/haar seksuele voorkeur as deel van sy/haar identiteit moet aanvaar ten einde emosioneel sterker te wees vir die potensiële verwerping van die heteroseksuele gemeenskap. Nie almal binne hierdie minderheidsgroep aanvaar egter hulself nie, terwyl sommige selfs leer om met die stigma saam te leef.

Veronderstel homoseksuele gedrag word as 'n afwyking van die norm beskou, sluit Rogers en Buffalo (1974), aangehaal in Higgins en Buttler (1982: 202), hierby aan deurdat hulle 'n uiteensetting van strategieë vir die hantering van etikettering, aanbied. Hierdie strategieë volg breedweg twee benaderings: enersyds, dat die persoon met sy "afwyking" (homo- of biseksualiteit) saamleef en dit dus erken, of andersyds, dat die persoon pogings aanwend om die konvensionele gemeenskap (in hierdie geval die heteroseksuele gemeenskap) te oortuig dat sy/haar gedrag normaal is of dat hy/sy probeer om konvensioneel op te tree.

Met betrekking tot die studie, word die heteroseksuele studentegemeenskap beskou as die "konvensionele samelewing" en die homo-en biseksuele studente as die "afwykendes" (sien ook verdere bespreking by 4.3.2).

Die volgende strategieë ressorteer onder die eerste benadering:

- **Aanvaarding (*Acquiescence*):** Afwykendes[3] aanvaar dat hul gedrag van die normale afwyk en daarom is ondergeskikte behandeling van die res van die samelewing geregverdig. Homoseksueles wat self nog met hul seksuele oriëntasie worstel, sal waarskynlik ondergeskikte behandeling aanvaar. Hulle berus dus by die feit dat hulle afwykend is, is selfs tot selfhaat in staat.
- **Kanalisering (*Channeling*):** Afwykendes aanvaar hul afwyking maar probeer om hul afwyking in 'n positiewe eienskap te omskep, byvoorbeeld deur die vertoon van die reënboogplakker as teken van "*gay pride*".
- **Ontduiking (*Evasion*):** Afwykendes vermy die konvensionele samelewing deur hulself te verontskuldig. Hierdie persone sal dikwels verskonings of regverdigings vir hul gedrag aanbied, byvoorbeeld homoseksueles wat aanvoer

[3] Hier wil die navorsing graag noem dat sy ongemaklik voel om na homo- en biseksueles as "afwykendes" te verwys, maar dat sy dit gebruik vir die doel van die ondersoek om te verwys na mense wat gedrag toon wat nie die norm is nie.

dat hulle nie homoseksueel is nie, maar deur homoseksueles mislei is om aan homoseksuele dade deel te neem.

Die tweede benadering verwys na die pogings wat aangewend word om so konvensioneel as moontlik voor te kom en die konvensionele samelewing positief teenoor die "afwykendes" te stem. Die volgende strategieë is hier ter sprake:

- **Ontkenning (*Repudiation*):** Hier word verwys na afwykendes wat hul afwyking sal ontken. 'n Voorbeeld hiervan is homoseksueles wat van homoseksualiteit beskuldig word omdat hulle homoseksuele vriende het (of in hierdie geval dalk aan die Les-bi-gay-vereniging behoort) en dit dan ontken deur te sê dat hul heteroseksueel is, maar dat hulle slegs homoseksuele vriende het en vir gelyke regte veg.
- **Vlug (*Flight*):** Afwykendes vlug van hul huidige omgewing na 'n ander en neem 'n ander identiteit aan ten einde 'n "nuwe begin" te maak. Die homoseksuele sal in hierdie geval byvoorbeeld eerder emigreer as om in 'n gebied te woon waar hy die risiko loop dat iemand hom sou herken. Dit kan ook verwys na persone wat selfmoord oorweeg of probeer het.
- **Herdefiniëring (*Redefinition*):** Afwykendes word gebruik om die konvensionele samelewing se persepsie van die afwykende gedrag te verander, byvoorbeeld deur aan te sluit by 'n organisasie wat homofobie probeer bekamp.
- **Verandering (*Alteration*):** Afwykendes probeer om konvensioneel te word. Die homoseksuele hou dus 'n heteroseksuele beeld voor, en kan pogings aanwend om gerehabiliteer te word. In die geval van homoseksualteit kan die onthouding van seksuele dade as rehabilitasie beskou word.
- **Modifiëring (*Modification*):** Hier word verwys na afwykendes wat probeer om alternatiewe metodes te gebruik om die graad van hul afwykende gedrag te verminder, byvoorbeeld 'n homoseksuele wat beweer dat hy biseksueel is.
- **Herinterpretasie (*Reinterpretation*):** Hier word op die morele herinterpretasie van 'n afwykende etiket gefokus. Die relatiwiteit van die begrip "afwyking" word getoets, byvoorbeeld die homoseksuele wat graag openlik debateer oor wat presies die norm is en deur wie dit bepaal is. In hierdie geval sal die homoseksuele argumenteer deur, gegrond op eerlikheid, sy/haar homoseksualiteit openlik bekend te maak.

Om op te som: die homo- en biseksuele ervaar verskeie gevoelens van verlies tydens die bewuswording van hul seksuele oriëntasie. Die belangrikste hiervan is die verlies van die geidealiseerde self, dit wil sê dit wat hy/sy gedink het hy/sy is, en dit wat ander van hom/haar verwag, maar nou nie meer is nie. Die homo- en biseksuele se aanvaarding van sy/haar seksualiteit sal afhang van die wyse waarop hy/sy hom-/haarself aanvaar. Die skepping van ’n nuwe identiteit, of die aanvaarding van die oue in ’n ander “vorm”, is dus belangrik vir selfaanvaarding en interaksie met die heteroseksuele gemeenskap.

2.3.2 Die openbaringsproses

Kline en Wells (1986) sluit aan by Woodman (1989) se studie deurdat hulle fokus op die faktore wat bepaal wanneer en tot wie die homoseksuele student sy seksuele oriëntasie sal openbaar. Soos reeds genoem, het die homoseksuele persoon verskeie vrese. Een van die grootste vrese wat die homoseksuele student in die gesig staar, is die verlies aan ondersteuning van familie en vriende. Ten einde te bepaal waarom homoseksuele studente hul seksuele oriëntasie juis aan die spesifieke persoon openbaar het, is ’n vraelys met ’n aantal oop vrae aan 23 manlike en 17 vroulike studente gegee. Dit het uit Kline en Wells (1986) studie duidelik geword dat die meeste studente se grootste vrees was dat die persone wat hulle gekies het, hulle sal veroordeel. Die meeste het gereken dat, alhoewel hul sou verkies dat hul seksuele oriëntasie bekend gemaak moes word, hulle eenvoudig nie die risiko wou loop om deur hul familie, vriende en kollegas verwerp te word nie. Kline en Wells (1986) kom tot die gevolgtrekking dat, alhoewel die ideaal is dat homoseksueles ’n sorgvrye openbaringsproses ervaar, die meeste nie bereid is om die kans te waag nie en daarom eerder sal swyg. Dit voed die bose kringloop, wat verhoed dat die heteroseksuele gemeenskap hul stereotipes verminder en so ook hul homofobie.

Die openbaringsproses kan ook verdeel word in verskeie fases, d.w.s die homo-en biseksuele student kan dus in verskeie fases van sy/ haar openbaringsproses wees wat indirek ook sy/haar interaksie met die heteroseksuele gemeenskap sou kon beïnvloed. Blumenfeld en Raymond (1989: 88) verwys na Cass se ses stappe van die openbaringsproses. Haar model is gegrond op die uitgangspunt dat persoonlike identiteit in ’n interaktiewe proses tussen individue en hul omgewing ontwikkel. Hierdie ses stappe is ook onderling verbind en sluit die volgende in:

1) Stap 1: Identiteitkrisis, die “wie is ek”-fase.
2) Stap 2: Identiteitsvergelyking, waartydens die persoon moontlik kan redeneer dat dit slegs ’n fase is waardeur hy/sy gaan.
3) Stap 3: Identiteitsverdraagsaamheid, waartydens die persoon heel waarskynlik reeds aanvaar het dat hy/sy homo-/biseksueel kan wees.
4) Stap 4: Identiteitsaanvaarding, waartydens die persoon reeds die vrae “wie is ek” en “waar pas ek in” aan hom-/haarself beantwoord het, die geselskap van ander homo- en biseksueles opsoek, en vriendskappe sluit.
5) Stap 5: Identiteitstrots, ook gekenmerk as die “dit-is-my-mense”-fase, waartydens die persoon werklik trots is op wie hy/sy is, meer oor die homoseksuele lewenstyl lees en intensief deel van die subkultuur raak. Hierdie stap word ook deur woede teenoor heteroseksueles gekenmerk.
6) Stap 6: Identiteitsintese, waartydens die persoon intense woede teenoor heteroseksueles ervaar en gedurig na “hulle” en “ons” verwys. Die woede word egter minder intens as in stap 5 en die persoon erken selfs dat daar heteroseksueles is wat hy/sy kan vertrou en wat hom/haar aanvaar en ondersteun.

Bogenoemde ses stappe word by 4.3.1 verder bespreek. Daar word ook beskryf watter studente wat vir hierdie studie gebruik is, onder elk van bogenoemde stappe ressorteer.

Volgens D’Augelli (1992) is een van die redes waarom studente gewoonlik vir navorsing gebruik word, juis die feit dat hul identiteite gedurende hul universiteitsjare nog in die ontwikkelingstadium is. Hy voer aan dat die homo- en biseksuele student juis tydens sy/haar studentejare uit die kas sal kom. Dit is dan wanneer studente gewoonlik vir die eerste keer weg van hul familie is, en dit is dikwels die stadium waarin hulle hul ontluikende gevoelens met hul tydgenote deel. In die heteroseksuele student se geval sou dit nie problematies wees nie, maar wel in die geval van die homo- en biseksuele student. Hulle neem soms die normatiewe heteroseksuele rol aan bloot om aanvaar te word (Boxer & Cohler, 1989; D’Augelli, 1991; D’Augelli 1992: 383).

Diegene wat wel die moed het om uit die kas te klim, bou gou ’n stewige netwerk van homoseksuele vriende op kampus op (sien ook die bespreking in hoofstuk 4, met

verwysing na Rogers en Buffalo (1974) se strategieë). Dit is gewoonlik mense wat dieselfde probleme as hulle ervaar en as ’n ondersteunende netwerk funksioneer. Geleidelik kring hul homoseksuele status uit totdat lede van die heteroseksuele gemeenskap daarvan te hore kom. Dit kan tot teistering lei, wat van verbale teistering tot fisiese teistering kan wissel. Omdat dié tipe teistering nie net van hul medestudente af kom nie, maar dikwels ook vanaf personeellede, hou dit ernstige implikasies vir die ontwikkeling van die individu se akademiese en professionele loopbaan in (sien ook Burns, 1990). Vorige studies van D’Augelli (1989b; D’Augelli & Rose, 1990) dui daarop dat 75% van die homoseksuele mans en vroue wat die vraelys voltooi het verbaal geteister is, 25% al gewelddadig geteister is en baie ander in vrees op kampus leef. In D’Augelli se ander studie met Huiskomiteelede (D’Augelli, 1989c) (sien afdeling 2.4.1) het studente egter ontken dat teistering van enige aard op kampus plaasvind.

Wat ook duidelik in D’Augelli (1992) na vore kom, is die latere aanvaarding van homofobie as vanselfsprekend, wat op sigself die openbaringsproses kelder. D’Augelli (1992) gaan van die standpunt uit dat die tipe teistering wat op kampus ondervind word, ’n weerspieëling van teistering in die breër gemeenskap is. Homoseksueles worstel met die elemente van “*hiding vs disclosure*” en assosieer “*disclosure*” met teistering. “*Hiding*”, daarenteen, is ’n duur prys om te betaal vir die wandade van die gemeenskap; juis daarom word openbaring aangemoedig. Burns (1990) stel dit as “*silence=death*”.

2.4 Geïnstitusionaliseerde ondersteuningsprogramme

Hierdie afdeling fokus op die belangrikheid van ondersteuningsnetwerke, hetsy deur middel van organisasies, tydgenote, sielkundiges of universiteitsamptenare. Dit toon die belangrikheid van die vestiging van ’n homofobie-vrye kampuskultuur en die insluiting daarvan in die oriënteringsprogramme van universiteite.

2.4.1 Die rol van huiskomiteelede

Omdat huiskomiteelede beskou word as tydgenote wat vanweë hul leierskapsrolle die mag het om persepsies te beïnvloed, is dit belangrik om die rol wat hulle in die vermindering van homofobie in koshuise kan speel, te ondersoek.

Moses en Hawkins (1982) toon dat die meeste homoseksuele persone voor die ouderdom van 20 jaar van hul seksuele voorkeure bewus word, maar dat die meeste tieners nog nie gereed is om dit openlik te erken nie. Dit spruit hoofsaaklik uit die feit dat die tieneromgewing dit nie moontlik maak om homoseksualiteit sonder vooroordele te aanvaar nie. Tieners wat erken dat hulle homoseksueel is, word dikwels uit sosiale aktiwiteite uitgesluit. Diegene wat ’n tersiêre inrigting na skool bywoon, gaan met die hoop dat universiteite/kolleges meer ontvanklik vir die uitlewing van hul seksuele voorkeure sal wees. Ongelukkig is dit nie die geval nie; baie studente word verbaal geteister en ook fisies aangerand.

Volgens D’Augelli (1992) toon studies tot en met 1989 dat mans meer homofobies as vroue is en dat dit vir homoseksuele mans moeiliker is om in die samelewing aanvaar te word (wat dus ook die geslagsrolideologie steun). Die studie het veral gepoog om die opinies van studente wat in ’n raadgewende hoedanigheid in universiteitsbehuising optree, te toets. Dié studente sou vanweë hul raadgewende rol kon aanspraak maak op die feit dat hulle gesag by studente in hul koshuise kan afdwing en dat hul opinie dié van die koshuis sou kon beïnvloed. Op die vraag waarom geteisterde studente nie ’n klag by die universiteitsowerhede aanhangig maak nie, was die antwoord dat die homoseksuele studentegemeenskap nie vertroue in die universiteitsowerhede het nie en dat hulle nie verdere intimidasie en teistering wou hê nie. Huiskomiteelede sou ‘n waardevolle rol kon speel indien hul eweknieë hulle vertrou.

In D’Augelli (1989c) se studie is studente gebruik wat reeds huiskomiteelede was of beplan het om in die daaropvolgende jaar een te wees. Die ATLGM-vraelys, wat uit 20 vrae ten opsigte van persepsies omtrent homoseksuele mans en vroue bestaan, is gebruik. Meer as 30% van die huiskomiteelede was nie bewus van enige universiteitsbeleid ten opsigte van diskriminasie met betrekking tot seksuele oriëntasie nie. Daar was wel ’n beduidende verband tussen homofobie en persoonlike kennis van of verhoudings met homoseksuele persone: ’n mindere graad van homofobie is gevind by studente wat wel nadere kennis van homoseksuele persone gehad het (wat die kontakteorie – sien 2.2.4 – steun). Wat die kwessie van teistering op die kampus en in koshuise betref, het mans gevoel daar bestaan nie juis regtig teistering op grond van homoseksualiteit nie. Vroue, daarenteen, was wel bewus van die bestaan daarvan.

D'Augelli is van mening dat, alhoewel die studie slegs 'n geselekteerde groep studente betrek het (in dié geval huiskomiteelede), die resultate tog 'n invloed op die opinies van die res van die studente sou hê. Alhoewel die groep in geheel wel die idee van regshulpondersteuning aan homoseksuele studente steun, maan D'Augelli dat hierdie studente sterk op sosiale aanvaarding steun en dat die voorkoms van teistering beduidend hoër kan wees. Nog 'n gevolgtrekking is dat manstudente moontlik teistering teenoor homoseksuele mans as normale gedrag beskou en daarom nie van mening was dat teistering wel geskied nie. Betreklik min het kontak met homoseksuele studente gehad, wat die homoseksuele stereotipes kan beïnvloed.

Die afleiding kan gemaak word dat hierdie tipe oningeligte opinies 'n kringloop veroorsaak. Jongmense is as gevolg van diskriminasie huiwerig om uit die kas te klim. Dit lei op sy beurt daartoe dat die heteroseksuele gemeenskap hulle nie beter kan leer ken nie en hul stereotipering van die homoseksuele leefwyse volhou (Lance, 1987). D'Augelli (1989c) beveel aan dat daar ook op die studie van die verband tussen persoonlike ontwikkeling en sosiale konteks, wat elkeen op sy beurt persepsies beïnvloed, gefokus moet word.

Die kwessie of 'n stereotipe-verminderingseminaar soortgelyk aan dié van die Universiteit Stellenbosch 'n afname in die sosiale uitsluiting van homoseksuele studente tot gevolg sou hê, sal in hoofstuk 5 bespreek word.

2.4.2 Die rol van universiteitsamptenare

Net soos studente in leiersposisies en 'n raadgewende hoedanigheid, behoort universiteitsamptenare ook verantwoordelikheid te aanvaar vir die invloed wat hulle in die vestiging van homofobiese houdings jeens homoseksuele studente het.

William Burns, adjunkpresident van S*tudent Life Policy* by Rutgers Staatsuniversiteit in New Jersey, VSA – die universiteit met die oudste homoseksuele vereniging in die VSA – se studie is vanuit die oogpunt van 'n administratiewe werknemer gedoen. Burns het hom as "liberaal" teenoor homoseksualiteit beskou, "*open to new ideas and human difference*", maar het nie geglo "*to talk about homosexuality is to promote sexuality*" nie. Volgens hom was sy "liberale" siening toe nie so liberaal as wat hy

gedink het nie. Sy irritasie van tyd tot tyd was hoofsaaklik op die homoseksuele gemeenskap se voortdurende beklemtoning van "seksuele oriëntasie" Gegrond. Sy argument was op privaatheid gegrond. Hy kon nie insien waarom homoseksuele persone hul seksuele voorkeure aan ander bekend hoef te maak nie, oftewel ander van hul homoseksualiteit moes bewus maak nie; "*after all, I didn't tell them about my sexual preferences, why do they have to tell me?*" (Burns, 1990). Sy gesprek met twee studente het hom egter tot ander insigte gebring.

Gestel sy argument is geldig, sou dit beteken dat homo- en biseksuele studente nie openlik hul geliefdes in die openbaar kan soen of wys dat hulle 'n paartjie is nie? Dit is iets wat deur die heteroseksuele gemeenskap as vanselfsprekend aanvaar word en vir homo- en biseksule studente direk tot sosiale uitsluiting sou lei, veral binne die studentegemeenskap en sosiale aktiwiteite (sien ook die navorsingsprobleem in afdeling 1.4).

Burns voer aan dat die universiteit 'n omgewing is waar al sy studente tuis behoort te voel, en homoseksuele studente sou in hierdie geval nie tuis voel nie. Hulle sou nie eerlik en openlik kon standpunt inneem nie. Volgens hom is dit op sigself een van die eienskappe van studente, naamlik dat hulle openlik oor hul opinies is. Vanuit sy gesprekke met homoseksuele studente kon hy agterkom dat hulle nie die vrymoedigheid het om kampussekuriteit te nader wanneer hulle as gevolg van hul seksuele oriëntasie onder vandalisme deurgeloop het nie. Die rede hiervoor kan wees dat hulle voel dat die polisie hulle nie ernstig sou opneem nie, en dat hul ouers daarvan te hore sou kom.

Burns voer ook aan dat 'n doel van tersiêre onderrig is om meer omtrent menslike ontwikkeling te leer, en wanneer homoseksuele studente oor hul seksuele voorkeure swyg, dit dieselfde sou wees as om nie oor hulself en ander soos hulle te leer nie. 'n Projek wat deur die homoseksuele studente op dié kampus geloods is, is die "*pink triangle*" oftewel die "*silence=death*"-benadering, waar studente aangemoedig is om die stilte te breek en as volwaardige studente 'n integrale deel van die studentegemeenskap te word.

2.4.3 Ander ondersteuningsprogramme vir homo- en biseksuele studente

Homo- en biseksuele studente kan ook ondersteuning van hul tydgenote, dit wil sê hul medestudente, ontvang.

Volgens James Toy (1991) is daar tot en met 1969 min studies onderneem om die bestaan van die homoseksuele subkultuur en die sosiale probleme wat hulle ondervind, te ondersoek. Hy verwys na Goleman (1990) wat van mening is dat homoseksualiteit vir baie mense dít simboliseer wat boos is en 'n bedreiging vir die fondasie van sosiale orde is. Volgens Goleman ontvang die homoseksuele gemeenskap die meeste teistering van enige minderheidsgroep. Toy se studie is gebaseer op bevindings van 'n uitreikaksie by die Universiteit van Michigan, VSA. 'n Uitreikgroep is begin om ondersteuning vir homoseksuele studente te bied en om hulle selfvertroue te gee om weer "waardig" te voel as burgers van die VSA. Die basis van die uitreikprogram was "*selfrealisation*", oftewel selfverwesenliking. Toy se steun vir ondersteuningsprogramme vir homoseksueles is deur 1969 se *Stonewall Riots* in New York aangespoor, 'n protesbeweging wat vir die eerste keer op homofobie gefokus het.

In 1971 het die Universiteit van Michigan die *Human Sexuality Office* (*HSO*, later verander na *LGMPO – Lesbian and Gay Male Programmes Office*) as komponent van hul studentediens-afdeling ingestel, wat uitsluitlik op die aanpassingsprobleme van homo- en biseksuele studente op kampus gefokus het. Dit was een van die min ondersteuningsprogramme by hoëronderwysinstansies in die VSA voor 1975. Die afdeling het primêr op die volgende kwessies gefokus: 1) berading, 2) opvoedkundige uitreikprogramme, 3) bepleiting van menseregte, en 4) berading vir ander groepe op kampus. Dit het later ook berading vir universiteitspersoneel en die breër gemeenskap verskaf.

Die "*exploration of inner world of feelings*" (Toy, 1991: 259) is een van die basiese waardes wat beklemtoon word deurdat hulle aangespoor word om na te dink oor hul verlede en die hede en die invloed wat sekere verhoudings gehad in om hul denkwyse te vorm. (Sien verdere bespreking in hoofstuk 5 met betrekking tot waardes wat deur tydgenote in koshuise vasgestel word). Studente word op seksfobie/erotofobie (ook met verwysing na Ficarrotto, 1990) en die algemene homofobie wat binne die

samelewing bestaan, attent gemaak. Die gevolge word ook geïllustreer: depressie, selfmoord, isolasie, selfhaat ensovoorts. Met die uit-die-kas-groepe word gepoog om die omgewing op die bestaan van homoseksualiteit binne die gemeenskap voor te berei. Homoseksueles word tegnieke geleer om hulself te laat geld, maar ook om op die vooroordele van die samelewing voorbereid te wees.

Die Universiteit van Michigan het ook fasiliteerders vir groepsessies begin oplei. Op dié wyse is tydgenote betrek by die probleme wat die homoseksuele studentegemeenskap ervaar. Individuele onderhoude het plaasgevind waar fasiliteerders groepslede aangemoedig het om hul ongemak en probleme met ander te deel. Op dié wyse is die universaliteit van probleme en dat dit nie "iets is wat ek gedoen het" nie, beklemtoon (Toy, 1991: 261).

Toy beklemtoon die insluiting van die heteroseksuele student by groepsterapie. Rolspel is gedoen om die perspektief van die heteroseksuele gemeenskap te ervaar. Dit het die homoseksuele studentegemeenskap 'n beter indruk gegee van die redes waarom sekere studente homofobies is. Toy verwys na die verskeie onderwerpe wat tydens groepsessies hanteer is, onder andere geloof, seksuele oriëntasie, familie, ouerskap, gesondheidskwessies en diskriminasie in die werksplek (sien ook in hoofstuk 3 die temas wat tydens die onderhoude gebruik is: "Kwessies binne die homoseksuele gemeenskap"). Op dié wyse word die homoseksuele student voorberei op die moontlike probleme wat hy/sy in sy werksplek kan ervaar. Hierdeur verskaf die tersiêre inrigting ook 'n diens aan die gemeenskap deur die breër gemeenskap van diversiteit bewus te maak en sy steun aan alle studente te demonstreer.

Alle tersiêre inrigtings behoort 'n soortgelyke diens by hul Afdeling Studentediens te implementeer. Dit kan, veral in Suid-Afrika, bydra tot probleemoplossingstrategieë vir diversiteitsprobleme wat op kampus en binne universiteitsbehuisings kan bestaan (sien verdere bespreking in hoofstuk 5).

Slater (1993) lewer 'n pleidooi vir alle tersiêre inrigtings om beleid te formuleer en doeltreffend te implementeer ten einde homofobie en enige gewelddadige optrede en teistering van homoseksuele studente wat hul menswees en selfbeeld kan skaad en hulle kan verhoed om 'n normale studentelewe te lei, te bekamp. Kardia (1996) se

longitudinale studie van 1990 tot 1994 by die Universiteit van Michigan sluit hierby aan. Dié studie illustreer hoe die hoëronderwys-milieu 'n invloed op die student se persepsies ten opsigte van seksuele diversiteit het. Kardia is van mening dat kolleges nuwe geleenthede vir individue bied om seksuele diversiteit uit te leef. Kardia se navorsing toon dat studente tydens hul vierde studiejaar meer verdraagsaam vir seksuele diversiteit word (dit sluit ook aan by die kontakteorie en studies wat deur Herek (1988) gedoen is).

Volgens Kardia begin vroue aanvanklik hul studiejare meer ontvanklik vir seksuele diversiteit as mans. Dit kan moontlik tot die algemene tendens lei dat mans meer homofobies is. In haar navorsing word die kontakteorie gesteun deur die feit dat, met interaksie op universiteit, negatiewe houdings verminder, en diegene wat aanvanklik positief ten opsigte van seksuele diversiteit was, ook verder betekenisvolle argumente vir hul steun vir die homoseksuele gemeenskap kon formuleer. Sy voer ook aan dat geslagsverskille help om hoër vlakke van aanvaarding ten opsigte van seksuele diversiteit onder vroue te verklaar. Nog 'n interessante gevolgtrekking is dat medestudente meer begrip vir mekaar ontwikkel wanneer seksuele diversiteit via kurrikulum-aktiwiteite bespreek word. So word akkurate feite ten opsigte van seksuele diversiteit weergegee en word die student vanuit die staanspoor van gelyke regte vir alle studente by die instansie bewus gemaak. Haar studie het egter ook gevind dat koshuise en godsdiensgroepe die aanvaarding van seksuele diversiteit binne die studentegemeenskap demp (sien ook hoofstuk 4 waar die koshuis en 'n tradisionele benadering tot geloof as kernfaktore aangedui word waarom homo-en biseksuele studente ook liewer in die kas sal bly).

Ook Welch (1996) steun die vestiging van 'n sielkunde-ondersteuningseenheid by tersiêre inrigtings waar homo- en biseksuele studente om hulp kan aanklop. Hy is van mening dat elke kampus groepsterapie vir homo- en biseksuele studente op kampusse deel van hierdie eenheid behoort te maak, juis vanweë die feit dat dit besonders moeilik is vir dié minderheidsgroepe om binne die dominerende heteroseksuele studentegemeenskap hul studentwees ten volle uit te leef. Groepsterapie vir homoseksuele studente maak hulle deel van 'n groep en bied hulle die geleentheid om hul persoonlike ervarings met ander te deel en daardeur bondgenote te vind. Welch voer aan dat dit belangrik is dat groepsterapie vir homo- en biseksueles nie geslote is

nie, maar ook vir ondersteunende heteroseksuele studente die geleentheid bied om hul ervarings of opinies te deel. Dit sal help om die gaping van stereotipes te oorbrug.

Groepsidentiteite help nie slegs met die identifisering van die individu se plek in die samelewing nie, maar help die individu ook om homself/haarself binne samelewingsverband te manifesteer (hier word verwys na familie, vriende, ras, geloof ensovoorts). Volgens Welch veroorsaak die feit dat homo- en biseksueles reeds in hul tienerjare van hul seksuele oriëntasie bewus kan wees en al die negatiwiteit wat binne samelewingsverband daarmee gepaard gaan, dikwels dat homo- en biseksueles hul seksualiteit uit vrees vir verwerping geheim hou (sien afdelings 2.2.1. en 2.2.2). Dit kan tot verdere interne konflik lei. Welch (1996: 29) verwys ook na Blumenfeld en Raymond (1989) waar die belangrikheid van interaksie met ander beklemtoon word en die homoseksuele 'n sterk behoefte aan behorenheid tydens sekere stappe van sy/haar openbaringsproses mag ervaar (sien ook bespreking in hoofstuk 4 m.b.t. die openbaringsproses).

Welch lei sy argument deur drie fokuspunte. Die eerste is om jou plek in familieverband te vind. Hy fokus op drie redes vir verwerping van familie, naamlik godsdiens, onversoenbaarheid van homoseksualiteit en familielewe, en middelmisbruik deur een van die ouers. Die tweede fokuspunt sluit sosialisering met tydgenote en ondersteuning in. Hy glo "*[f]eedback from others are crucial"* (Welch, 1996: 35). en glo dit stel die individu in staat om hom-/haarself gerus te stel dat hy/sy "normaal" is. "*Opportunities for peer socialization are minimal or even non-existent on many college campuses, where programmes are geared toward the heterosexual majority*" (Welch, 1996: 35). Hier kan plaaslik na die Stellenbosch-kampus verwys word, waar dit vir die homoseksuele student amper onmoontlik sou wees om sy/haar metgesel sonder veroordeling deur sy/haar koshuis na georganiseerde sosiale funksies, soos huisdanse, huisfondsdanse, joolbal, intervarsitybal ensovoorts, te neem.[4]

Welch se derde fokuspunt verwys na rolmodelle en medeleierskap. Hy voer aan dat rolmodelle help om positiewe identiteit te vorm en dat dit binne die homoseksuele

[4] Die Departement van Onderwys het in 2005 amptelik bekend gemaak dat geen homoseksuele matrikulant geweier kan word om sy/haar metgesel na die matriekafskeid te neem nie. Dit is 'n voorbeeld van hoe daar nou daadwerklike stappe geneem word om selfs in skole die gelykberegtiging van alle leerders, ten opsigte van seksuele voorkeure, te verseker.

gemeenskap ontbreek, juis omdat mense nie hul oriëntasie wil bekend maak nie. In dié geval was heteroseksuele ondersteuners se vrywillige verklaring om hul assosiasie met homoseksueles op die kampus te openbaar, van groot waarde om die gaping tussen homo- en heteroseksuele gemeenskap te oorbrug (sien ook bespreking by 4.6.1).

Op die tuisfront kan dit dieselfde implikasies inhou, juis omdat baie min erkende homoseksuele studente studenteleiersposisies beklee (soos studenteraadslede, raadgewers, verenigingsvoorsitters en huiskomiteelede). Dit het tot gevolg dat die homoseksuele studentegemeenskap as apaties tot "normale studente-aktiwititeite" beskou kan word en dat hulle die persepsie kan skep dat hulle uitsluitlik fokus op kwessies wat hul seksuele oriëntasie raak.

Bogenoemde gevolgtrekkings en aanbevelings word deur Dietz en Dettlaff (1997) gesteun. Hulle motiveer die implementering van groepsondersteuning vir tydgenote ten einde sosiale interaksie te bevorder. Alhoewel baie homoseksueles 'n sinvolle volwasse lewe lei, kan baie tydens hul studentejare isolasie en eensaamheid ondervind. Hulle het 'n grondige studie met 11 homo- en biseksuele mans en vroue by 'n klein kerk-geaffilieerde universiteit in Texas, VSA, gedoen. Die doel was om die uitwerking van lidmaatskap van 'n ondersteuningsgroep te evalueer. Teen die tyd dat adolessente hul universiteitsjare bereik, is hulle reeds meer as 18 jaar aan hoofstroom-homofobie blootgestel. Dit op sigself het hulle hul seksualiteit negatief laat ervaar en kon indirek tot geïnternaliseerde homofobie lei. Volgens Dietz en Dettlaff is dit 'n bose kringloop en behoort universiteite steun aan AL hul studente te bied.

Die studie van Schellenberg, Hirt en Sears (1999) by 'n Kanadese universiteit toon aan hoe hierdie negatiewe houding met verloop van studiejare afgeneem het. Schellenberg *et al.* is ook optimisties oor die feit dat hul bevindings met dié van Kuriloff en Lottes (1994) korreleer in dié sin dat homofobie by ouer studente afneem. Die gevolgtrekking kan daarom gemaak word dat homofobie met verloop van tersiêre opvoeding afneem. Die rede daarvoor kan wees dat ouer studente moontlik via gemeenskaplike akademiese aktiwiteite meer kontak met die homoseksuele studentegemeenskap het en ook meer krities oor hul opinies dink. Volgens Schellenberg *et al.* is ouer studente ook minder manipuleerbaar as eerstejaars, wat

dikwels die houding van hul tydgenote en raadgewers aanneem sonder om hul opinie te bevraagteken. Hierdie bevinding van Schellenberg *et al.* steun die belangrikheid van die betrokkenheid van ’n akademiese instansie om studente die geleentheid te bied om krities hul opinies te bevraagteken.

Cotton-Huston en Waite (2000) se benadering is moontlik die oplossing om studente meer ontvanklik vir interaksie met ander groepe te maak. Hulle stel voor dat homoseksualiteit nie noodwendig in isolasie bespreek moet word nie, maar as deel van seksualiteitstudies. Hierdeur sal homoseksualiteit as net NOG ’n afdeling van diversiteit beskou word. Wanneer kwessies hanteer word wat op homo-, hetero- en biseksuele studente van toepassing is, behoort ALLE groepe meer ontvanklik te wees, meer as wanneer daar slegs op een kategorie van seksuele diversiteit gefokus word.

2.5 Samevatting

Die literatuuroorsig illustreer drie basiese uitgangspunte wat homofobie op kampusse en in die samelewing beïnvloed:

1) Geslagsrolideologieë lei tot meer negatiewe veroordeling van homoseksuele mans as vroue en dit lei direk tot die feit dat mans meer homofobies as vroue is.
2) Die kontakteorie gaan van die standpunt uit dat homofobie veminder word na mate meer kontak met die homoseksuele gemeenskap verkry word en vriendskapsbande gesmee word. Dit op sigself lei tot die vermindering van stereotipering.
3) Sosiale dominansie, ook met verwysing na groepsidentiteit, dwing die homo- en biseksuele man en vrou indirek om aan rolle te konformeer ten einde in ’n groep aanvaar te word.

Al drie die bogenoemde benaderings het ’n sirkeleffek op sowel die heteroseksuele as homoseksuele tot gevolg. Die homoseksuele kultuur word gestigmatiseer, juis as gevolg van sosiale dominansie. Dit het stereotipering tot gevolg, wat kontak met albei groepe belemmer en uiteindelik daartoe bydra dat mans en vroue grotendeels aan tradisionele geslagsrolideologieë konformeer. Dit lei op sy beurt tot die duidelike verdeling van geslagshoudings ten opsigte van homoseksualiteit.

Daar kon nie studies opgespoor word wat uitsluitlik op die sosiale interaksiepatrone van die homo- en biseksuele student fokus nie en daar is ’n tekort aan studies wat uitsluitlik op individue se ervarings ten opsigte van sosiale interaksie met die heteroseksuele gemeenskap, asook die verband tussen rasse-agtergrond en homofobie, fokus. Dit is ook ’n punt wat deur Kim, D’Andrea, Gaughen en Sahu (1998) aangeraak word. Die grootste deel van die oorsig het gefokus op die belangrikheid van tersiêre instansies om programme in plek te hê om sowel heteroseksuele as homoseksuele studente met sosiale aanpassingsprobleme te help.

Hierdie studie sal fokus op die wyse waarop die homoseksuele student homself binne ’n oorwegend heteroseksuele studentegemeenskap vestig deur van sekere strategieë gebruik te maak (met verwysing na Rogers en Buffalo, 1974). Die wyse waarop die homo- en biseksuele student se ervaring van homofobiese houdings jeens hulle al dan nie hul interaksie met die heteroseksuele studentegemeenskap beïnvloed, sal as basis dien vir moontlike aanbevelings vir die implementering van ondersteuningsprogramme by die universiteit.

Pectora roborant cultus recti

Hoofstuk 3

Navorsingsmetodologie

3.1 Doelstellings van die ondersoek

Die doel van hierdie studie is tweeledig:

- Die primêre doelstelling is om die ervarings en persepsies van sosiale interaksie van ’n geselekteerde groep homo- en biseksuele studente te ondersoek. Die studie ondersoek tot watter mate hul seksuele oriëntasie hul sosiale interaksie met die heteroseksuele studentegemeenskap beïnvloed en van watter strategieë hulle gebruik maak om by die heteroseksuele studentegemeenskap in te skakel.
- Die sekondêre doelstelling is om moontlike aanbevelings vir tersiêre instansies in Suid-Afrika te maak ten einde die sosiale uitsluiting van homo- en biseksuele studente teen te werk.

3.2 Die keuse van navorsingsparadigma

In sosiale navorsing bestaan daar drie navorsingsparadigmas, naamlik die kwalitatiewe, kwantitatiewe en deelnemende-aksie-paradigma (Babbie & Mouton, 2001). Alhoewel paradigmas ook na die navorsingsmetodes en -tegnieke kan verwys, word hier eers na die spesifieke benaderings verwys, soos deur die verskeie tradisies ondersteun word. Hierdie drie paradigmas word deur drie metateoretiese tradisies ondersteun: die kwalitatiewe paradigma deur die fenomenologie, die kwantitatiewe paradigma deur die positivisme en die deelnemende-aksie-paradigma deur die kritiese teorie (Neuman, 2003).

3.2.1 Die kwantitatiewe paradigma ondersteun deur die positivisme

Hier val die klem van die navorsing op die rasionele opsie; daar word van kwantitatiewe data, eksperimente, vraelyste en statistieke gebruik gemaak. Hipoteses word getoets deur eksakte objektiewe navorsing wat deur syfers meetbaar is. Die navorser is ’n buitestaander tydens die navorsingsproses. Die navorsing moet waardevry wees. Met betrekking tot menslike gedrag en sosiale instellings word van die positivistiese standpunt uitgegaan dat alles deur die verband tussen oorsaak en gevolg verklaar kan word (Neuman, 2003: 72). Die benadering ten opsigte van die

hipotese van ’n studie is dus verklarend. Die twee algemene voorwaardes waaraan verklarings moet voldoen, is:

1) dit moet geen logiese teenstrydighede inhou nie, en

2) die feite moet deurlopend ondersteun word.

Kortom, hier val die klem op objektiwiteit gegrond op reëls, met ander woorde alles is meetbaar deur ’n vasgestelde, voorafbepaalde stel reëls.

3.2.2 Die deelnemende aksie-paradigma ondersteun deur die kritiese teorie

Die kritiese teoretiese tradisie kritiseer die subjektiwiteit van die fenomenologiese tradisie en die streng empiriese benadering van die positivisme. Hier is die fokus op navorsing wat refleksief van aard is, wat terselfdertyd krities na die navorsing sowel as die navorsingsonderwerp kyk en dus noodwendig polities is (Neuman, 2003: 81). Die uitkoms van hierdie tradisie is verandering, dit wil sê die navorsing moet doelbewus as katalisator vir verandering dien. Voorbeelde van navorsingstemas sou enige vorm van sosiale diskriminasie insluit. Die navorser sal selfs sover gaan om doelbewus as deelnemer betrokke te bly om, 1) die maksimum blootstelling deur middel van mediadekking te verseker en 2) die individue teen wie gediskrimineer word, te bemagtig. Die navorser bly dus nie net as deelnemer op mikrovlak betrokke nie, maar ook op makrovlak. Die klem val daarop dat sowel die navorser as die waargenomenes mede-eienaarskap tydens die navorsingsproses moet aanvaar. Die algemeenste voorwaarde waaraan verklarings moet voldoen, is dat die teorie mense van hulpmiddels moet voorsien om hulself te bemagtig ten einde hul wêreld beter te verstaan.

3.2.3 Die kwalitatiewe paradigma ondersteun deur die fenomenologiese tradisie

Die fenomenologiese tradisie fokus op die verstaan (*Verstehen*) van die alledaagse ervarings van mense in spesifieke areas en omstandighede (Neuman, 2003: 75; Babbie & Mouton, 2001; De Vos, 1998: 241). Dit fokus op die eksterne invloede wat interne gevoelens motiveer en is verkennend van aard. Die navorser probeer hier deel van die ervaringsveld van die waargenomes word en tree as binnestaander op. Hier is die doel van die navorsing om uit te vind hoe interaksie tussen mense plaasvind en hoe die mens van sy alledaagse bestaan sin maak. Waar die positivistiese tradisie in waardevrye navorsing glo, is die fenomenologies tradisie sterk gegrond op die invloed van waarde-ekspressie (persoonlike opinies en gevoelens), met ander woorde

subjektiwiteit. Die algemeenste voorwaarde waaraan hierdie eksploratiewe navorsing moet voldoen, is dat die teorie moet sin maak vir diegene wat ondersoek is.

Soos vermeld, is die doel van hierdie tesis om die ervarings en persepsies van ’n geselekteerde groep homo- en biseksuele studente weer te gee, en val die klem op beskrywende navorsing. Daarom was die navorser oortuig dat die kwalitatiewe paradigma die mees geskikte sou wees. Die keuse om die kwalitatiewe paradigma te gebruik, is dus suiwer gegrond op die doel van hierdie navorsing om betekenisvolle sosiale interaksie te verstaan en te beskryf.

3.3 Die keuse van navorsingsontwerp

Babbie en Mouton (2001: 88) verduidelik dat die keuse van navorsingsontwerp eers duidelik is wanneer die eenheid van analise vasgestel is. Hulle onderskei tussen vyf eenhede van analise, naamlik individue, groepe, organisasies en instansies, kulturele objekte, en sosiale aksies. Aangesien hierdie navorsing oor individue se ervarings en persepsies met betrekking tot sosiale interaksie handel, is die individu dus die eenheid van analise.

Verder onderskei Babbie en Mouton (2001) drie aspekte van die eenheid van analise wat ondersoek kan word, naamlik eienskappe, oriëntasie en aksies. Hierdie drie aspekte hoef nie noodwendig in die navorsing geskei te word nie. In hierdie studie is al drie aspekte relevant:

1) eienskappe van die individu: dit sal ter sprake kom wanneer elke individu se openbaringsproses, wat moontlik sy/haar interaksie met ander kan beïnvloed, ondersoek word
2) oriëntasie van die individu: die individu se seksuele oriëntasie, en tot watter mate dit sy/haar interaksie met ander kan beïnvloed, sal ter sprake kom
3) aksies van die individu: hier sal veral gefokus word op die strategieë wat die individue met betrekking tot sosiale interaksie gebruik.

Babbie en Mouton (2001: 270) onderskei tussen drie kwalitatiewe navorsingsontwerpe, naamlik etnografiese studies, lewensgeskiedenis en gevallestudies. Alhoewel die drie ontwerpe eienskappe gemeen het (soos ’n

gedetailleerde verhouding tussen navorser en subjek, ’n klein hoeveelheid gevalle en ’n multimetode-benadering), verskil die ontwerpe soos volg:

1) Etnografiese studies: Die fokus is om die kultuur en die aktiwiteite vanuit die subjek se ervaringsveld te verstaan. Die metode wat gebruik word, sluit deelnemende waarneming in, en dit is die algemeenste navorsingsmetode in die antropologieveld. (Sien 3.4 vir ’n verduideliking hoekom dit nie vir hierdie studie geskik was nie.)
2) Lewensgeskiedenis: Hier val die klem op die individu se lewensverhaal soos vertel in sy/haar woorde. Dit word oor die verloop van ’n paar jaar gedoen .
3) Gevallestudie: Hier val die fokus op die interaksie tussen ’n spesifieke subjek en sy konteks, en word die verskeie eksterne invloede/veranderlikes wat ’n rol in die subjek se interaksie met sy konteks speel, in ag geneem.

Nadat al bogenoemde navorsingsontwerpe in ag geneem is, is besluit om van gevallestudies as navorsingsontwerp gebruik te maak.

3.4 Die keuse van navorsingsmetode

In die kwalitatiewe navorsingparadigma bestaan verskeie data-insamelingsmetodes. Babbie en Mouton (2001: 287) verwys na:

1) onderhoude (basiese onderhoude, in-diepte onderhoude en fokusgroep-onderhoude), en
2) waarneming en deelnemende waarneming.

Vir hierdie studie is basiese onderhoude gebruik. Hieronder word verduidelik waarom deelnemende waarneming nie vir hierdie navorsing geskik sou wees nie, en daarna word onderhoude as navorsingsmetode bespreek.

3.4.1 Waarneming en deelnemende waarneming

Babbie en Mouton (2001: 293) onderskei tussen waarneming en deelnemende waarneming. Data wat met blote waarneming ingevorder kan word, is byvoorbeeld fisiese tekens, uitdrukkings (liggaamlike bewegings), fisiese ligging, taal en tyd (met verwysing na hoe lank die subjek die geobserveerde taak behartig). Blote waarneming sou nie vir hierdie navorsing geskik wees nie, omdat die doel van hierdie navorsing veel dieper strek as iets wat waargeneem kan word.

Aangesien die antropologieveld hom hoofsaaklik ten doel stel om die mens en die milieu waarin hy/sy hom/haar bevind, te analiseer, sou die ideale navorsingsmetode deelnemende waarneming wees, maar dit hou ook sekere probleme vir die navorser in. Die rol van die antropoloog as blote waarnemer sou in dié geval beperkend van aard wees in die sin dat observasie die inligting omtrent die onderwerp sou beperk. Vanweë die navorser se eie seksuele oriëntasie (haar heteroseksualiteit) sou deelnemende waarneming nie geskik wees nie.

As alternatief stel Taylor en Bogdan (1984: 80) voor dat onderhoudvoering veral in die volgende gevalle as die ideale alternatief gebruik kan word:

- wanneer die navorsingobjektief duidelik is *(hier is dit wel die geval)*
- wanneer die mense wat by die navorsing ter sprake is, andersins moeilik bekombaar is *(hier is dit wel die geval)*
- wanneer die navorser se tyd beperk is *(wat wel die geval was)*
- wanneer die omvang van die navorsing baie mense insluit *(dit sou hier die geval wees en daarom is besluit om die onderhoude tot 14 te beperk)*
- wanneer die navorser sover moontlik die subjektiewe menslike ervarings wil toelig *(wat sonder twyfel met hierdie navorsing die geval is)*.

Die enigste wyse waarop ware deelnemende waarneming sou kon plaasvind, sou wees as die navorser lid van die waargenome groep sou word. Dit sou haar fisieke teenwoordigheid behels, wat beteken dat sy in die kringe sou moes beweeg waarin die groep beweeg en hul lewenservaring deel, asook toegang tot die sosiale en simboliese wêreld van hierdie groep sou moes kry. Dit sou slegs kon plaasvind deur hierdie lewenswyse aan te neem en hul gewoontes, terminologie en nieverbale kommunikasiemetodes te leer (Robson, 1993: 194). Vanwee die navorser se heteroseksualiteit sou haar lidmaatskap nie oortuigend wees nie.

Die navorser het blote waarneming gedoen deur van die mees gewilde homoseksuele klubs in Kaapstad te besoek. Tydens hierdie besoeke het sy heelwat Stellenbosch-studente raakgeloop (die keuse van kuierplekke word ook tydens die onderhoude bespreek). ’n Beperking van deelnemende waarneming in hierdie studie sou wees dat dit die uitkoms van die ondersoek sou kelder, deurdat die vrae wat tydens

onderhoudvoering gevra is, nie die gewone vrae is wat kennisse aan mekaar stel wanneer hulle vir die eerste keer ontmoet nie. Omdat die homoseksuele studente ook nie juis ’n spesifieke kuierplek het nie, sou daar ook nie noodwendig kon aanvaar word dat die persoon homoseksueel is of nie. Aangesien seksuele voorkeure ook nie ’n onderwerp is wat vreemdelinge met mekaar deel nie, moes ’n ander navorsingsmetode as opsie oorweeg word.

3.4.2 Onderhoude

Omdat die studie ten doel het om die sosiale interaksie van die homo- en biseksuele student binne ’n heteroseksuele studentegemeenskap te ondersoek, is daar van ’n aantal semi-gestruktureerde onderhoude gebruik gemaak. Soos reeds genoem, onderskei Babbie en Mouton (2001) tussen basiese, in-diepte en fokusgroep-onderhoude, wat soos volg verskil:

- Basiese onderhoude: Die klem val op die aanpasbaarheid van die onderhoude en die subjek word toegelaat om in sy/haar eie woorde vrae te beantwoord wat nie noodwendig vooraf bepaal is nie. (Sien afdeling 3.5.5 vir die volledige verduideliking van tegnieke wat in hierdie studie gebruik is.)
- In-diepte onderhoude: Anders as die basiese onderhoude, val die klem hier op die interpretering van die antwoorde van die subjekte deur uitgebreide ontledings met tipiese “hoekom”-vrae te doen.
- Fokusgroep-onderhoude: Hier word gebruik gemaak van ’n groep subjekte met wie daar gelyktydig onderhoude gevoer word.

Die in-diepte onderhoude sou in hierdie geval te tydrowend wees en die fokusgroep-onderhoude sou nie geskik wees nie, omdat gehaltedata verlore sou raak vanweë die persoonlike aard van die onderwerp en omdat die studente op verskillende vlakke van hul openbaringsproses was. Die eenheid van analise was ook ’n bepalende faktor en aangesien hier op individue gefokus is, was die basiese onderhoud die geskikste metode. Die onderhoude was semi-gestruktureerd, wat beteken dat die navorser wel ’n vasgestelde raamwerk gehad het waarvolgens die onderhoud plaasgevind het, maar dat sy met die stel van opvolgvrae deur die antwoorde van die studente gelei is.

3.5 Die navorsingsprosedure en -tegnieke

Kvale (aangehaal deur Babbie & Mouton, 2001: 290) beskryf sewe stappe in die onderhoudsproses: 1) tematisering, 2) ontwerp, 3) onderhoudvoering, 4) transkripsie, 5) analise, 6) verifiëring, en 7) rapportering. Stap 2, naamlik ontwerp, is tot dusver in hierdie hoofstuk bespreek. Hieronder volg stappe 1, 3 en 4 (daar word melding gemaak hiervan). Stappe 5, 6 en 7 sal in hoofstuk 4 en 5 bespreek word.

3.5.1 Die navorsingsproses – vooraf

Nadat daar oor die onderwerp opgelees is, is ’n literatuuroorsig oor ’n aantal moontlike fokuspunte saamgestel. Alhoewel baie navorsing reeds by ander universiteite gedoen is, was die fokus tot nou toe grotendeels gevestig op redes waarom heteroseksuele studente homofobiese neigings toon. Baie min studies is gedoen oor die ervaring van homofobiese houdings van die homo- en biseksuele studente se perspektief. Nadat ’n paar fokuspunte vasgestel is, is ’n raamwerk saamgestel wat gebruik sou word om die navorser tydens die onderhoude te lei en wat moontlik ook met die ondersoek van bestaande teorieë sou help. Een van die aspekte van die voorbereidingsfase was dat die navorser haar emosioneel moes voorberei voordat sy byvoorbeeld die klubs besoek het, juis omdat dit nie plekke was wat sy normaalweg besoek nie. Alhoewel haar belangstelling opreg is, moes sy dikwels daarop let om nie veroordelend voor te kom nie. Hierdie aspek vorm volgens De Vos (1998: 257) deel van die voorbereidingsfase.

3.5.2 Die wyse waarop vrywilligers bekom is

Vanweë die sensitiewe aard van hierdie navorsing was die soeke na vrywilligers nie ’n maklike taak nie. Die navorser moes dus sorgvuldig en metodies te werk gaan om toegang tot die Les-bi-gay-vereniging te verkry. Die eerste stap was om ’n brief aan die voorsitter van die Les-bi-gay-vereniging te rig, waarin die navorser die onderwerp van die tesis verduidelik het asook die feit dat vrywilligers vir die studie benodig word. Tydens die openingsaand van die vereniging is die navorser ’n spreekbeurt gegun om haar en die navorsingsonderwerp bekend te stel. Die aand is bygewoon deur mense met verskeie seksuele voorkeure (homo-, bi- en heteroseksuele mense) en so het meer mense van die studie te hore gekom. In hierdie geval was die tipiese sneeubal-effek ter sprake (Taylor & Bogdan, 1984: 83) en het die studente onder mekaar begin praat. Dit is gevolg deur ’n artikel in *Die Matie,* die US se

studentekoerant, waarin ’n studentejoernalis na die studie en die feit dat vrywilligers benodig word, verwys het. Die navorser se kontaknommer en e-posadres het in die artikel verskyn en in die daaropvolgende dae het 14 studente op die artikel gereageer. Die navrae het die mediese kampus by Tygerberg Hospitaal ingesluit, omdat die studentekoerant ook op die Tygerberg-kampus versprei word. Die reaksie was verbasend goed, veral as die onderwerp in ag geneem word. Van die vrywilligers het mekaar wel geken, maar korrespondensie met vrywilligers is ten alle tye privaat en individueel hanteer.

3.5.3 Die keuse van vrywilligers

Die navorser het nie nodig gehad om deelnemers te oortuig om deel te neem nie, aangesien hulle almal vrywilligers was. Sy het wel ’n argument van Atkinson (1998: 26) gebruik wanneer ’n vrywilliger huiwerig was, naamlik dat vrywilligers tot ’n beter begrip van hul lewenstyl bydra deur ’n gedeelte van hul lewensverhaal met ander te deel, veral as dit stereotipes kan verminder. Hierdie argument word dikwels by lewensverhaal-onderhoude gebruik, veral wanneer dit oor kulturele verskille of verskille ten opsigte van seksuele voorkeur handel (Atkinson, 1998: 19).

Dit was ook belangrik dat alle moontlike veranderlikes wat ’n invloed op die student se interaksie kon hê – naamlik ras, agtergrond, geloof, geslag, seksuele oriëntasie, in/uit die kas – in ag geneem is. Die ondehoudsmateriaal van al 14 vrywilligers is gebruik en het al bogenoemde veranderlikes gedek.

3.5.4 Die onderhoudsomgewing

Die meeste van die onderhoude het in die navorser se kantoor plaasgevind, behalwe waar mediese studente betrokke was. In dié geval het die onderhoude by die vrywilliger se koshuiskamer of ouerhuis geskied. Die kantoor was geïsoleer van enige geraas en betreklik vry van invloede wat steurend kon inwerk. Laasgenoemde was noodsaaklik aangesien die onderhoude op band opgeneem is. Shipman (1972: 81) se voorstel dat onderhoudvoering verkieslik moet plaasvind in die omgewing wat die minste invloed op die ware weerspieëling van antwoorde kan hê, is in ag geneem. Onderhoudvoering het individueel en privaat geskied om te verhoed dat vrywilligers deur medevrywilligers of die omgewing beïnvloed word.

3.5.5 Die onderhoudsmetode

Na ’n kort verduideliking per telefoon en e-pos is die vrywilligers van die aard van die onderhoudvoering in kennis gestel. ’n Paar basiese agtergrondvrae is voor die onderhoud aan elkeen gestel ten einde albei partye vir die onderhoud voor te berei. Die navorser het ook op die etiese sy van die metode gelet deur die doel van die onderhoud breedvoerig aan elkeen te verduidelik (Atkinson, 1998: 37; Taylor & Bogdan, 1998: 96).

Dit was baie belangrik vir die navorser dat die vrywilligers haar moes vertrou. Sy het dus voor elke onderhoud ’n duidelike uiteensetting gegee van waarom sy die onderwerp gekies het, waarom sy daarin belangstel en wat sy beplan het om met die data van elke onderhoud te doen. Dit was belangrik vir die wen van vertroue (Bernard, 2000: 195). Die vrywilliger kon dus voor die onderhoud ook vrae van hul eie stel. Dit was ooglopend hoe die vrywilligers onmiddellik meer ontspanne voorgekom het, moontlik omdat hulle ’n geleentheid gegun is om enige onduidelikheid en vrese van hul kant af te openbaar. Dit het onmiddellik ’n vertrouensband tussen navorser en vrywilliger gevestig. Sterk klem is gelê op die feit dat elke onderhoud streng vetroulik hanteer sou word. Hierdie punt is veral beklemtoon by vrywilligers wat nog nie uit die kas was nie en bang was dat studente in hul koshuis van hul seksuele oriëntasie te hore sou kom. Omdat die onderhoude ook op band opgeneem sou word, moes elke vrywilliger toestemming daartoe gee. Daar was wel een van die vrywilligers wat nie wou hê dat die onderhoude opgeneem moes word nie en haar versoek is gerespekteer. Taylor en Bogdan (1984: 103) beskou die navorser se respek vir respondente se versoeke as een van die basiese beginsels van onderhoudvoering.

Kvale (1996: 34) en Taylor en Bogdan (1998: 102) waarsku dat navorsers vrywilligers moet lei deur sekere temas aan te raak, maar hulle nie tot sekere opinies omtrent díe temas moet lei nie. Daarom is daar van ’n kombinasie van ongestruktureerde en halfgestruktureerde onderhoude, wat ook niegestandaardiseerde onderhoude of fokusonderhoude genoem word, gebruik gemaak (Gilbert, 1993: 136; Robson, 1993: 227). Sodoende is verhoed dat die navorser vrywilligers na spesifieke antwoorde lei. Deur oop vrae te gebruik, is vrywilligers die geleentheid gebied om hul ervarings en persepsies te deel.

Die risiko bestaan dat vrywilligers nie eerlik was met die beantwoording van sekere vrae nie, en daarom bestaan die moontlikheid dat die data nie ’n getroue weergawe van die persoon se menings is nie. Omdat die vrae meestal oop was, bestaan die moontlikheid dat vrywilligers ongemaklike vrae kon vermy deurdat die navorser hulle in ’n ander rigting sou lei om hul ongemak te ontduik. Laasgenoemde is ’n strik waarin antropoloë maklik kan trap, en een waarteen Pelto en Pelto (1978: 81) ook waarsku.

Die volgende basiese tegnieke is tydens onderhoudvoering gebruik:

- **Indringende vrae** (Bernard, 2000: 196; Gilbert, 1993: 140; Gilham, 2000: 69; Taylor & Bogdan, 1984: 96; 1998: 106): Die oop vrae het vrywilligers toegelaat om van betekenisvolle gebeurtenisse in hul lewe te vertel sodat die navorser later in die onderhoud weer daarna kon verwys. Op diè wyse het die navorser die vrywilliger tot sekere antwoorde gelei sonder om woorde in sy/haar mond te plaas. Voorbeelde van hierdie vrae is “Is daar ’n gebeurtenis of iemand spesifiek in jou lewe wat jou denkwyse of leefwyse gevorm het?” of “Dink jy jou seksuele oriëntasie het enige invloed op die wyse waarop jy met mense kommunikeer, of jou keuse van vriende?” of “Jy’t vroeër genoem dat jou ouers baie konserwatief is, veral wat hul geloof betref, en dat julle gesiene mense in jul dorp is. Het dit enige invloed op die feit dat jy hulle nog nie vertel het dat jy homoseksueel is nie?”
- **Kontrasterende vrae:** Hier word verwys na die navorser wat die vrywiliger gelei het om spesifieke situasies en sy/haar interpretasie of optrede te vegelyk. “Verskil jou vriendekring nou in vergelyking met toe jy op skool was?” en “Het die feit dat jy toe in die kas was en nou nie meer is nie, ’n verskil in jou keuse van vriende gemaak?”
- **Beskrywende vrae:** Die navorser het veral beskrywende vrae gebruik wanneer sy die vrywilliger se opinie omtrent ’n bestaande teorie wou toets, byvoorbeeld (met verwysing na die kontakteorie) “Dink jy meer kontak tussen die homo- en heteroseksuele studente sou moontlik kon bydra tot die vermindering van stereotipes?”. Dit sluit ook vrae in waar ’n meer breedvoerige antwoord van die vrywilliger verlang word, byvoorbeeld “Beskryf jou sosiale lewe, aktiwiteite en die mense met wie jy graag tyd spandeer”.

- **Kruiskontrole** (Taylor & Bogdan, 1984: 98; 1998: 108): Met hierdie metode het die navorser seker gemaak dat die vrywilliger die waarheid omtrent sekere gebeure weergee deur dit later in die gesprek op te volg, of om die vrywilliger direk ’n kruisvraag te vra. Voorbeelde hiervan is “Dink jy jou opinie/ interpretasie van die gebeure sou anders gewees het indien jy wel uit die kas was en wel kontak gehad het met ander homoseksuele studente?” en “Is jou opinie gebaseer op ervaring, of gegrond op dít wat jy by ander gehoor het?”. Op dié wyse was die vrywilliger genoodsaak om sy/haar opinies te bevraagteken.
- **Normalisering** (Taylor & Bogdan, 1998: 108): Hierdie is ook ‘n manier om indringende vrae te vra. Wanneer die navorser kon agterkom dat die vrywilliger ongemaklik was deur iets wat hy/sy so pas gesê het en met daaropvolgende vrae minder spraaksaam was, het sy die vrywilliger se reaksie probeer regverdig deur dit te normaliseer. Voorbeelde hiervan is “Baie mense sou ongemaklik gevoel het as iemand jou as ‘abnormaal’ beskou het. Hoe het jy gevoel?” of “Om in ’n plek te wees waar die meeste mense neerhalend praat van ’n groep mense wat jy ken, kan mens nogal ontstel. Hoe voel jy as jou maats in die koshuis neerhalend van lesbiërs praat?”. Hierdie metode was veral nodig tydens onderhoude met vrywilligers wat nog in die kas is.
- **Indirekte vrae** (Gilbert, 1993: 139): Dié beginsel berus op die aanname dat vrywilligers makliker hul negatiewe ervarings deel wanneer hulle dit aan ander mense kan koppel. Die navorser het hierdie metode gebruik wanneer sy voorsien het dat die vrywilliger ongemaklik sal voel om sy/haar negatiewe opinies te deel, byvoorbeeld “Hoekom dink jy sou ander biseksuele studente nie by die Les-bi-gay-vereniging, wat oorwegend homoseksuele studente as lede het, aansluit nie?”. In hierdie geval kan die vrywilliger geen idee hê hoekom ander biseksuele studente nie by die vereniging sou wou aansluit nie, en sal hy/sy daarom op grond van persoonlike ondervinding antwoord. Op dié wyse kon die navorser ’n ware weerspieëling van die vrywilliger se ervarings bekom.

3.5.6 Die onderhoudstruktuur (tematisering)

Die meeste vrae was oop om vrywilligers die geleentheid te bied om hul eie mening te gee en ook om hopelik meer inligting te bekom oor ander kwessies wat moontlik

tydens die onderhoude kon opduik. Hier volg die uiteensetting van die tipiese verloop van ’n onderhoud en die temas wat die navorser gedek het.

3.5.6.1 Identiteit

- Vertel my meer omtrent jouself. *Die doel van hierdie vraag is om vrywilligers die geleentheid te bied om spontaan oor hulself, hul belangstellings ensovoorts, te gesels. Hieruit kan afgelei word of die persoon spontaan sy/haar seksuele voorkeure met ander deel.*
- Is jy ’n erkende homo-/biseksueel? *Hieruit kan afgelei word of die persoon reeds sy seksuele voorkeur aan sy/haar ouers openbaar het.*
- Hoe gemaklik is jy met wie jy is? *Hieruit kan afgelei word of die student se seksuele voorkeur ’n prominente rol in sy/haar lewe speel en of hy/sy dit net as nog ’n eienskap van hom/haar persoonlikheid beskou.*
- Hoe identifiseer jy jouself binne die studentesamelewing ten opsigte van jou seksualiteit? *Hieruit kan afgelei word of die student gemaklik in die sosiale sy van studentwees pas.*

3.5.6.2 Geslagsrolideologie

- Indien jy wel al die slagoffer van homofobie was, watter geslag se houding was meer negatief teenoor jou?
- Het jou seksuele oriëntasie enige invloed gehad op jou keuse van studierigting? Indien wel, verduidelik asseblief.
- Gegrond op jou ervaring, watter geslag is meer geneig daartoe om geteister te word of om negatiewe houdings van die heteroseksuele studentegemeenskap te beleef?
- Gestel homofobie kom wel in koshuise voor; kom dit die meeste by mans- of dameskoshuise voor? Hoekom?

3.5.6.3 Kontakteorie

- Dink jy dat jou sosiale interaksie met die heteroseksuele studentegemeenskap anders sou wees indien jy nie jou seksuele oriëntasie bekend gemaak het nie?
- Hoe maklik/moeilik is dit na jou mening om in ’n koshuisopset aanvaar te word wanneer jou seksuele oriëntasie bekend is? *Die doel van hierdie vraag is om*

sosiale interaksie binne die leefruimte van 'n dominante heteroseksuele studentegemeenskap te ondersoek en om die graad van sukses van die kontakteorie te ondersoek.

- Dink jy dat meer kontak tussen hetero- en homoseksuele studente tot die vermindering van homofobie kan lei?

3.5.6.4 Stereotipering

- Wat, na jou mening, is die stereotipes van die manlike en vroulike homo- en biseksuele student op hierdie kampus?
- Is dit moeilik of maklik om stereotipering ten opsigte van seksuele voorkeure te verminder? Verduidelik asseblief.
- Tot watter mate dink jy dra die homo- en biseksuele student by tot dié stereotipes?

3.5.6.5 Kwessies binne die homoseksuele studentegemeenskap

- Watter subkwessies bestaan in die homoseksuele studentegemeenskap?
- Dink jy die volgende dra by tot subkwessies binne die homoseksuele studentegemeenskap: ras, geslag, geloof, klas (gegrond op inkomste) ensovoorts?
- Speel taalvoorkeur enigsins 'n rol by die openbaringsproses? Waarom?
- Sou 'n student met 'n sterk Christelike opvoeding moeiliker sy/haar seksualiteit aanvaar as 'n student met vrye godsdiensvoorkeure, dit wil sê 'n meer sekulêre benadering? Waarom?
- Word lesbiese verhoudings dieselfde as manlike homoseksuele verhoudings hanteer binne die homoseksuele studentegemeenskap?
- Hoe word biseksuele gedrag binne die homoseksuele studentegemeenskap aanvaar?
- Dink jy aspekte soos klas, geloof, ras en belangstellings is dieselfde beslissende faktore vir motivering om 'n verhouding met iemand te hê binne die homoseksuele verhouding as binne die heteroseksuele verhouding?

3.5.6.6 Ondersteuningsnetwerk

Uit vrae omtrent groepsvorming het die navorser vrae geformuleer ten einde die behoefte vir ’n ondersteuningsgroep te toets. Volgens Higgins en Buttler (1982) vorm afwykendes soms groepe wat mekaar moreel en emosioneel ondersteun. Die doel van dié groep is dan ook om hul afwyking te regverdig. Hulle stel vir lede ’n stel “reëls” op wat tot ’n solidariteitsgevoel bydra. Die navorser het dus vrae gestel om die behoefte al dan nie vir ondersteuningsnetwerke te toets.

Deelname aan die groep kan ook sekere voordele vir die individu inhou. Vrae hieroor is ook gestel en vergelykings oor sosiale interaksie met die konvensionele groep kon getref word, tussen individue wat nie aan ’n groep behoort nie en individue wat wel aan ’n groep behoort (sien hoofstuk 4). Binne groepe kan ook subafdelings voorkom, waar ’n aparte groep afwykendes na vore sal kom wat wel tot die konvensionele wil konformeer en dan die res van die afwykende groep sal vermy. (Dit het duidelik in die onderhoude na vore gekom. Sien veral die onderhoud met Henk in hoofstuk 4).

Die volgende vrae rakende ’n ondersteuningsnetwerk is gevra:

- Het jou familieopset ’n rol gespeel in die wyse van erkenning/ontkenning van jou seksuele oriëntasie? *Hieruit kon afgelei word of die student se familieopset enige bydrae tot die gemaklikheid van die openbaringsproses gehad het.*
- Hoe ontvanklik dink jy is Stellenbosch se heteroseksuele studentegemeenskap vir homo-/biseksuele studente?
- Dink jy daar bestaan ’n platform waar studente hul mening ten opsigte van die fokus op diversiteit van die studentebevolking, spesifiek ten opsigte van seksuele oriëntasie, kan lug?
- Is jy bewus van enige studente-ondersteuningsgroep waar homo-/biseksuele studente vir hulp kan aanklop indien hulle die slagoffers van homofobie of teistering is?
- Is jy bewus van enige geïnstitusionaliseerde afdeling van die universiteit waar programme in plek is wat homo-/biseksuele studente kan help wat emosionele probleme ervaar wat uit hul seksuele oriëntasie spruit?

- Indien wel, het jy al van die studentevereniging of afdeling se hulp gebruik gemaak?
- Hoe het jy nuwe vriende gemaak?
- Is daar uithangplekke wat gereeld deur homo-/biseksuele studente besoek word? Waarom juis dié plek? *Die doel van hierdie vraag is om uit te vind waarom juis díe plekke deur die homo-/biseksuele studente besoek word.*
- Sou jy die vrymoedigheid hê om sosiale funksies met jou metgesel by te woon, selfs al is die meeste gaste heteroseksueel? *Die doel van hierdie vraag is om vas te stel of homo-/biseksuele studente genoegsame ondersteuning het om wel díe tipe funksies by te woon, en verdedigings-/oorlewingstegnieke aangeleer het om sosiale uitsluiting te hanteer.*

Na afloop van elke onderhoud het die transkripsie van die onderhoude plaasgevind (stap 4).

3.6 Probleme

Kwalitatiewe navorsing hou vier kernprobleme in, naamlik geldigheid, veralgemening, objektiwiteit en geloofwaardigheid, waarvan interne en eksterne geldigheid seker die algemeenste probleme is (Dooley, 1995: 272; Robson, 1993: 67). In hierdie geval sou daar geargumenteer kon word dat, vanweë die feit dat die navorsing grotendeels op die opinies van ’n beperkte aantal vrywilligers gebaseer is, die studie sou kon veralgemeen, met ander woorde dat eksterne geldigheid nie nagekom is nie. Dieselfde bedreiging geld ook vir interne geldigheid, naamlik dat die navorser moontlik afleidings kon maak deur veranderlikes met mekaar te verbind wat nie noodwendig ’n invloed op mekaar gehad het nie. ’n Voorbeeld hiervan is die aanname, omdat die meeste vrywilligers wat uit die kas is Engelssprekend is en Engelssprekendes ’n meer liberale houding jeens seksualiteit openbaar, dat meer Afrikaanssprekende as Engelssprekende studente nog in die kas is. (In hierdie geval toon die bevindings in hoofstuk 4 tog ’n beduidende verhouding.)

Omdat die navorsing uitsluitlik op die weergawe en interpretasies van 14 studente berus het, bestaan die moontlikheid dat dit nie die absolute waarheid is nie. Tog moet die vraag gestel word of die doel van hierdie tesis is om die absolute waarheid te

bekom, of om ervarings van die sosiale wêreld met ander te deel. Die navorser stem saam met Silverman (1997: 100) dat navorsing nie ’n spieëlbeeld kan verskaf van die sosiale wêreld waarna positiviste strewe nie, maar dat dit wel toegang kan verkry tot die betekenis wat mense aan hul ervarings van die sosiale wêreld heg.

Verder kon die identiteit van die navorser (dit wil sê dat sy ’n bruin heteroseksuele vrou en ’n personeellid van die Universiteit Stellenbosch is) moontlik ook ’n invloed op die antwoorde van die vrywilligers hê. Daar moes in ag geneem word dat haar waardes, belangstellings en moontlike vooropgestelde idees moontlik ’n bedreiging vir objektiwiteit kon inhou.

Met betrekking tot die geloofwaardigheidsaspek van hierdie studie, was dit vir die navorser belangrik om gedurig na die teorieë te verwys om te toets of die bevindings wel geloofwaardig was, al dan nie. Dit was dus belangrik om volledige inligting weer te gee, en waar vrywilligers oor hul eie opinies onseker was , moes sy dit so aandui.

Pectora roborant cultus recti

Hoofstuk 4

Bevindings

4.1 Inleiding

Hierdie hoofstuk bied eerstens ’n kort agtergrondskets van elke student, waarna elke tema wat in hoofstuk 3 geïdentifiseer is afsonderlik bespreek word deur die terugvoering wat van elke student ontvang is, weer te gee.

Tabel 1: Opsommende profiel van studente[5]

N= 14

Naam	Geslag	Ras	Koshuis/ Privaat	In/ Uit die kas	Homo/ Biseksueel	Eerstejaar/ Senior	Studie-rigting
Zoë	Vroulik	Wit	Koshuis	Uit	Homoseksueel	Eerste	Regte
Marí	Vroulik	Wit	Koshuis	In	Homoseksueel	Eerste	Landbou
Steve	Manlik	Bruin	Koshuis	Uit	Homoseksueel	Senior	Medies
Thandi	Vroulik	Swart	Koshuis	In	Biseksueel	Eerste	Medies
Heike	Vroulik	Wit	Koshuis	In	Biseksueel	Eerste	BSc
Henk	Manlik	Wit	Privaat	Uit	Homoseksueel	Senior	BComm
Tertius	Manlik	Wit	Privaat	In	Homoseksueel	Senior	Drama
Matthew	Manlik	Wit	Privaat	Uit	Homoseksueel	Senior	Medies
Wynand	Manlik	Wit	Koshuis	In	Homoseksueel	Senior	BRek
Leana	Vroulik	Wit	Koshuis	In	Biseksueel	Eerste	Regte
Hennie	Manlik	Wit	Privaat	Uit	Homoseksueel	Senior	BComm
Chloë	Vroulik	Bruin	Privaat	Uit	Homoseksueel	Eerste	Regte
David	Manlik	Bruin	Koshuis	In	Homoseksueel	Senior	BComm
Vashti	Vroulik	Wit	Privaat	Uit	Homoseksueel	Senior	Joernalistiek

[5] Om die identiteit van die studente te beskerm, is fiktiewe name gebruik.

4.2 Agtergrondskets van studente

Hier volg ’n kort agtergrondskets van elke student.

Zoë

Zoë is ’n eerstejaarstudent in die Regte afkomstig van Johannesburg. Sy is ’n wit, Afrikaanssprekende meisie wat haar baie sterk oor vroueregte en die rol van die vrou in die samelewing uitspreek. Sy glo haar seksuele voorkeur het ’n rol in haar keuse van beroep gespeel, want sy het geweet met die gereg aan haar kant sou sy ’n stewiger voet hê om op te staan wanneer daar op grond van haar seksuele voorkeur teen haar gediskrimineer word. Alhoewel sy uit die kas is, in die sin dat sy reeds vir haar ma, haar sielkundige en vriende vertel het, is sy nie sosiaal uit die kas nie. Dit beteken dat sy nie graag op haar seksuele voorkeure fokus wanneer sy in geselskap is nie, dat sy haar seksualiteit as net nog ’n aspek van haar menswees sien en dat sy eerder op haar belangstellings sal fokus. Sy het by die Les-bi-gay-vereniging aangesluit omdat sy “veilig” voel daar.

Marí

Marí studeer BSc Landbou en woon in ’n koshuis. Sy is ’n stil, teruggetrokke, wit, Afrikaanssprekende eerstejaarstudent wat nie sommer met vreemdelinge sal gesels nie. Sy sal egter nie huiwer om haar standpunt te stel wanneer daar teen homoseksueles gediskrimineer word nie. Sy geniet die geselskap van mense wat die lewe nie te ernstig opneem nie en wat ’n goeie sin vir humor het. Sy is ’n homoseksuele wat nog in die kas is, aangesien sy nog nie vir haar ouers vertel het nie. Sy is tans in ’n verhouding met ’n biseksuele meisie. Haar primaria en inwonende hoof het uitgevind, haar direk gekonfronteer en sy het teenoor hulle geopenbaar. Intussen het haar kamermaat uitgetrek en het sy nou ’n enkelkamer, wat heeltemal ongewoon vir ’n eerstejaar is (alle eerstejaars deel kamers). Sy is lid van die Les-bi-gay-vereniging.

Steve

Steve is ’n bruin, Engelssprekende derdejaar- mediese student. Hy is ten volle uit die kas; by sy ouers, sy vriende en sosiaal. Hy woon in een van die koshuise op die Tygerbergkampus. Steve het ’n groot vriendekring, hy is baie verbaal en sal nie huiwer om sy standpunt te stel wanneer kwessies oor homoseksualiteit in die

geselskap sou opduik nie. Hy is dankbaar vir die soliede huishouding waaruit hy kom en dat hy die vrymoedigheid kon hê om eerlik met sy ouers te wees oor sy seksuele oriëntasie. Hy glo dat dit baie moeiliker vir homoseksuele studente moet wees om hul homoseksualiteit te aanvaar wanneer hulle self nie binne ’n soliede huishouding ’n “normale lewenstyl” gehad het nie. Steve glo hy weet wie hy is, hy ken sy sterkpunte en sy tekortkominge en hy is gemaklik met wie hy nou is. Hy kom voor as iemand wat graag oor sy passies gesels en hy beskou sy homoseksualiteit as net nog ’n gedeelte van sy persoonlikheid en dat dit beslis nie die sentrale punt van sy lewe uitmaak nie. Steve is nie lid van die Les-bi-gay-vereniging nie.

Thandi

Thandi is ’n swart, Xhosasprekende eerstejaarstudent. Sy studeer medies en woon in een van die koshuise op die Tygerbergkampus. Sy is biseksueel en is nog in die kas. Sy kom baie stil voor, en tog beskryf sy haarself as ’n ekstrovert. Sy het altyd in die mediese veld belang gestel en het nog altyd geweet sy wil ’n dokter word, Sy glo dat haar seksuele voorkeur nie haar keuse van studierigting beïnvloed het nie. Op skool het sy leierskapsposisies beklee, onder andere as hoofprefek van haar skool. Dit is vir haar baie makliker om met ’n vreemdeling oor haar seksuele voorkeure te gesels as met haar familie. Sy voel dit sal vir haar “onmoontlik” wees om met haar familie hieroor te gesels. Thandi se ma is ’n sielkundige en ten spyte hiervan is sy steeds huiwerig om met haar hieroor te praat. Thandi erken dat sy nog onseker is oor haar seksualiteit en beskou hierdie fase van haar lewe as ’n ontdekkingsfase. Sy is nog verward en is nog besig om haarself te vind. Sy glo die feit dat sy nou so ver weg van haar familie is, sal haar tyd gee om haarself beter te leer ken. “*I can start afresh and actually just be myself*”. Terselfdertyd glo sy dat dit nie die kern van haar menswees uitmaak nie, en dat dit nie verander wie sy as mens is nie. Sy is nie lid van die Les-bi-gay-vereniging nie.

Heike

Heike is ’n wit, Afrikaanssprekende eerstejaarstudent van Duitse afkoms. Sy studeer BSc en woon in ’n koshuis. Sy is biseksueel en tans in die kas wat haar ouers betref, maar het wel ’n handjievol vriende vertel wat sy hier op Stellenbosch ontmoet het. Sy beskou haarself as ’n baie stil en introverte persoon. Sy sal nie sommer met vreemdelinge gesels nie en hou van kleiner groepe mense. Sy is tans in ’n lesbiese

verhouding; dit is toevallig met die persoon wat sy die eerste keer van haar seksuele oriëntasie vertel het. Sy glo haar seksuele oriëntasie dra daartoe by dat sy ’n introverte persoonlikheid het. Tog glo sy sy sal eerder met ’n vreemdeling oor haar seksuele oriëntasie gesels as met iemand na aan haar, want haar familie kan haar dalk wegstoot. Verwerping deur haar familie is haar grootste vrees. Haar missie vir hierdie jaar is om te oorleef en ter wille van oorlewing in die kas te bly. Sy het by die Les-bi-gay-vereniging aangesluit, maar voel nie sy baat daarby nie. Sy het groter ondersteuning verwag.

Henk

Henk is ’n wit, Afrikaanssprekende derdejaarstudent wat Menslike Hulpbronbestuur studeer. Hy het op die platteland grootgeword. Hy is homoseksueel en totaal uit die kas; by sy ouers, sy vriende en ook sosiaal. Hy het verskeie leierskapsposisies op skool beklee en was onder andere hoofseun van sy skool. Hy het egter eers twee jaar na skool uit die kas gekom. Hy was in ’n manskoshuis in sy eerstejaar, maar bly nou privaat. Hy glo sy seksuele voorkeur het ’n groot rol gespeel in sy keuse om die koshuis te verlaat. Hy stel belang in die politiek en het ook by *Die Matie* betrokke geraak. Hy is tans in ’n verhouding met ’n ouer man. Hy glo dat die ekstrovert ’n masker is en dat hy eintlik ’n introvert is wat definitief ’n een-tot-een-mens is. Hy kom uit ’n tradisionele Afrikanergesin wat op die platteland boer. Hy het reeds op hoërskool in standerd 8 agtergekom dat hy homoseksueel is, maar dit onderdruk omdat hy geweet het dit sou baie teenkanting ontlok. Op hierdie stadium van sy lewe voel hy vry, en die vriende wat hy nou het, is opreg. Henk is nie lid van die Les-bi-gay-vereniging nie.

Tertius

Tertius is ’n wit, Afrikaanssprekende nagraadse dramastudent. Sy lewensverloop verskil effe van die ander studente met wie onderhoude gevoer is. Hy is die oudste van die groep. Hy het in die Vrystaat grootgeword, was daar op skool, het aan Kovsies studeer en na die voltooiing van sy graad besluit om vir twee jaar Londen toe te gaan. Volgens Tertius kom hy uit ’n “verskriklik konserwatiewe Afrikanergesin”. Sy pa is ’n dominee en baie betrokke in die gemeenskap. Hy is homoseksueel, maar baie diep in die kas wat sy ouers en familie in die Vrystaat betref. Sy grootste motivering om Londen toe te gaan was om homself te wees, juis omdat hy voel hy

nooit toegelaat is om homself te wees binne die konserwatiewe milieu waarin hy grootgeword het nie. Dit is ook in Londen, ver weg van die huis, dat hy vir die eerste keer uit die kas gekom het. Die oomblik toe hy terug in Suid-Afrika kom, het hy geweet hy sou nie weer in die Vrystaat kon bly nie en het daarom verkies om sy nagraadse studies in Stellenbosch te kom voortsit. Hy sal uitkom wanneer die tyd reg is. Tertius is nie lid van die Les-bi-gay-vereniging nie.

Matthew

Matthew is 'n Engelssprekende mediese student in sy vierde jaar. Hy is homoseksueel, woon by sy ouers en is ten volle uit die kas; by sy ouers, vriende en sosiaal. Op skool het hy verskeie leierskapsposisies beklee, onder andere as hoofseun van sy skool. Matthew ag homself baie gelukkig om sulke ondersteunende ouers te hê wat hom aanvaar en met wie hy heeltemal eerlik kon wees oor sy homoseksualiteit. Hy beskou sy ouers as baie vrydenkend. Hy woon tans by hulle aan huis. Een van Matthew se belangstellings is sierskaats. Hy was nog op skool toe hy een dag lees dat sy afrigter homoseksueel is. Omdat hy self op daardie stadium met 'n paar persoonlike kwessies geworstel het, het dit hom opnuut oor sy eie seksualiteit laat wonder. Hy glo dit het vir hom baie beteken dat sy afrigter op daardie stadium so eerlik met hom was oor die probleme wat hy as homoseksuele persoon ervaar het.

> *A lot of people get this idea of, oh it's one gay person trying to lead another young boy into being gay and it really wasn't like that at all. He was being very open to me and he told me a lot about how his life is and that it really is not always easy. I think it was good for me at that stage to hear it from him, someone who is dealing with a lot of issues that I would have to deal with*.

Omdat Matthew se afrigter sy ouers redelik goed geken het, het hy hom aangeraai om sy ouers te vertel, wat hy ook gedoen het. Hy het in sy eerste jaar uit die kas gekom. Sy pa het dit absoluut eerlik en direk hanteer: "*Matthew, if you think you could be gay, then it is absolutely fine with me; we (your mother and I) must know where we stand*". Matthew is nie lid van die Les-bi-gay-vereniging nie.

Wynand

Wynand is 'n wit, Afrikaanssprekende derdejaar- BRek-student wat in een van die koshuise woon. Hy is oorspronklik van die Vrystaat. Wynand is homoseksueel en

diep in die kas wat sy ouers en familie betref, alhoewel hy uit die kas is wat sy nabye vriende betref. Dit sluit egter net ’n handjievol persone in. Hy het die eerste keer vir ’n wildvreemde persoon via die internet vertel en daarna vir ’n handjievol nabye vriende. Wynand beskryf sy vriende as uitsluitlik heteroseksueel. Wynand sê hy weet nie van enigiemand wat ooit in die koshuis uit die kas gekom het nie en dat dit nie baie maklik is om homoseksueel te wees en in ’n koshuis te bly nie. Tog geniet hy die koshuislewe, maar in die kas. Hy gee toe dat daar ’n baie sterk “koshuisatmosfeer” is: “Daar is baie sterk strominge in ’n koshuis, almal is óf aan die een óf aan die ander kant – ek sal nie maklik uit die kas kom nie”. Tog glo hy dat sy koshuis een van die manskoshuise is waar dit die maklikste sou wees om uit die kas te kom, omdat “almal baie polities daaroor sal redeneer”. Hy glo dat vir ’n homoseksuele student “die grootste ding maar die koshuise bly”, dat dit is “waar die grootste invloed op ’n gay student is”. Wynand kom baie stil voor, maar hou daarvan om oor kwessies te redeneer. Dit is ook hoe hy dink homoseksualiteit in die kerk “opgelos” gaan word, om daaroor te redeneer. Hy sien homself as ’n ekstrovert wat nie skaam is om met vreemde mense te gesels nie. Hy glo dat hy eers onafhanklik sal wil wees voordat hy sy ouers vertel, want op hierdie stadium is hy nog van hulle afhanklik om sy studies te finansier. Wynand is nie lid van die Les-bi-gay-vereniging nie.

Pectora roborant cultus recti

Leana

Leana is ’n wit, Afrikaanssprekende eerstejaarstudent en studeer LLB Regte. Sy is van Johannesburg afkomstig en woon in ’n koshuis. Sy is biseksueel en in die kas wat haar ouers en familie betref, maar ’n handjievol vriende weet wel van haar seksuele oriëntasie. Leana beskou haarself as ’n ekstrovert en sê dat sy nie sommer sukkel om vriende te maak nie, maar erken tog dat dit aanvanklik moeiliker was om vriende te maak as wat sy verwag het, omdat mense nie maklik uitreik nie. Op die vraag van wie sy die meeste druk ervaar om uit die kas te kom, was haar antwoord duidelik, “Van myself”. Leana sê voordat sy Stellenbosch toe gekom het, het sy haar vriendskappe in oënskou geneem. Sy het besluit dat sy ’n daadwerklike poging gaan aanwend om meer gehaltevriendskappe te hê en dat dit nie dan sal saak maak hoeveel vriende sy het nie. Die meeste van haar vriende is mense wat in dieselfde koshuis as sy woon. Alhoewel sy nie sal huiwer om haar mening oor seksuele kwessies te lug nie, sal sy gemakliker voel om met vreemdelinge hieroor te gesels as met mense wat saam met

haar in die koshuis woon, of haar kamermaat. Leana is lid van die Les-bi-gay-vereniging.

Hennie

Hennie is ’n wit, Afrikaanssprekende seniorstudent wat BComm studeer. Hy is homoseksueel en uit die kas; by sy ouers, sy vriende en ook sosiaal. Hy woon by sy ouers en is baie aktief by die Les-bi-gay-vereniging op kampus betrokke. Hennie beskou homself as ’n introvert, maar glo dat hy heelwat meer na die ekstroverte kant neig sedert hy uit die kas gekom het. Hy glo dat hy nie meer ’n probleem met sy seksualiteit het nie en gemaklik met mense daaroor sal kan gesels. Hy is van mening dat hy sosiaal redelik goed aangepas is, maar dat hy eerder met ’n kleiner groepie vriende sal kuier as met ’n groot groep. Hy glo dat hy homself eers werklik die tyd wat hy na skool oorsee was, gevind het en as mens gegroei het, en hy voel baie sterk daaroor dat jy makliker uit die kas sal kom wanneer jy gemaklik met jouself is. Hennie beskryf sy vriendekring as baie divers en sê dat dit deels toegeskryf kan word aan die feit dat sy belangstellingsveld baie wyd is. Sy vriendekring kom vanuit verskillende seksuele oriëntasies en is ’n redelike mengsel van die geslagte, alhoewel hy geen lesbiese vriendinne het nie. Hy kuier egter meer met heteroseksuele mense as die homoseksuele mense and glo dat dit hom “realisties” hou, want “jy kry gay mense met wie jy praat en jy kom agter hulle het hul *touch* verloor met die geheel; hulle is net gepla oor wat in die gay gemeenskap aangaan”. En alhoewel hy homself van die opinies van sy vriende distansieer en toegee dat hulle op hul opinies geregtig is, sou dit hom tog pla as ’n vriend van hom homofobies sou wees. “Dis net so goed [...] ek het ’n anderskleurige vriend en dan het ek hierdie een vriend wat rassisties is; [...] ek sal wil weet hoekom die persoon so is”.

Chloë

Chloë is ’n bruin, Engelssprekende eerstejaarstudent in die Regte. Sy woon by haar ouers. Sy is homoseksueel en uit die kas; by haar ouers, vriende en ook sosiaal. Sy is reeds vir amper twee jaar in ’n verhouding. Chloë was by ’n tegniese hoërskool waar meestal seuns was. Sy glo dit was vir haar makliker om op skool uit die kas te kom, omdat die meisies in die minderheid was en die seuns haar eintlik as een van hulle aanvaar het. Sy het baie goed met hulle oor die weg gekom. Sy weet sedert haar hoërskooljare dat sy homoseksueel is, maar het eers in die laaste jaar op skool

amptelik uit die kas gekom. Sy beskryf haarself as iemand wat liewer met ’n kleiner groepie bekende mense sal gesels en nie regtig ’n groepmens is nie. Sy voel baie sterk daaroor dat sy haarself as ’n homoseksuele vrou aanvaar het, dat sy weet wie sy is en nie sal toelaat dat enigiemand haar minder van haarself sal laat dink bloot omdat sy homoseksueel is nie: “*If they don’t accept me, it is their problem*”. Chloë neem ’n *que sera sera*-houding jeens haar ouers in: “*They tolerate me*”. Let wel, “duld”, maar nie noodwendig “aanvaar” nie. Volgens Chloë het haar ouers haar, sedert sy uit die kas gekom het, van haar jonger broer probeer weghou, Sy glo hulle dink sy gaan hom negatief beïnvloed. Volgens Chloë bied hulle haar geen ondersteuning nie. Sy en haar vriendin gaan nou al vir amper twee jaar uit en ’n groot gedeelte daarvan word in die geheim gedoen, omdat nie een van hul ouers die verhouding goedkeur nie. Toe hul ouers hiervan uitgevind het, het dit tot ’n hewige rusie tussen die twee families gelei en die meisies is verbied om enige kontak met mekaar te hê. Hulle sien mekaar egter nog steeds in die geheim. Chloë het meer homoseksuele as heteroseksuele vriende en dis ook met hulle wat sy die meeste van haar tyd spandeer. Chloë is nie lid van die Les-bi-gay-vereniging nie.

David

David is bruin Engelssprekende derdejaarstudent in BComm Menslike Hulpbronbestuur en woon in een van die koshuise. David beskou homself as ’n ekstrovert wat graag gesels. Hy glo dit het daartoe bygedra dat hy ’n beroep gekies het waar hy met mense eerder as syfers sou werk. Van kleins af was hy lief om by jeugaktiwiteite in die kerk betrokke te raak, en toe hulle op ’n stadium in die VSA gewoon het, het hy as ’n stokperdjie klavier begin speel. Hy is nie baie lief vir sport nie. Hy beskou al hoe meer sy seksuele voorkeur as net nog ’n gedeelte van sy persoonlikheid. Dit was aan die begin nie die geval nie. Hy kom uit ’n baie Christelike huishouding. Sy pa is ’n dominee en sy ma ’n onderwyseres. Hulle woon in ’n klein plattelandse dorpie in die Oos-Kaap en het al verskeie kere in hul lewe getrek. Hy is een van twee seuns en het nog ’n jonger broer. Hy glo sy ouers is baie trots op die feit dat hy ’n beurs gekry het en verder kom studeer het. Hy beskryf sy vriendekring as divers, ook met betrekking tot seksualiteit, alhoewel die meeste van hulle heteroseksueel is. David is nie lid van die Les-bi-gay-vereniging nie.

Vashti

Vashti is die stigterslid van die Les-bi-gay-vereniging op kampus en het dus baanbrekerwerk vir homo- en biseksuele studente op die US-kampus gedoen. Vashti is ’n wit, Engelssprekende nagraadse student en studeer Joernalistiek. Sy het eers Regte studeer, maar het haar kursus verander. Sy is van Johannesburg afkomstig en is ten volle uit die kas; sosiaal en ook by haar familie en ouers. Sy is tans in ’n verhouding. Sy beskou haarself sonder twyfel as ’n ekstrovert wat nie sal huiwer om haar mening te lug nie en haar seksuele voorkeur is beslis net nog ’n aspek van haar persoonlikheid. Sy sê alhoewel sy iemand nie sommer tydens ’n eerste ontmoeting sal vertel dat sy lesbies is nie, sy nie sal huiwer om dit te openbaar indien die onderwerp sou opduik nie. Sy glo dat sy ’n beginselvaste mens is vir wie eerlikheid baie beteken en daarom was dit vir haar belangrik om met die mense om haar eerlik te wees oor wie sy is. Dit is ook vir haar belangrik om aanvaar en geliefd te voel.

4.3 Identiteit

Die eerste tema wat bespreek word, is identiteit. Eerstens word op elke student se openbaringsproses gefokus, oftewel, in watter stap van die openbaringsproses hy/sy hom/haar bevind, omdat dit interaksie met die heteroseksuele studentegemeenskap beïnvloed (soos reeds in die literatuuroorsig geïllustreer is). Tweedens word gefokus op die strategieë wat elke student gebruik om by die heteroseksuele gemeenskap in te skakel. Derdens word die wyses waarop die homo- en biseksuele studente vriende maak en die sosiale interaksie wat hulle met die heteroseksuele studentegemeenskap het, bespreek.

Soos reeds in hoofstuk 3 genoem is, was die doel van die vrae oor identiteit om uit te vind tot watter mate die student sy/haar homoseksualiteit aanvaar het en tot watter mate dit tot sy/haar interaksie met die heteroseksuele studentegemeenskap bydra. Omdat die openbaringsproses ’n sentrale deel van die homo- en biseksuele student se ervarings vorm, asook die strategieë wat hulle gebruik om stigma te hanteer, word hierdie twee aspekte onder identiteit bespreek. Die bespreking oor sosiale interaksie illustreer tot watter mate hierdie strategieë help om interaksie te bevorder, al dan nie.

4.3.1 Die openbaringsproses

Soos vermeld tydens die literatuuroorsig, vorm die openbaringsproses ’n belangrike deel van die homo- en biseksuele student se ervarings. Die ses stappe van Cass (Blumenfeld en Raymond, 1998: 88) word gebruik om elke student se fase van sy/haar openbaringsproses te beskryf. Dit is belangrik vir die doel van die studie om heirdie gedeelte in te sluit, omdat die navorser van mening is dat die fase van die student se openbaringsproses wel ‘n verband toon met die mate van sy/ haar interaksie met en persepsies van die heteroseksuele studentegemeenskap. Die navorser het elke student binne hierdie stappe geklassifiseer gegrond op sekere aanhalings en beskrywings wat die studente tydens die onderhoud gebruik het.

Hieronder volg ‘n kort beskrywing van elke stap en die studente wat onder elke stap ressorteer.

Stap 1: Identiteitskrisis

Hierdie stap word met geweldige interne konflik geassosieer. Die individu vergelyk hom-/haarself met tydgenote en voel geïsoleerd. Dit is die fase waarin die persoon vir die eerste keer bewus word dat hy/sy tot dieselfde geslag aangetrokke voel. Al die studente in hierdie studie het genoem dat hulle reeds op skool van hul seksuele oriëntasie bewus was. Daarom is die navorser van mening dat nie een van die 14 studente in hierdie stap van die openbaringsproses val nie.

Stap 2: Identiteitsvergelyking

Hierdie fase word ook die rasionaliserings- of onderhandelingsfase genoem. Die persoon is nie heeltemal seker van sy/haar oriëntasie nie en glo dat dit moontlik net tydelik is. Tydens hierdie fase is die persoon ook nie seker of sy/haar aangetrokkenheid tot dieselfde geslag bloot tot ’n spesifieke individu beperk is nie. Die persoon sal tydens hierdie fase’n verskerpte gevoel van behorendheid koester; hy/sy sal graag wil deel wees van ’n groep. Dit is ook moontlik dat mense tydens hierdie stap van hul openbaringsproses oorweldig voel deur gedagtes dat hy/sy die enigste een is wat so voel, veral wanneer hy/sy niemand anders ken wat ook homoseksueel is nie.

Thandi en Heike ressorteer onder stap 2:

Thandi: Alhoewel Thandi reeds vir haar suster vertel het, beskou sy haarself as ten volle in die kas. Sy kom uit ’n swart tradisionele middelhoërklas-huishouding en volg ’n tradisionele geloofsbenadering. Sy is ’n eerstejaar in koshuis en sy is biseksueel. Thandi se worsteling met die geloofsaspek is opvallend. Sy verwys na haarself as ’n wedergebore Christen en erken dat sy worstel om haar geloof met haar seksualiteit te versoen. Alhoewel haar ma ’n sielkundige is, het sy eenvoudig nie kans gesien om met haar hieroor te gesels nie. Dit blyk of die oorwegende faktor in Thandi se geval die geloofsaspek en haar huisopset is.

> **Thandi:** *I think I’m going through a general discovery. I am still a bit confused and I’m still trying to find myself, but I think this year, being away from home, has given me time trying out to find out who I am. I recently got saved and one of the issues that was troubling me was my sexuality and I’m battling with this. [...] How can I feel what I feel and it feels so right, but on the other hand the Bible is telling me it’s not possible?*

Heike: Heike is in die kas. Sy is ook ’n introvert wat nie sommer maklik met vreemdelinge sal gesels nie. Sy kom uit ’n konserwatiewe Afrikaanse/Duitse huishouding, sy is biseksueel, sy woon in ’n koshuis, sy is ’n eerstejaar en sy volg ’n tradisionele geloofsbenadering. In Heike se geval is die geloofsaspek, die koshuissituasie en haar huishouding die oorwegende faktore wat haar openbaringsproses beïnvloed. Heike is ook in stap 2 van die openbaringsproses, maar leun sterk oor na stap 3, aangesien sy reeds begin het om ’n vriendskap met ’n lesbiese meisie te smee. In haar geval is die navorser van mening dat sy nie die kenmerkende oorweldigende gevoel van alleenheid sal ervaar soos die geval by Thandi is nie.

> **Heike:** Ek het ’n punt daarvan gemaak dat ek nie hierdie jaar gaan uitkom nie. Dit is net vir myself, om basies te oorlewe. Toe my kamermaat my direk uitvra of ek ’n verhouding met my vriendin het, wou ek eerlik met haar wees, maar ek het nog nie daardie punt bereik waar ek vir iemand kan sê ek is gay/bi nie.

Stap 3: Identiteitsverdraagsaamheid

Tydens hierdie stap van die openbaringsproses het die persoon ’n stap verder beweeg in die sin dat hy/sy nou aanvaar het dat hy/sy homoseksueel is en dat dit nie ’n fase is

wat sal oorwaai nie. Ten einde die verskerpte gevoel van isolasie teen te werk, reik die persoon nou na ander homoseksueles uit. Die kernaspek van hierdie stap is die feit dat die persoon nog nie sy seksuele oriëntasie aanvaar het nie, maar bloot begin het om dit te verdra.

David, Wynand, Marí en Leana val onder stap 3:

David: David is in die kas wat sy familie en die meeste van sy vriende betref. Hy kom voor as ’n baie selfversekerde persoon en sy familie beteken baie vir hom. Hy kom uit ’n bruin, Engelssprekende, konserwatiewe huishouding, hy is ’n homoseksuele senior wat in ’n koshuis woon, en hy het ’n nie-tradisionele geloofsbenadering. Die aspek wat hier uitstaan, is David se beklemtoning van die feit dat sy ouers baie trots op hom is en hy nie kan bekostig om hulle teleur te stel nie. Hy oorweeg dit selfs om die land te verlaat sodat hy hulle nie in ’n ongemaklike posisie sal plaas nie. Die oorwegende faktore wat dus hier ter sprake is, is die huisopset en die geloofsaspek. David beskryf homself as ’n trotse mens en alhoewel hy aanvaar het dat hy homoseksueel is en via die internet met ander homoseksueles begin gesels het, is die navorser van mening dat hy in die derde stap van die openbaringsproses is.

> **David:** *I think too much of myself to let people pity me because I am gay. [...] As far as I know, God is a merciful God and I believe in God and as far as the Bible says, God is mercy, the God of love and He will love me. It doesn’t matter who I am and He made me this way. And if He made me this way then how can He not love me?*

Wynand: Wynand is nog in die kas. Hy kom baie stil voor, maar raak meer ontspanne wanneer hy meer vertroud met die omgewing en die mense om hom raak. Hy kom uit ’n wit, konserwatiewe, Afrikaanssprekende huishouding, hy is homoseksueel, hy woon in ’n koshuis, hy is ’n senior, en alhoewel hy ’n tradisionele geloofsbenadering volg, neig hy na ’n meer nie-tradisionele geloofsbenadering. Wynand se opmerking dat “vir ’n gay student die grootste ding die koshuise sal bly” skep die indruk dat, alhoewel hy skynbaar die koshuislewe geniet, dit een van die faktore is wat daartoe bydra dat hy nog in die kas is. Omdat hy iemand is wat graag oor kwessies redeneer, ook oor geloof, is die ander faktor die geloofsaspek. Die derde faktor in Wynand se geval is dat hy graag eers onafhanklik van sy ouers sal wil wees voordat hy hom aan

hulle sal openbaar. Volgens die navorser val Wynand in stap 3 van die openbaringsproses; hy verwys baie na "hulle" wanneer hy van die homoseksuele gemeenskap praat en sy het nog nie 'n "trots"-element by hom bespeur nie.

> **Wynand:** Dis basies die koshuis en my ouers; dit is die enigste redes waarom ek nog nie uit die kas gekom het nie. Die ding is, ek wil eers onafhanklik van hulle [sy ouers] wees. Op hierdie stadium is ek afhanklik van hulle fondse, nie dat hulle iets *stupids* sal doen, byvoorbeeld my nie laat *swot* nie, maar ek wil eerder met hulle praat wanneer ek nie meer van hulle afhanklik is nie.

Marí: Marí is nog in die kas, maar haar koshuissituasie het haar gedwing om haar seksuele oriëntasie aan haar inwonende hoof en primaria te openbaar. Marí kom uit 'n wit, Afrikaanssprekende huishouding, sy is homoseksueel, sy is in 'n koshuis, sy is 'n eerstejaar en sy neig na 'n nie-tradisionele geloofsbenadering alhoewel sy uit 'n huishouding kom wat die tradisionele benadering voorstaan. Die navorser se indruk was dat Marí op die punt was om ten volle uit die kas te kom en dat sy wou hê mense moes weet. Sy het by die Les-bi-gay-vereniging aangesluit en heelwat vriende daar begin maak. Haar koshuissituasie het die sentrale punt van die gesprek gevorm, wat 'n aanduiding is dat dit die oorwegende faktor in haar in-die-kas-status is.

> **Marí:** Ek probeer myself half bymekaar kry as persoon. [...] Ek gee werklik nie om as mense van die koshuis my met daardie mense [Les-bi-gay-lede] sien nie.

Leana: Leana is in die kas. Alhoewel sy haarself as 'n ekstrovert beskou, kom sy as stil en teruggetrokke voor. Sy sal wel hegte vriendskappe smee met mense wat sy vertrou. Die klem lê in hierdie geval op die vertrouensaspek. Leana kom uit 'n wit, konserwatiewe, Afrikaanssprekende huishouding, sy is biseksueel, sy woon in 'n koshuis, sy is 'n eerstejaar en sy volg tans 'n tradisionele geloofsbenadering, alhoewel sy na 'n meer nie-tradisionele benadering begin neig. In Leana se geval het die onderhoudsgesprek op vertroue gefokus. Sy kan nie sien dat homo- en biseksueles ooit uit die kas sal kom as hulle nie die waarborg kry dat daar nie teen hulle gediskrimineer word nie. Volgens die navorser is haar koshuisopset, huishouding en geloofsaspek die drie faktore wat 'n rol speel in die feit dat sy nog in die kas is. Sy is by stap 3 in haar openbaringsproses, waar sy nou geleidelik meer met ander homo- en biseksueles begin gesels.

> **Leana:** Daar is ’n patroon; as jou kamermaat uitvind – die heel eerste reaksie is hulle wil wegbeweeg, so dit forseer jou om stil te bly en nooit eerlik te wees nie. So, jy lieg nou maar vir ’n jaar, byt vas, druk deur, volgende jaar kry jy dalk iemand anders wat jou beter sal verstaan? Dis vrek moeilik; mense is nog te erg. Nog voor ek geweet het ek is *bisexual*, as ek moes weet my kamermaat is ’n *lesbian* – ek glo nie ek sou wou uittrek nie. Hoekom is daar so min mense wat soos ek dink? Is ek dan nou regtig so uniek dat ek die enigste een is wat nie sal beswaar aanteken nie?

Stap 4: Identiteitsaanvaarding

Stap 4 is ’n voortsetting van stap 3 in die sin dat die persoon sy/haar vriendskappe met ander homoseksueles versterk. Waar die fokus in stap 3 eers op verkenning en die blote ontmoeting van kennisse is, word ware vriendskappe nou gesmee. ’n Verdere fokusverskuiwing is van blote verdraagsaamheid van sy/haar homoseksualiteit na aanvaarding van hom-/haarself. Die vrae “waar hoort ek” “wie is ek” is nou beantwoord.

Zoë ressorteer onder stap 4:

Zoë: Zoë is gedeeltelik uit die kas (nie sosiaal nie). Sy kom uit ’n wit, liberale, Afrikaanssprekende huishouding, sy is homoseksueel, sy is in ’n koshuis, sy is ’n eerstejaarstudent en sy het ’n nie-tradisionele geloofsbenadering. Die navorser is van mening dat Zoë wel ten volle uit die kas sou wees indien sy privaat gewoon het. Die koshuis-aspek is hier die oorwegende faktor vir die feit dat sy sosiaal nog in die kas is. Alhoewel sy in stap 4 pas, glo die navorser dat sy sterk na stap 5 begin neig.

> **Zoë:** Soos ek ouer word, raak dit vir my al minder van ’n *issue*. Aan die heel begin was dit vir my ’n baie groot ding. Nou begin ek al hoe meer die rol aanvaar om te besef dis net nog ’n ding.

Stap 5: Identiteitstrots

Soos reeds vermeld, word hierdie stap gekenmerk as die “dit-is-my-mense”-fase waartydens die persoon werklik trots is op wie hy/sy is, meer oor die homoseksuele lewenstyl lees en intensief deel van die subkultuur word. Dit is ook die fase waarin die persoon intens bewus word van die wanpersepsies oor homoseksualiteit wat in die

samelewing bestaan. Soms kan hierdie fase met intense woede teenoor heteroseksueles gepaard gaan, byvoorbeeld teenkanting teen vasgestelde geslagsrolle en instellings soos die huwelik.[6] Die persoon sal geleidelik aan meer mense begin openbaar.

Tertius en Chloë val onder stap 5:

Tertius: Tertius is gedeeltelik uit die kas (’n handjievol van sy vriende weet, maar geen familie nie. Hy kom uit ’n wit, konserwatiewe, Afrikaanssprekende huishouding, hy is homoseksueel, hy woon privaat, hy is ’n senior en hy neig na ’n meer nie-tradisionele geloofsbenadering. Sy konserwatiewe familieopset speel klaarblyklik ’n baie groot rol in die feit dat hy nog in die kas is en verkies om nie naby sy familie te woon nie. Die geloofsaspek speel ook ’n groot rol. Tog is Tertius’n baie diepdenkende persoon wat tekens toon dat hy reeds baie gedink het oor hoe hy die situasie sou benader, maar dat die tyd net nog nie geskik was om uit te kom nie. Die feit dat hy amper klaar is met sy studies en die oudste van die vrywilligers is, skep die indruk dat hy dalk net wag om bietjie meer onafhanklik te raak. Tertius is sonder twyfel in stap 5 van die openbaringsproses en die navorser is van mening dat hy werklik net wag vir die regte oomblik om na stap 6 van die proses oor te gaan.

> **Tertius:** Om weg te kom van die huis was ’n groot faktor in my lewe dat ek besef het die lewe is soveel groter daar buite en daar is soveel mense op aarde vir wie dit nie saak maak of ek gay of *straight* is nie. […] Ek is soveel gelukkiger deesdae as wat ek vroeër in my lewe was toe ek nie daardie deel van my lewe kon uitleef nie, en nou nog as my *flatmate* my vra, Tertius, is jy nou gay of *straight*, kan ek net lag en sê, ek is Tertius. Dit is waaroor dit vir my gaan.

Chloë: Chloë is ten volle uit die kas. Sy het ’n geweldige sterk persoonlikheid, maar terselfdertyd wou sy nie die onderhoud op band opgeneem hê nie en het sy verkies dat

[6] Alhoewel stap 5 deur intense woede jeens heteroseksueles gekenmerk word, het nie een van die studente tydens die onderhoude die indruk geskep dat hulle werklik intense woede jeens heteroseksueles ervaar nie. Daar was wel tye wanneer respondente byvoorbeeld opgemerk het “hulle verstaan ons nie“, met ’n algemene verwysing na “hulle” en “ons”, maar die navorser is van mening dat dit nie as “intense woede” beskryf kan word nie. Die navorser is egter wel van mening dat sowel Tertius as Chloë onderdrukte woede teenoor hul ouers het. Alhoewel Chloë ’n traak-my-nie-agtige houding jeens haar ouers openbaar, kan dit bloot ’n manier wees om haar verwerping te hanteer.

haar meisie tydens die onderhoud teenwoordig moes wees. Dit het die indruk geskep dat, alhoewel sy baie selfversekerd voorkom en maak asof die opinies van ander haar nie raak nie, sy tog onseker oor haarself is. Chloë kom uit ’n tradisionele, Engelssprekende, bruin huishouding, sy is homoseksueel, sy woon by haar ouers, sy is ’n eerstejaar en sy volg ’n nie-tradisionele geloofsbenaring. Die navorser is van mening dat haar sterk persoonlikheid die deurslaggewende faktor was vir die feit dat sy uit die kas is. Haar verhouding met haar ouers is nie na wense nie. Mens kry die indruk dat sy so gou moontlik haar eie blyplek sal probeer kry en dan totaal onafhanklik van haar familie sal funksioneer. Haar ietwat rebelse sy was moontlik ’n rede waarom sy uit die kas gekom het. Alhoewel Chloë uit die kas is, is die navorser van mening dat sy nie in dieselfde kategorie as Steve, Matthew, Hennie, Henk of Vashti geplaas kan word nie. Sy is by stap 5, maar het nog nie stap 6 van haar persoonlike openbaringsproses bereik nie.

> **Chloë:** *I am who I am. If people don’t like that, it is their problem. As for my parents, well, they tolerate me.*

Stap 6: Identiteitsintese

Die intense woede jeens heteroseksueles wat die persoon voorheen ervaar het, word in hierdie fase minder. Tydens hierdie stap erken die persoon dat daar wel heteroseksueles is wat hy/sy kan vertrou en wat hom/haar aanvaar en ondersteun. Die woede wat in hierdie fase geopenbaar word, word getoon teenoor mense wat teenoor homoseksueles diskrimineer. Die diep gesetelde identiteitstrots wat die persoon openbaar en wat voortspruit uit sy/haar bewuswording dat sy/haar seksuele oriëntasie net nog ’n aspek van sy/haar persoonlikheid is, is ’n belangrike aspek van hierdie stap.

Steve, Henk, Matthew, Hennie en Vashti ressorteer onder stap 6:

Steve: Steve is ten volle uit die kas. Hy kom uit ’n bruin, liberale, middelklas-Engelssprekende huishouding, hy is homoseksueel, hy woon in universiteitsverblyf, hy is ’n senior en hy het ’n nie-tradisionele geloofsbenadering. Steve kom voor as ’n baie selfversekerde persoon wat baie goed met sy familie en vriende kommunikeer. Die navorser se indruk was dat Steve se huisopset en die feit dat hy so ’n goeie verhouding met sy ouers het, die rede was dat hy ten volle uit die kas is, en so selfversekerd voorkom. Steve is in stap 6 van die openbaringsproses.

Steve: *I try not to have issues in my life. Being gay is not one.*

Henk: Henk is ten volle uit die kas. Hy het ’n baie goeie verstandhouding met sy ouers en het sterk vriendskapsbande. Hy kom ook baie selfversekerd voor. Hy kom uit ’n wit, Afrikaanssprekende, plattelandse huishouding, hy is homoseksueel, hy woon privaat, hy is ’n senior en hy het ’n nie-tradisionele geloofsbenadering. In Henk se geval was die oorwegende faktor sy goeie verstandhouding met sy ouers en sy sterk vriendskapsbande. Die feit dat hy ook privaat woon, het beslis ’n rol gespeel, omdat hy eers aan die einde van sy eerstejaar uit die kas gekom het en toe besluit het om uit die koshuis te trek. Henk is in stap 6 van die openbaringsproses.

> **Henk:** Ek het in standerd 8 besef ek is gay. Ek het in die kas gebly – die klein bolandse dorpie – dit sou baie teenkanting veroorsaak het. So het ek alles ingehou, in die koshuis gaan bly en weer eens my mond gehou. Toe in my tweedejaar het ek alles oopgemaak … oor alles, teenoor my ouers, my vriende, my familie ensovoorts. En van toe af het dit net al hoe makliker geraak.

Matthew: Matthew is ten volle uit die kas. Hy is ’n baie vriendelike, ekstroverte persoon wat graag gesels. Hy kom ook baie rustig en kalm voor. Hy kom uit ’n wit, Engelssprekende, liberale huishouding, hy is homoseksueel, hy woon by sy ouers, hy is ’n senior en hy het ’n nie-tradisionele geloofsbenadering. Die feit dat Matthew so ’n goeie verstandhouding met sy ouers het, was beslis die deurslaggewende faktor in sy openbaringsproses. Hulle het dit as ’n familie bespreek en Matthew se rol as seun in die huis het nie verander nie. Dit, tesame met die feit dat hy graag ’n gebalanseerde lewe wil lei met sy seksuele oriëntasie as net nog ’n aspek van sy persoonlikheid, het hier die belangrikste rol gespeel. Matthew is sonder twyfel in stap 6 van sy openbaringsproses; sy diverse vriendekring, wat genoeg interaksie tussen homo- en heteroseksueles toelaat, getuig hiervan.

> **Matthew:** *I am a very unusual case for a gay person of my age to have such open-minded and accepting parents, to live at home where I can really be myself. So, at this point it is nice for me to be at home and have the sort of security[…]of being part of this family.*

Hennie: Hennie is ten volle uit die kas. Alhoewel hy homself as ’n introvert beskou, is hy baie sosiaal, gesels hy maklik en onderhoudend en huiwer hy nie om sy mening

te lug nie. Hy kom uit ’n wit, liberale huishouding, hy is homoseksueel, hy woon by sy ouers, hy is ’n senior en hy volg ’n nie-tradisionele geloofsbenadering. Die feit dat hy ’n goeie verhouding met sy ouers en hegte vriendskappe het, was hier die deurslaggewende faktor vir die feit dat hy uit die kas is. Hennie is sonder twyfel reeds in stap 6 van die openbaringsproses.

> **Hennie:** Ek het myself aanvaar. Ek dink ek is redelik goed sosiaal aangepas in die sin dat ek nie ’n probleem het om in enige groep te funksioneer nie. Na skool is ek oorsee en het myself leer ken en gegroei. Nadat jy die situasie aanvaar het, maak dit net nie soveel saak wat mense van jou dink nie, en die mense wat jou wel aanvaar, is wat vir jou belangrik is. Jy kom makliker uit as jy gemaklik is met jouself. Ek sê altyd vir mense, as jy nog nie jouself aanvaar het nie, kan jy nie verwag dat ander mense jou moet aanvaar nie. Dit is net soos met met ’n identiteitskrisis – jy het minder vriende, is meer *one-to-one* en sodra jy weet wie en wat jy is en waarvoor jy staan, is dit net soveel makliker om met ander mense te meng. As jy gemaklik is met jouself, tel mense dit op.

Vashti: Vashti is ten volle uit die kas. Sy is ’n ekstrovert wat nie sal huiwer om haar mening te lug nie, en sal veral gay-regte promoveer sover sy kan. Sy kom uit ’n liberale, Engelssprekende huishouding, sy is homoseksueel, sy woon privaat, sy is ’n senior en volg ’n nie-tradisionele geloofsbenadering.Vashti het tydens die onderhoud dit baie duidelik gestel dat haar persoonlike waardes, onder andere eerlikheid, die kern van haar menswees vorm, en dat sy om daardie rede oop kaarte wou speel met die mense wie sy liefhet. Die faktore wat hier die deurslaggewende rol gespeel het, was haar goeie verstandhouding met haar familie en haar vriendekring. Vashti is sonder twyfel in stap 6 van haar persoonlike openbaringsproses.

> **Vashti:** *I think I set an example for straight people and if I could choose now, I would still want to be gay.*

Uit die bostaande opsomming van elke profiel is dit duidelik dat ’n goeie verstandhouding met familie en vriende, ’n sterk persoonlikheid en die wyse waarop geloof met seksualiteit versoen word ’n deurslaggewende rol speel in homo- en biseksueles se besluit om uit te kom. Hierdie persone is dan ook die mense wie reeds stap 6 van hul openbaringsproses bereik het.

By diegene wat nog in die kas is, speel die koshuisopset ’n groot rol. Ander faktore is ’n konserwatiewe huishouding, afhanklikheid van ouers, en ’n struweling om geloof met seksualiteit te versoen, d.w.s die navolg van ‘n tradisionele geloofsbenadering. Dié wat nog in die kas was, val grotendeels tussen stap 2 en 5. Hul grootste vrees is verwerping, soos deur Steve uitgedruk is:

> **Steve:** *I think one of the main reasons why gay people don’t come out is simply because of fear [of rejection]. And it is a very real fear based on what they see happens to people who do come out. There are no guarantees.*

Die algemene bevinding van die studente se openbaringsproses en die oorwegende faktore wat hierdie proses beïnvloed, steun dus Kline en Wells (1986) en Woodman (1989) se bevinding dat die homo- en biseksuele student se algemeenste vrees dié van verwerping deur familie en vriende is. Die studente wat onder stap 6 ressorteer is ook dié studente wat beter interaksie met die heteroseksuele studente toon en meer selfgeldend as die ander studente optree.

4.3.2 Strategieë in die hantering van etikettering

In hierdie afdeling word elke student na aanleiding van Rogers en Buffalo (1974) se strategieë bespreek.

Soos reeds in hoofstuk 2 genoem, volg hierdie strategieë breedweg twee benaderings: óf die persoon erken sy “afwyking” en leef daarmee saam, óf die persoon wend pogings aan om die konvensionele (heteroseksuele) gemeenskap te oortuig dat sy/haar gedrag normaal is of probeer om konvensioneel op te tree.

Die geselekteerde groep homo- en biseksuele studente wat vir die onderhoude gebruik is, het ’n kombinasie van die volgende sewe strategieë gebruik en daarom word elke student se gebruik van hierdie strategieë bespreek, eerder as die strategie as sulks (wat reeds in die literatuuroorsig gedek is):

1) Aanvaarding (Zoë, Heike en Leana)
2) Ontkenning (Marí)
3) Herdefiniëring (Steve, Henk, Tertius, Matthew, Hennie, Chloë en Vashti)
4) Kanalisering (Steve, Henk, Tertius en Vashti)
5) Modifiëring (Thandi, Heike en Leana)

6) Herinterpretasie (Henk, Wynand en Tertius)
7) Vlug (Tertius en David)

Zoë (Strategie: aanvaarding)

Zoë erken dat sy homoseksueel is. Sy het by die Les-bi-gay-vereniging aangesluit en spandeer die meeste van haar tyd met die mense wat sy by hierdie vereniging ontmoet het. Haar manier om die negatiwiteit van die heteroseksuele gemeenskap te hanteer, is om saam met die "vereniging se mense" te wees. Dit dien as ondersteuning vir haar, omdat sy glo hulle weet waardeur sy gaan. Sy maak gebruik van aanvaarding, maar nie in die sin dat sy glo sy ondergeskik tot die konvensionele groep is nie. En tog weerspreek sy haarself deur die volgende opmerking deurdat dit indirek impliseer dat ondergeskikte gedrag aanvaar word;

> **Zoë:** Die rektor is vir ons, maar ons is nie vir onsself nie.

Marí (Strategie: ontkenning)

Marí maak eerstens van ontkenning gebruik. Soos Zoë, beweeg sy ook met die Les-bi-gay lede maar wat haar situasie anders as Zoë s'n maak, is dat sy nog nie so sigbaar saam met die Les-bi-gay-groep is nie. Sy onderbeklemtoon haar lidmaatskap en haar uiterlike tekens; sy sal byvoorbeeld nie openlik wys dat sy 'n meisie het of haar in die openbaar liefkoos nie. Die navorser is van mening dat sy, op individuele en openbare vlak, ook van die herdefiniëring-strategie gebruik sal maak sodra sy uit die kas gekom het. Alhoewel sy nie so sigbaar is nie, het sy tog tot 'n mate 'n houding van "ek sal hulle nie die oorhand laat kry nie".

> **Marí:** Ek het nie 'n saak as mense van die koshuis my met hulle [die Les-bi-gay-lede] sien nie. [...] Ek sal nie uit die koshuis trek nie; ek dink nie ek sal privaat bly net om vir hulle te *please* nie.

Steve (Strategie: herdefiniëring en kanalisering)

Steve maak sonder twyfel gebruik van herdefiniëring in die sin dat hy mense se vooropgestelde idees probeer verander sover hy kan, hetsy sy vriendekring, klasmaats of familie s'n. In Steve se geval is die herdefiniëring dus meer op individuele vlak. Hy maak ook van kanalisering gebruik deurdat hy sy homoseksualitiet as deel van sy persoonlikheid en as 'n bate beskou.

Steve: *Some of my friends have apologised to me and said they were wrong, they had to change their opinion about gays, because I'm not like that ... fitting the stereotypes. And I have to be honest, had I not been open about my sexual orientation to them, they would've been stuck with their preconceived ideas about gays.*

Thandi (Strategie: modifiëring)

Thandi maak van modifiëring gebruik, omdat sy self nog nie seker is of dit slegs 'n fase is waardeur sy gaan nie.[7] Indien sy by haar ouerhuis gewoon het, sou sy waarskynlik so lank as wat nodig is van die verandering-strategie gebruik gemaak het.

Thandi: *I had a boyfriend, so I kind of talk about that with my friends when they talk about guys, but most of the time I just play along with them, make up stories.*

Heike (Strategie: modifiëring en aanvaarding)

Heike maak van modifiëring en aanvaarding gebruik. Sy het haar baie sterk uitgespreek oor die feit dat biseksueles as ondergeskiktes tot lesbiërs beskou word, so sy beskou nie aanvaarding as 'n reg tot ondergeskikte behandeling nie. Soos in Thandi se geval, glo die navorser dat Heike waarskynlik so lank moontlik van die verandering-strategie gebruik sou gemaak het as sy by haar ouerhuis gewoon het.

Henk (Strategie: herdefiniëring, kanalisering en herinterpretasie)

Henk maak in sy vriendekring en familiesopset van herdefiniëring gebruik. Hy maak ook van kanalisering en herinterpretasiegebruik. Sy renons in homo- en biseksueles wat saam kuier en nie met heteroseksueles meng nie, dui aan dat hy nie net individue se vooropgestelde idees oor homoseksualiteit wil verander nie, maar ook dié van die algemene publiek. Sy beklemtoning van die feit dat hy mense respekteer wat eerlik met hom is, veral wanneer hulle aan hom erken dat hulle nie gemaklik met homoseksualiteit is nie, fokus ook op die normaliseringsaspek van verhoudings wanneer daar op individuele vlak van herdefiniëring gebruik gemaak word. Henk het tydens die onderhoud verwys na sekere van sy vriende wat skielik meer met hom wou uithang nadat hy uit die kas gekom het. Dit dui daarop dat daar dikwels tydens hierdie

[7] Wat biseksueles betref, word van die veronderstelling uitgegaan dat hulle dit as 'n alternatiewe metode beskou om moontlik die graad van "afwyking" te verminder.

tipe interaksie te veel op die "afwyking" eerder as die persoon gefokus word. (Die keer wat Vashti se vriendin haar by 'n partytjie so voorgestel het: "*Hi, I'd like you to meet my gay friend Vashti, she's really nice*" dien ook as voorbeeld hier.)

Tertius (Strategie: vlug, kanalisering, herinterpretasie en herdefiniëring)

Tertius het eerstens van die vlug-strategie gebruik gemaak: hy is Londen toe en het daar 'n homoseksuele lewe gelei en terug in Suid-Afrika het hy doelbewus weg van sy ouerhuis getrek. Hy het erken dat sy seksuele oriëntasie alles met hierdie besluit te make gehad het. Hy gebruik ook kanalisering en herinterpretasie, maar veral laasgenoemde, omdat hy graag sy seksuele lewe, net soos sy geloof, vanuit 'n filosofiese oogpunt benader. Laastens maak hy gebruik van herdefiniëring, wanneer hy veral tydens sy interaksie met individue hul vooropgestelde idees wil verander.

> **Tertius:** My *flatmate* vra my gedurig 'Tertius is jy nou gay of nie?' en dan antwoord ek 'Ek is net Tertius'.

Matthew (Strategie: kanalisering, herinterpretasie en herdefiniëring)

Matthew maak van 'n kombinasie strategieë gebruik, onder andere kanalisering en herinterpretasie. Laasgenoemde verwys veral na sy gesprekke met sy studiegroeplede en die verwysing na die promiskue lewens wat sy klasmaats lei wat hom laat wonder waaroor die bohaai oor die homoseksuele leefwyse nou eintlik is. Hy maak ook veral op een-tot-een-basis van "herdefiniëring" gebruik, aangesien hy graag met sy klasmaats en vriende oor seksualiteit gesels indien die onderwerp in die geselskap sou opduik.

> **Matthew:** *In our class there are people who are experimenting with drugs, that have casual sex, they do all these kind of things that will also not fit the perfect image of a doctor, but then in the same class group there will still be people that will go mad and protest about homosexuals. So it is double standards. I think it is in a sort of transition now from that old perfect little image to a now more open-minded thing.*

Wynand (Strategie: herinterpretasie)

Omdat Wynand graag oor alles redeneer, is die hele konsep van homoseksualiteit ook iets waaroor hy redeneer en daarom kan gesê word dat hy primêr van herinterpretasie gebruik maak. Die navorser is van mening dat Wynand moontlik van die vlug-

strategie gebruik sal maak wanneer hy klaar is met sy studies, omdat hy tans finansiëel van sy ouers afhanklik is.

> **Wynand:** Ek is seker een van die mees [homofobiese] gay mans wat jy kan kry. Ek verpes die stereotipe gays. Ek ken van die mense wat aan die Les-bi-gay-vereniging behoort en dis normaalweg nie mense met wie ek vriende sou wou wees nie.

Leana (Strategie: aanvaarding en modifiëring)

Leana sien ook nie aanvaarding as rede vir ondergeskikte gedrag nie. Sy gebruik moontlik ook modifiëring in die sin dat sy na haarself as biseksueel verwys.

> **Leana:** Nie almal van ons [biseksueles] beskou dit as ’n fase nie.

Hennie (Strategie: herdefiniëring)

Omdat Hennie baie aktief by die Les-bi-gay-vereniging betrokke is en ondersteuning aan tydgenote bied, kan afgelei word dat hy primêr van die herdefiniëring-strategie gebruik maak, nie net op individuele vlak nie, maar ook op die breër vlak. Hy skryf byvoorbeeld gereeld vir ’n bekende Suid-Afrikaanse literatuurwebblad om sy mening oor homoseksuele kwessies in Suid-Afrika te lug.

> **Hennie:** Ons is nie almal so nie, maar die *queens* is ook deel van ons.

Chloë (Strategie: herdefiniëring)

Chloë was ietwat moeilik om te peil. Sy het ’n aanvaar-my-soos-ek-is-houding en die navorser is van mening dat sy ietwat apaties ten opsigte van homoseksuele kwessies staan. Aan die ander kant sal sy nie huiwer om haar mening te lug wanneer sy gekonfrontreer word nie. Daarom sou sy waarskynlik van herdefiniëring op kleiner skaal en op individuele vlak gebruik maak wanneer dit nodig sou wees, maar nie noodwendig in die publiek nie.

David (Strategie: vlug)

Dit was opvallend hoe belangrik David se familie se aanvaarding en die feit dat hulle so trots op hom is vir hom was. Indien hy in sy tuisdorp sou woon, sou hy waarskynlik van die verandering-strategie gebruik gemaak het, deurdat hy so konvensioneel as moontlik sou wou voorkom. Hy beplan egter om na sy studies die

land te verlaat en ’n “nuwe” identiteit weg van sy familie aan te neem ten einde sy homoseksualiteit uit te leef, wat op die vlug-strategie dui.

> **David:** *I would conform because my mom would die if I go with a man to a function.[…] The day we heard I got a bursary to study here at Stellenbosch … I remember how proud my family was. I can’t let them down, knowing they won’t have grandchildren. […] I plan to go overseas after completing my studies and live “out” somewhere else.*

Vashti (Strategie: herdefiniëring en kanalisering)

Die strategie wat by Vashti die duidelikste is, is herdefiniëring, nie net op individuele basis nie, maar veral op die vlak waar sy die algemene publiek se opinie wou verander. As stigterslid van die Les-bi-gay-vereniging het sy ’n prominente rol op kampus beklee. Sy het probeer om “afwykendes” te mobiliseer om deel van die vereniging te vorm en “die saak” en hulself te ondersteun. Deur dít te doen wou sy haar mede-“afwykendes” bemagtig om vir hul regte te veg. Hierdeur wou sy ook hul persoonlike probleme in ’n openbare vraagstuk verander. Haar opmerking, “*if I could choose now, I still would want to be gay*”, skep die indruk dat sy ook ’n sterk neiging tot kanalisering het, omdat sy haar seksuele voorkeur in ’n persoonlike bate“omskep”.

> **Vashti:** *For me it is not enough that they [friends, family and parents] say ‘We accept the fact that you are gay’; they must say ‘I love the fact that you are gay’. I am very demanding when it comes to this.*

In die gevalle waar die vrywilligers van aanvaarding gebruik gemaak het, het hulle dit egter nie as rede vir ondergeskikte gedrag beskou nie. Wat opvallend was, was dat diegene wat ten volle uit die kas was, die studente was wat herdefiniëring op individuele en in die meeste gevalle ook op openbare vlak gebruik het (Steve, Chloë, Matthew, Hennie, Henk en Vashti). In die geval waar die familieopset konserwatief van aard was, het die persoon die vlug-strategie oorweeg.

Die algemene tendens is dat diegene wat nog in die kas is, sover moontlik by die dominante kultuur sal aanpas (Blumenfeld & Raymond, 1989: 39) wat inherent ’n ontkenning van hul homoseksuele status is. Die assimilasie-opsie word as die “oorlewingsmeganisme” beskou tot tyd en wyl die persoon dan uiteindelik sy seksuele voorkeurstatus vasgestel en erken het (stap 2 van die openbaringsproses).

4.3.3 Sosiale interaksie

Hierdie afdeling handel oor die wyses waarop homo- en biseksuele studente vriende maak, watter kuierplekke hulle besoek en of hulle aan die sosiale aktiwiteite op kampus en in hul koshuise deelneem.

Hierdie gedeelte van die bevindings word dus soos volg verdeel:

1) Kuierplekke: Die tipe kuierplekke wat hulle besoek, met wie hulle dit besoek en hoekom hierdie tipe kuierplekke hulle geval, word ondersoek.
2) Sosiale aktiwiteite: Daar word bepaal of hulle hul homoseksuele metgeselle na geleenthede soos formele en informele danse of skemerkelkies sal neem.

Die doel van hierdie gedeelte van die ondersoek was om te bepaal tot watter mate hierdie geselekteerde groepe homo- en biseksuele studente met betrekking tot sosiale interaksie deel van die heteroseksuele studentegemeenskap voel.

4.3.3.1 Kuierplekke

Die studente is gevra oor die tipe kuierplekke wat hulle besoek en of hul seksuele oriëntasie ’n invloed op sosiale interaksie met die heteroseksuele studentegemeenskap by hierdie kuierplekke kon hê.

Die algemene opinie was dat daar nie kuierplekke op Stellenbosch is waar homo- en biseksuele paartjies saam met heteroseksuele studente “gemaklik” sal voel nie en dat die meeste homo- en biseksuele studente eerder na die klubs in Kaapstad sal gaan. Die hoofrede hiervoor is dat diegene wat nog in die kas is, bang is vir verwerping, en dat die moontlikheid skraler is dat ’n bekende hulle in een van die homoseksuele klubs in Somersetstraat, Kaapstad, sou raakloop. Die volgende aanhalings illustreer dit:

> **Marí:** Die ding is, as ons almal saam besluit ons gaan byvoorbeeld *Springbok Club* toe en ons maak dit ook ons kuierplek, dan is dit net so goed soos ’n klub in Kaapstad, *basically*, behalwe dat daar minder mense is. Dit sal dan eksklusief vir gay mense wees. Dis die *cool* ding van die Kaap – dis net meer gay mense en dit is nie *separate* nie. Dis die punt; ons gaan Kaap toe want ons het nie ’n kuierplek hier nie. Indien ons vir ons ’n kuierplek hier maak, dan het ons een.

Leana*:* Hier is nie uitgaanplekke nie. Almal gaan Kaap toe. Die ding is, sê nou maar ons maak ’n gay *club* oop in Stellenbosch en dis *cool* en alles – die gay mense gaan ’n plek hê om na toe te gaan, maar die risiko is steeds groter, want hier gaan ook baie *straight* mense wees wat die plek sal wil *uitcheck*. Min *straight* mense gaan die moeite doen om al die pad Kaap toe te ry om na ’n gay *club* te gaan.

Heike: Ons gaan nie uit op Stellenbosch nie. Ons gaan eerder Kaap toe. Die rede hoekom ons ook nie hier uithang nie, is omdat ons bang is, bang is om gesien te word.

Zoë: Daar is nie eksklusiewe gay uitgaanplekke op Stellenbosch waarvan ek weet nie. Ek sal eerder na kunsuitstallings of *poetry evenings* of na boekbekendstellings gaan.

Tertius: In Stellenbosch gaan ek na plekke waar my vriende gaan (*straight* en gay). Ek het op ’n stadium na heeltemal gay klubs in Kaapstad gegaan. As ek soontoe gegaan het, dan was dit meer as gevolg van my oriëntasie. Dan *check* jy net bietjie die *scene* uit.

Wynand: Ek is ongelooflik besig en gaan baie min uit, meestal met my [*straight*] vriende van die koshuis. Ek het die ervaring dat Stellenbosch nie oop is nie en dit voel baie homofobies vir my – ek kry hierdie *vibe*. Dis hoekom ek dink dat gay mense wat mekaar ontmoet wat nog in die kas is, seker maar meestal dit deur internet *chat rooms* doen. Daar is baie waarvan ek weet wat ander gay mense so ontmoet. [...] Die meeste mense wat ek ken, gaan eerder Kaapstad toe as hier in Stellenbosch. Daar maak dit nie saak watter klub jy ingaan nie, jy word aanvaar. Niemand gaan jou skeef aankyk nie.

Wat opvallend van bogenoemde opmerkings is, is dat, alhoewel die studente na die nagklubs in Kaapstad gaan, daar tog ’n behoefte is om op ’n sosiale wyse met heteroseksuele studente te skakel. Marí het byvoorbeeld daarna verwys dat daar ook heteroseksueles na die homoseksuele nagklubs in Kaapstad gaan en die homoseksueles nie heeltemal in isolasie is nie.

Matthew is van mening dat die hoofkampus meer geleenthede vir sosiale interaksie as die Tygerberg-kampus bied en dat die homo- en biseksuele studente op hierdie kampus heeltemal "ondergronds" beweeg. Hy en Steve is ook van mening dat die Tygerberg-kampus meer konserwatief as die hoofkampus is en skryf dit toe aan die rol wat hulle glo mediese studente van mening is hulle moet projekteer.

> **Matthew:** *The Tygerberg campus is a bit different because the first-years will stick together, the second-years et cetera, unlike the main campus where you have different people having subjects. Sometimes it is really a nightmare to scrape up the courage to talk to someone older than you. I find that the gay people don't actually come together as a group at all. I find that in the third-year group, there are two or three gay guys in the class. They usually do stay together, but they won't come and socialise with the other people. I find very few of them socialize at the gay clubs in Cape Town and a lot of them are not identified as being gay yet.*

Vashti het die kuierplekke vir homo- en biseksuele studente op Stellenbosch ietwat anders beskryf. Sy is van mening dat Stellenbosch se homo- en biseksuele studente as 'n "koffiedrink-gesanik"-kultuur, met die houding "*I'm sorry that I'm gay type a thing*", gekenmerk word. Sy glo homo- en biseksuele Maties het beslis minder opsies om van te kies as hul homoseksuele Ikey eweknieë. Die hele Somersetstraat (die kuierplekke waarna die ander studente verwys het) is tot almal se beskikking en is 'n klipgooi van die Ikey-kampus af. Sy gaan self ook eerder na die Kaapstadse kuierplekke.

Op die vraag of 'n gay klub in Stellenbosch nie noodwendig tot verdere verwydering tussen die homo- en heteroseksuele studentegemeenskap en moontlik stereotipering gaan lei nie (soos die kontakteorie impliseer), was die antwoorde uiteenlopend:

> **Leana:** Ja, dit is seker so, maar wat word daar in elk geval nou op die oomblik gedoen om nie daardie gaping te hê nie? Op hierdie stadium word net *straight* mense geakkommodeer en daar IS 'n gaping en daardie gaping gaan vir ewig daar bly, want gay mense moet maar net aanhou om dit te onderdruk. Ons moet maar net soos al die ander mense maak asof ons *straight* is en saam met

straight mense uithang. Ek voel net daar moet ook begin word om gay mense te akkommodeer.

Matthew: *I found most people would feel more comfortable going to Cape Town, especially the people who are worried about their sexuality. I think having an exclusive gay club for Stellenbosch is quite a difficult issue. It might be too sudden – a place where all these people come together – and it might even be easier for the people that have misperceptions about gay people to target the people going there. It has to be slow transition.*

Henk: Ek kan verstaan hoekom gay studente eerder na die klubs in Kaapstad sal gaan, maar as ek prekerig kan klink deur te sê dis hulle wat hulle persepsies moet verander. Ek kom ook byvoorbeeld nie in sekere plekke in Stellenbosch nie, maar daar is baie ander plekke. Daar IS *gay-friendly* plekke op Stellenbosch en as ’n *straight* paartjie byvoorbeeld na klub x toe gaan, sal hulle nie staan en vry in die middel van die dansbaan nie en as jy as ’n gay ou dieselfde gaan doen, dan gaan jy dieselfde *scene* as ’n *straight* ou maak. *Obviously* gaan mense probleme daarmee hê, maar nie omdat jy gay is nie, bloot omdat dit sosiaal nie aanvaarbaar is nie..[...] Ek dink daar bestaan reeds uitgaanplekke vir gays op Stellenbosch. Dit hang van jouself af of jy gemaklik gaan wees in ’n plek of nie. As jy ’n probleem het, koop ’n koffiewinkel en noem dit die Pink Dollar. Dit gaan vir my verkeerd wees, want dis byvoorbeeld soos om ’n plek oop te maak vir mense wat net bruin hare het. *Straight* mense gaan dan nie na hierdie plek nie, want gay mense gaan soontoe. Jy gaan dus nie help om persepsies weg te kry nie.

Vir Hennie gaan dit om die behoefte om in ’n groep uit te gaan en met mekaar te kan kommunikeer. Of hierdie plek eksklusief vir homo- en biseksueles is, is eintlik irrelevant.

Hennie: Ons wil net hê dat gay mense in ’n groep moet kan uitgaan om saam met gay mense te *interact*, maar verkieslik in ’n normale *set-up*. Dit hoef nie noodwendig ’n gay klub te wees nie. Ek het al gewonder hoekom Stellenbosch nie ’n gay klub het nie, is daar nie ’n *vibe* nie? Aan die einde van die dag sal ek sê gaan dit oor jou persoonlike oortuiging. Dit sal veral goed wees vir

> mense wat nog nie gemaklik met hulself is nie, wat tien teen een die meerderheid van die homoseksuele studentegemeenskap op Stellenbosch is. Dalk is dit die baba-stappie om dan te neem? Al is dit net om vir mense te sê 'hier is gay mense ook'. Of hulle werklik daar gemaklik gaan wees, weet ek ook nie. As jy daardie punt bereik het waar jy kan sê 'ek is gay', dan moet jy ten minste al saam met mense openlik kan kuier. [...] Maar jy groei deur jouself te aanvaar en ook deur *straight* vriende te hê.

Hennie het 'n belangrike punt aangeraak, naamlik dat homo- en biseksuele studente hulself dalk moet afvra wanneer hulle "gemaklik" in 'n plek sal voel. Vir Hennie gaan die argument van homoseksuele studente wat 'n plek vir hulself in Stellenbosch soek, hand aan hand met selfaanvaarding.

> **Hennie:** [W]at is 'gemaklik met jouself in 'n plek'? As jy nie gemaklik in 'n plek is nie, is jy ook nie gemaklik met jouself nie, punt. Ek kuier in enige plek in Stellenbosch, ook die mees 'butchste' plek (waar die meeste rugby-ondersteuners uithang). Ek het al *stunning* tye daar gehad en dit kom net alles daarop neer dat jy gemaklik met jouself is. Jy gaan tog *obviously* uit saam met 'n groep wat jou vriende is en dit moet *ultimately* wees waaroor dit gaan. As jy die hele tyd in 'n plek rondkyk om te sien of daar iemand is wat jou herken as gay, dan is jy nog maar net nie gemaklik met jouself nie.

4.3.3.2 Sosiale aktiwiteite

Deur die loop van die jaar word daar heelwat sosiale geleenthede op kampus en vir die koshuise geskep, d.w.s. sosiale aktiwiteite deur die Universiteit gereël. Dit sluit joolaktiwiteite, *intervarsity* en die informele en formele huisdanse in. Soos reeds in die inleiding by hoofstuk 1 gemeld is, word hierdie aktiwiteite nie amptelik slegs vir heteroseksuele paartjies gereël nie, maar daar kan gevra word tot watter mate hierdie geleenthede hulle tot die insluiting van die homoseksuele paartjie op kampus leen? Die studente is daarom gevra of hulle sosiale aktiwiteite op kampus of in die koshuis bywoon en of hulle die vrymoedigheid sou hê om hul homoseksuele metgesel na hierdie geleenthede te neem.

Die terugvoering was weer eens uiteenlopend. Wat in hierdie geval opvallend was, was dat selfs diegene wat ten volle uit die kas was ook nie noodwendig hul metgeselle

na van die sosiale geleenthede sou neem nie. Die volgende redes is deur die meeste studente aangevoer:

1) Hulle hou eenvoudig nie van formele danse nie en hul seksuele oriëntasie het niks daarmee te doen nie.
2) Hulle sal weens "praktiese redes" nie 'n persoon van dieselfde geslag na 'n dans neem nie (behalwe Chloë en Vashti).

Daar was ook 'n gevoel van "sosiale leemte" wat byvoorbeeld deur Leana geopper is. Sy wonder soms of sy nie eendag spyt sal wees oor alles wat sy tydens haar studentedae gemis het nie.

> **Leana:** Wel, ek hou nie eintlik van *opdress parties* nie. Nou is daar byvoorbeeld 'n huisdans oppad en ek het nie eintlik 'n probleem daarmee nie, want ek sal saam met een van my manspelle gaan, maar ek kan sien dat dit dalk 'n groot probleem kan veroorsaak vir 'n *lesbian*, want dit is half *social pressure* wat op jou gesit word. Wat sê jy vir die mense om jou? Jy sal nie glo hoe vra die mense uit oor hoekom jy nie na 'n dans wil gaan nie. Dis baie moeilik. 'n Mens wil nie alleen gaan nie en aan die einde van die dag besef ek jy kan ook alles mis. Wat gaan jy dan oorhê? Hoe gaan jy voel as jy by niks was nie? Daar was al hierdie geleenthede, maar ek was nooit daar nie en hoekom, want ek kon nie 'n *date* saamvat nie. Dit is erg.

Dit is veral homo- en biseksuele studente in koshuise wat dikwels verskonings moet gebruik oor waarom hulle nie hierdie geleenthede wil bywoon nie. Soms sal hulle dit wel bywoon en 'n vriend/in van die ander geslag saamvra (en van die verandering-strategie gebruik maak), soos Thandi, David en Wynand.

> **Heike:** Die eerste funksie was die huisfondsdans. My kamermaat het gevra ek moet saamkom, maar ek het gesê ek het nie tyd nie, dat ek verskriklik besig is. Toe was dit *okay*. Ek maak verskoning vir alles wat kom, maar dis nie vir my lekker nie.

> **Zoë:** Daar is opgewondenheid by die ander meisies. Hulle geniet die skakelings [sosiale aktiwiteite met manskoshuise], die verwagting. Daar mag ook mos nie mans in ons kamers kom nie. Hulle [die meisies] wag heel week

daarvoor. Al die skakelings en danse. Ek gaan nie danse toe nie, want ek voel hulle *cater* nie vir my nie. Ek is gay, wat wil ek by die huisdans gaan maak?

Matthew: *I think it won't ever happen that gay students will take their partners to the* Huisdans *or social gatherings. I think it would be wonderful if it could get to that point. I think at that point it would be the same to be confident to speak to strange people about your sexuality and being comfortable with yourself and most people accepting it and being exposed to it.*

Thandi: *I didn't go to our* Huisdans *and would never go with my girlfriend if I had one. I would go with one of my male friends.*

Henk: Ek dink nie gay studente sal die vrymoedigheid hê om hul metgeselle na die danse te neem nie. Ek sal nie – maar bloot omdat dit 'n dans is en ek nie met 'n ou sal dans nie. Ek sal saam met hom na Intervarsity toe gaan of karnavalaktiwiteite, maar nie na 'n bal of huisdans nie.

Tertius: Gays sal beslis nie gemaklik voel om hul metgeselle na huisdanse te neem nie, en wat die manskoshuise betref, *NO WAYS.*

Wynand: Mense wat openlik gay is, gaan nie by ander sosiale geleenthede 'n probleem hê nie, byvoorbeeld kaas-en-wyn- of filmaande behoort *fine* te wees. Dit gaan negatief op jou reflekteer as jy negatief daaroor is. Ek het nie regtig 'n probleem nie, want ek het baie vriendinne wie ek kan vra.

David: *I would definitely not take a man to a function. I would conform because my mom would die if I go with a man to a function.*

Die Tygerberg-kampus blyk meer konserwatief as die hoofkampus te wees. Steve verwys na 'n geval waar 'n homoseksuele paartjie wel die vrymoedigheid gehad het om na 'n sosiale geleentheid te gaan en die gevolge moes dra.

Steve: *I don't think gay students will take their partners to a social. There was this final year med student who took his boyfriend to a social. At some stage*

he kissed his boyfriend, meaning, he showed some affection. They were thrown out by two guys. Well, he left the campus and came back a year later and finished.

Die enigste student wat aangedui het dat sy saam met haar metgesel na die formele huisdans sou gaan, was Chloë. As privaat student is sy in een van die privaat wyke ingedeel. Sy het wel aangedui dat sy besef dat dit baie moeilik sal wees, "*maybe more uncomfortable as anything else because we know the people might be staring at us, but we are preparing ourselves for it*". Terselfdertyd het sy dit baie sterk gestel dat sy nie die idee wil skep dat sy ongemaklik met haarself is nie, "*because I am definitely not uncomfortable with myself anymore*", maar dat dit eerder die wyse is waarop ander haar lewenswyse interpreteer wat dikwels negatief en ongegrond is. Sy glo egter ook dat sy die uitsondering op die reël is en dat nie baie ander homo- en biseksuele studente so iets sal oorweeg nie.

Vashti is van mening dat die feit of die homo- en biseksuele student in of uit die kas is, sal bepaal tot watter mate hy/sy sosiale aktiwiteite op kampus sal geniet, al dan nie. Indien die persoon uit die kas is, is daar nie eintlik probleme nie, want jy weet wie jy is en jy sal enige tipe situasie geniet. Vir diegene wat nog in die kas is, sal dit egter moeilik wees. Sy het ook genoem dat hulle dikwels sekere "strategieë" gebruik om hulself uit sekere situasies te "red", byvoorbeeld hulle sal jok oor hul seksuele oriëntasie (ontkenning), hulle sal opsetlik met heteroseksuele mense uithang (verandering), of hulle sal so *feminine* as moontlik probeer voorkom (sy verwys hierna as die *camouflage*-tegniek).

Ter opsomming: Slegs enkele van die homo- en biseksuele studente (hetsy in of uit die kas) sal formele sosiale aktiwiteite met hul metgeselle bywoon. Wanneer hulle kuierplekke in Stellenbosch besoek, sal dit meestal saam met hul heteroseksuele vriende wees, maar wanneer eksklusiewe homoseksuele klubs in Kaapstad besoek word sal dit met (ook heteroseksuele) vriende wees aan wie hulle reeds hul seksuele oriëntasie geopenbaar het. Daar bestaan wel 'n behoefte by die groep vir meer sosiale interaksie op die hoofkampus, hetsy in bestaande klubs of in 'n eksklusiewe homoseksuele klub. Alhoewel die groep studente uiteenlopende menings oor die lewensvatbaarheid van 'n eksklusiewe homoseksuele klub gehad het, was daar

ooreenstemming dat die bestaan van homofobie wel daartoe bydra dat Stellenbosch se homo- en biseksuele studente in uitsonderlike gevalle sosiale aktiwiteite van die Universiteit sal bywoon en saam met hul homoseksuele metgeselle eerder na klubs in Kaapstad sal gaan as na plaaslike klubs.

4.4 Persepsies van homofobie

In hierdie afdeling word die studente se ervarings en persepsies van homofobie geïllustreer. Die navorser wou die menings van hierdie geselekteerde groep homo-en biseksuele studente t.o.v. die bestaande teorieë ontvang om te ondersoek of dit ooreenstem met die studies wat reeds by ander universiteite in die VSA gedoen is.

4.4.1 Geslagsrolideologie

Die geslagsrolteorie gaan van die veronderstelling uit dat die tradisionele rol wat aan die man en vrou toegeskryf is, naamlik dat mans as die meerdere geslag beskou word, daartoe bygedra het dat mans meer homofobies as vroue is. Hieruit volg dat mans meer homofobies jeens homoseksuele mans as lesbiërs is en vroue meer homofobies jeens lesbiërs as homoseksuele mans is. Sentraal tot hierdie teorie is die feit dat diegene wat van die vasgestelde geslagsrol afwyk, beskou word as mense wat in die algemeen die geslagsrolverwagtinge "verontagsaam". Die navorser wou die studente se persepsies hieroor en ervarings hiervan ondersoek.

Die literatuuroorsig suggereer dat die wyse waarop die homo- en biseksuele man en vrou die "tipiese" manlike en vroulike eienskappe openbaar, verband hou met die mate waartoe hulle deur die heteroseksuele gemeenskap aanvaar word. Hierdie punt word deur byvoorbeeld Tertius en Vashti ondersteun. Vashti en haar vriendin het 'n eksperiment gedoen wat toon dat die heteroseksuele gemeenskap haar inderdaad meer positief behandel het wanneer sy meer aandag aan haar "vroulike" voorkoms geskenk het:

> **Vashti:** *My girlfriend and I experimented with clothes one day. I made a lot of effort with my appearance and dressed more feminine. I definitely got less hostile looks from people when they discovered I was gay than when I made less of an effort with my appearance.*

> **Tertius:** Dit is net moeiliker vir ’n *fem* man om aanvaar te word deur *straight* ouens as wat dit vir ’n meer manlike gay ou is om aanvaar te word. Ek dink dit is tragies, maar dit is so.

Hennie het ’n belangrike punt aangeraak. Volgens hom beleef die Afrikaanssprekende man ’n uitdagende tyd binne die Suid-Afrikaanse konteks vanweë regstellende aksie en ’n grondwet wat die homoseksuele man ondersteun. Dit wakker indirek kompetisie tussen homo- en heteroseksuele mans aan. Hy is van mening dat mans meer homofobies is en dat tradisionele geslagsrolle beslis ’n invloedryke faktor is.

> **Hennie:** Ek dink die *straight* blanke man op die oomblik in SA het seker die hardste tyd ooit, want dit is nie net sy kleur wat teen hom tel nie. Nou word die gay man ook nog bevoordeel. Ons kry geweldig baie publisiteit en dus is dit maklik vir *straight* mans om bedreig te voel. Daar was ’n rukkie terug ’n debat in *Die Burger* oor die groot persentasie gay mense, hulle rol in die samelewing en ook verwys na die rol van die vrou, so hulle [*straight* mans] is nie soseer meer die hoof van die huis nie. Vir baie mans raak dit ’n probleem as die vrou se salaris ook nog groter as syne is. So die *straight* man het definitief baie vrae en hy moet besluit of hy gaan beïnvloed word deur al hierdie goed. Hulle is die enigste groep in die geskiedenis van die mensdom wat nie kompetisie gehad het nie, nou sit hulle en dit is hierdie generasie wat dit moet hanteer.

Steve is van mening dat samelewings wat tradisionele rolle voorstaan, ook samelewings is waar die man as die morele sedebewaker beskou word, en dat homoseksuele mans in hierdie samelewings meer veroordeel sal word.

> **Steve:** *Homophobia has a lot to do with traditional gender roles, also with the emancipation of women. Men are still regarded as the superior sex and therefore they are also regarded as the teachers of morals. Therefore, I believe men are more homophobic than women and more towards gay men.*

Al die studente het die geslagsrolteorie gesteun. Wat opvallend was, was dat studente wat nog nie stap 6 van sy/haar openbaringsproses bereik het nie, noodwendig van mening was dat sy/haar geslag meer as die teenoorgestelde geslag veroordeel word, soos Zoë, Leana en Marí aandui:

Zoë: Ek dink die tradisionele rol van man en vrou dra definitief daartoe by dat mans meer homofobies teenoor mans is as vroue, maar veral waar vroue die onderdanige mentaliteit het. Ons is bevry, al die grondwette bevry ons op papier, maar nie in ons koppe nie. Daar is 'n mentaliteit dat my man eendag vir my gaan sorg. Mans moet mos 'n man kan wees, hulle moet vir die gesin kan sorg en vroue voel 'n vrou moet onderdanig wees aan haar man. As jy 'n *lesbian* is, is jy *obviously* nie onderdanig aan enigiemand nie. Ek dink mense is nog half banger vir *lesbians* as vir gay mans, omdat *lesbians* [...] hulself [...] wil bewys en onafhanklike vroue is. Dis baie *alien*, want vroue word nog gesien as die *inferior sex*.

Leana: Ek dink in die algemeen is die samelewing minder negatief teenoor gay mans as gay vroue, want gay mans is noual 'n bietjie *gepromote*, dit is nie meer so iets nuuts soos wat dit 'n paar jaar terug was nie. Maar *lesbians* is nog regtig 'n baie *hush-hush subject*.

Marí: Ek weet van vroue wat net so aggressief *homophobic* is as mans, maar mans sal dit doen deur *gay bashing* en dan aangaan met hul lewens, terwyl vroue nie weet hoe om dit te hanteer nie, so hulle sal my heeltemal uitskakel en ignoreer. Ek dink *straight* mans voel meer bedreig deur *lesbians*. Gay mans beteken vir die *average straight* man minder kompetisie, *whereas lesbians* beteken minder om van te kies. Dit word gesien as 'n bedreiging van die familie.

Al die studente was dit eens dat mans ook op die Stellenbosch-kampus meer homofobies as vroue is en dat homofobie veral sterker teenwoordig is in die manskoshuise as in die dameskoshuise. Die kernargument hier was dat die samehorigheidsgevoel, "wat dit beteken om 'n man te wees", baie hiermee te doen het. Sommige het selfs na die sterk "rugby-en-bierdrink-kultuur" verwys. Die individu word ondergeskik gestel aan die beeld van "die (kos)huis". Die homoseksuele man sal nie noodwendig by die beeld van die koshuis inpas nie, omdat homoseksuele mans juis alles verteenwoordig wat nie "manlik" is nie (sien ook bespreking oor koshuisinvloede in hoofstuk 5).

David: *Men in general are more homophobic than women and here in Stellenbosch the rugby culture has a lot to do with it. It all adds to the picture of a man and what a man should be like and it is for this reason that men wouldn't want to be seen with their gay male friends (if they have any). It runs parallel to the insecurities of your own sexual orientation.*

Henk: My ervaring is meer van my aanvanklike homofobiese vriende, mans nou – [...] as ek vir hulle sê ek is gay, dan dink hulle daar word van my manlikheid ontneem. Ek is minder van 'n man. Ek is meer van 'n vrou, wat ek natuurlik nou al deur die maande probeer verkeerd bewys het, maar dit is die persepsie van die meeste van my mansvriende, en die meeste van my *straight* vriendinne dink dieselfde, selfs al wil hulle nie toegee nie. Hulle sal nooit toegee dat hulle die man as die sterker geslag ag nie, maar *subconsciously*…. [...] Die grootste rede hoekom ek aanvaar word deur my *straight* vriende is omdat ek nie 'n *queen* is nie. As ek pienk hemde en swart *pinstriped* broeke gedra het, sou dit vir hulle moeiliker gewees het.

Matthew: *Generally I found that men are more homophobic than women …and more towards gay men. However, I think there is a lot more ignorance about gay women because of the strong focus on gay men. Coming from the main campus to Tygerberg, it was quite difficult. It is a lot more conservative and very traditional here. There are not a lot of gay med students who are out on campus and especially in residences. There was a guy in residence who confessed that he was gay and he had to leave the residence because he had such a hard time. The guys wrote things on his door and would bang on the door in the middle of the night and say: get out of here.*

Dit was opmerklik dat die studente in koshuise sterker hieroor gevoel het as diegene wat privaat gewoon het. Alhoewel Henk en Matthew, wat tans privaat bly, hier aangehaal word, was hulle in hul eerste jaar in 'n koshuis.

Die feit dat homofobie ook sterk by dameskoshuise teenwoordig is, is ook onderstreep, maar die studente was van mening dat die aard van homofobie meer

subtiel as dié by mans was. Marí het getuig van die subtiele sosiale uitsluiting wat sy ervaar het nadat sy ’n enkelkamer in die koshuis gekry het:

> **Marí:** Ek het regtig goeie *support* van die prim en die inwonende hoof gekry. Hulle was *amazing*. [...] Wat nou vir my sleg is, is die sosiale integrasie gedeelte, dat jy nie ’n kamermaat het nie en almal gaan weet hoekom nie. Almal kom *check* die hele tyd op my. Ook die HK-lid weet iets is aan die gang, almal weet iets is aan die gang. Nou die dag kom die prim na my toe en sê: Hier is die storie. Dis nou soos ’n hele uitgewerkte storie. Dis seker oraait, want ek weet nie of ek noual gereed is dat almal my soortvan half haat nie. Hulle moet my nog eers leer ken voordat hulle my mag haat.

> **Leana:** Meisies sal nie fisies optree of iemand gaan spot nie, maar mans sal dit doen. Hy sal daardie ou regtig gaan uittart oor sy seksualiteit en sy *buddies* kry om aan hierdie ou iets te doen. In meisiekoshuise kan dit soms erger wees; hulle kan jou begin uitsluit. Waar mans verbaal baie erger is, kan meisies se lyftaal erger wees.

Kortom: Die geslagsrolteorie is deur al die studente ondersteun en almal was dit eens dat homofobie sterker teenwoordig is by Stellenbosch se manlike studente. Hierdie homofobiese gedrag word sterk deur die tradisionele geslagsrolle van mans en vroue beïnvloed. Hierdie bevindings steun veral die bevindings van Lieblich en Friedmann (1985) en Kurdek (1988).

4.4.2 Kontakteorie

Die kontakteorie gaan van die veronderstelling uit dat stereotipering sal verminder namate meer interaksie tussen die hetero- en homoseksuele gemeenskap plaasvind.

Die literatuuroorsig het getoon dat wanneer heteroseksueles meer blootstelling kry aan homo- en biseksueles wat nie aan hul vooropgestelde idees voldoen nie, dit tot die vermindering van stereotipering gelei het. Namate homo- en biseksueles meer kommunikeer met heteroseksueles wat positief jeens hulle ingestel is, hoe groter die waarskynlikheid dat interaksie tussen die groepe sal verbeter.

Al die studente het hierdie teorie gesteun, sommige vanuit hul eie ervaring (Steve, Matthew, Hennie, Tertius, Vashti en Henk).

> **Henk:** Die progressie in my vriendekring was as gevolg van die feit dat ek uit is. Hulle sou nie verander as dit nie vir my was nie. Klink ek baie arrogant?

> **Steve:** *My straight friends could change their preconceived ideas because I came out. We often talk about our differences and yes, I have to hear about all the stereotypes about gays, being promiscuous, gay men being obsessed with their bodies and hanging out in clubs et cetera, but then they can look at me and realise I don't necessarily fit the stereotypes. [...] I have changed a lot of perception in my circle of friends. But my interaction with them, and talking with them, it also changed some perceptions I had of straight people. In this way I have learnt to interact better with people because we share ideas and it helped in a sense to identify with peers who differ from you.*

Henk voel baie sterk dat stereotipes nie noodwendig deur georganiseerde situasies verminder word nie:

> **Henk:** Jy kan nie persepsies verander met 'n kliniese omgewing nie, byvoorbeeld Les-bi-gay hou 'n funksie waar straight mense uitgenooi word sodat hulle persepsie tydens 'n vergadering verander word. Stereotipes word afgebreek in Bohemia in die middel van die nag as jy halfpad dronk is en jy maak 'n *joke* en dan begin jy gesels. Dit kan nie georganiseer word nie, dis 'n *gradual* proses wat gevolg moet word.

Henk erken dat dit moeilik is vir homoseksueles om hul vrese in die gesig te staar, maar "jy moet juis uitgaan en *straight* mense gaan *face*."

Matthew is van mening dat sy studiekring daarby gebaat het dat hy eerlik met hulle was oor sy seksuele oriëntasie, maar dat hy ook kon agterkom dat van hulle nie heeltemal gemaklik daarmee is nie. Hy respekteer laasgenoemde, maar ondersteun die belangrikheid van kontak tussen die homo- en heteroseksuele student.

> **Matthew:** *We are a group of eight and every time we do practical rotation we work together and I've come out to all of them. We are quite diverse; one of the girls also happens to be gay, another guy is a rugby player, another girl is*

very active in the church et cetera. They all accept me. I absolutely feel part of the group but I do find it difficult to really open up to some of the members of the group. I see it still makes them uncomfortable. I definitely think more contact will lead to better understanding, but to get the process started is what is the most difficult thing, for people to actually face their fears [of rejection]. In the long run it is going to be better for everyone.

Veral diegene wat nog in die kas was (Zoë, Marí, Heike, Leana, Thandi, David en Wynand) het geredeneer dat diegene wat nog in die kas is nie sal uitkom indien hulle nie die waarborg kry dat daar nie teen hulle gediskrimineer sal word nie, selfs al word ’n platform vir interaksie tussen die hetero- en homoseksuele gemeenskap gebied. Daar was selfs van hulle wat so sterk hieroor gevoel het dat hulle byvoorbeeld nie eers in ’n gesprek sal deelneem om homoseksuele regte te argumenteer nie. Alhoewel hulle erken dat kontak tussen die groepe nodig is om stereotipes te verminder, sal hulle dus nie bereid wees om hierdie stereotipes te verminder as daar teen hulle gediskrimineer sou word nie.

Zoë: Ek stem saam dat dit nodig is en sal help en dis waarnatoe ek werk. Ek voel net gemakliker om met my gay vriende uit te hang, want hulle verstaan my. Ek moet net meer selfvertroue begin kry in wie en wat ek is, met die beeld van myself. Ek sukkel nog; ek is nie sterk genoeg nie, ek is nog te *vulnerable*.

Heike: As ek spesifiek aan my groep vriendinne in die koshuis dink, hulle het geen idee van enige gay of *lesbian* mense nie. As ek vir hulle sê ek is *bisexual*, hulle sal ’n heeltemal ander siening van gays hê, want hulle ken my nou al en hulle het nie ongemaklik met my gevoel nie. Ek dink wel as ek vir hulle sê ‘*take it or leave it*’, sal hulle sê dis *cool* en hulle sal ’n ander siening hê. Ek sal probeer, maar wanneer ek meer selfvertroue het..

Die skeiding in die groep was dus baie duidelik: aan die een kant diegene wat apaties gestaan het teen die aantygings teenoor die subkultuur waaraan hy/sy behoort, en aan die ander kant diegene wat bereid is om tot aksie oor te gaan om die stereotipes te verminder.

Die invloed van prominente figure in die koshuise en op kampus is uiters belangrik by hierdie interaksie. Die invloedryke rol van die SR, HK's, raadgewers en inwonende hoofde (sien ook bespreking in hoofstuk 5) asook die uitvoerende komitee van die Les-bi-gay-vereniging, moet nie onderskat word nie. As hulle 'n positiewe standpunt jeens "die Ander" inneem, kan hulle die negatiewe idees van die lede van hul gemeenskap verander. Dit is veral belangrik dat studente in invloedryke posisies hul rol gebruik om homofobie in die studentegemeenskap te verminder omdat, soos Herek aanvoer; "Wanneer eksterne invloede deur die individu se persoonlike standpunte oorskadu word, is dit waarskynlik dat hul meer oop sal wees vir die homoseksuele gemeenskap" (Herek, 1988: 470). Om die "eksterne invloede" te minimaliseer is kontak juis nodig.

Die ander aspek wat tydens die onderhoude na vore gekom het, was die feit dat leiers van die subkultuur (wat gekies word om as't ware die saak te verkoop), doelbewus gekies word sodat hulle nie aan die stereotipes voldoen nie. Dit sou strategies 'n beter besluit wees om 'n "vroulike" lesbiër in die modebedryf en 'n "manlike" homoseksuele rugbyspeler te kies, eerder as 'n *butch* lesbiër en 'n *queen*. Deur dit te doen, word die heteroseksuele gemeenskap aan ander profiele van die subkultuur blootgestel wat nie noodwendig dít is wat deur die media aan hulle voorgehou word nie. Dit is dus belangrik dat die eerste interaksie wat ten doel het om stereotipes te verminder, 'n verskeidenheid profiele insluit.

Die homo- en biseksuele studente se begeerte om rolmodelle in die subkultuur op kampus te hê wat nie aan die stereotipes voldoen nie was opvallend. Hulle glo dat dit ook as aansporing sal dien vir diegene wat nog in die kas is, juis omdat daar dan profiele is wat 'n refleksie van hulself is, dit wil sê mense wat hul lewenstyl "normaliseer". Dit steun Hudson en Ricketts (1980) se bevinding dat dit die openbaringsproses van ander sou aanhelp as daar rolmodelle is met wie die homoseksueles sou wou identifiseer en wat ook in die heteroseksuele gemeenskap "aanvaarbaar" is.

Alhoewel al die homo- en biseksuele studente dus van mening was dat die kontakteorie geldig is, is nie almal bereid om hul privaatlewe bloot te stel aan die ondervraging van die dominante kultuur nie. Die grootste uitdaging bly daarom steeds

om diegene wat nog steeds in die kas is, te oortuig dat dit vir hulle die moeite werd sal wees om te openbaar.

Herek (1988) se vyf standpunte ter verklaring van homofobie is ook by hierdie bevindings geldig:
1) tradisionele geslagsrolle (die studente se algemene persepsie was dat tradisionele geslagsrolle wel voorgestaan word),
2) outoritarisme en verwante persoonlike karaktertrekke (die studente se algemene persepsie was dat manlike gesag wel voorgestaan word),
3) negatiewe houding van tydgenote (al die studente het toegegee dat homofobie wel onder hul tydgenote bestaan),
4) die waarskynlikheid van min kontak met homoseksueles (die feit dat soveel homoseksuele studente in die kas is, dra daartoe by dat daar min kontak tussen die hetero- en homoseksuele studentegemeenskap plaasvind), en
5) onderworpenheid aan konserwatiewe godsdienstige ideologieë (die invloed van sterk Christelike geloofswaardes, d.w.s. 'n tradisionele benadering, is as rede vir homofobie aangevoer).

Die bevinding steun dus die algemene bevindings in die literatuuroorsig, dat kontak tussen die hetero-en homoseksuele studentegemeenskap wel lei tot die vermindering van stereotipes.

4.4.3 Stereotipes van die homo- en biseksuele student

Die gebrek aan interaksie versterk die wanopvattings waarop stereotipering berus. Tydens die onderhoude het die homo- en biseksuele studente die volgende stereotipes, wat hulle glo vanuit die heteroseksuele oogpunt bestaan, beskryf:

4.4.3.1 Die homoseksuele man

Die homoseksuele man is deurgaans as "minder manlik" as die heteroseksuele man beskryf. Hy is ook beskryf as meer emosioneel, soms meer intellektueel (en snobisties daaroor), ingestel op die fynere dinge van die lewe, soos kookkuns of binnenshuise versiering, dat hy graag met mense werk, materialisties is en drama, musiek en ballet sal neem. Hy is ook iemand wat uiters gesteld is op sy voorkoms, gereeld *gym* toe gaan, nie noodwendig kontaksport beoefen nie, daarvan hou om saam met meisies te

kuier en winkels toe te gaan, en baie melodramaties en intens sal optree. Terme wat gereeld opgeduik het was "*screaming queens*", "moffies", "Priscillas" (met verwysing na die fliek *Priscilla, Queen of the Desert*). Dit het deurgaans na vore gekom dat dit maklik is om die homoseksuele man uit te ken wanneer hy aan hierdie stereotipes voldoen, veral gegrond op sy mannerismes.

Henk vertel van die tydperk toe hy as tienerseun op skool was en reeds bewus was dat hy homoseksueel was. Tydens hierdie tydperk het hy doelbewus meer stereotipies opgetree, omdat hy as't ware mense wou tart om iets daaromtrent te sê, juis omdat hy nie geweet het hoe om uit te kom nie. Dit het egter aan die einde van sy eerste jaar verander toe hy uit die kas gekom het. Sedertdien tree hy op soos hy nog altyd wou (wat terloops uiters manlik is). Hy pas hoegenaamd nie die stereotipe van die homoseksuele man nie; hy hou veral van rugby en kuier graag met sy mansvriende om 'n braaivleisvuur.

> **Henk:** Voordat ek uitgekom het, was ek baie meer fyn as nadat ek uitgekom het. Ek wou vir mense deur my gedrag laat weet dat ek gay is, maar ek het nie die *guts* gehad om dit te sê nie, en toe hulle dit eers weet toe is dit nie meer vir my nodig om byvoorbeeld so [op 'n sekere manier] te sit nie, ensovoorts.

Pectora roborant cultus recti

4.4.3.2 Die lesbiese vrou

Die lesbiese vrou is tydens die onderhoude beskryf as in die algemeen meer manlik as die heteroseksuele vrou. Sy skenk minder aandag aan haar voorkoms en kan dus onversorgd voorkom. Sy dra meestal langbroeke met geruite hemde, manspakke en sal studierigtings soos veeartsenykunde, landbou of selfs die regte oorweeg. Sy word na verwys as "*butch*", "lettie" en "*dyke*". Sy sal óf baie sportief wees óf oorgewig en in die meeste gevalle haar hare so kort moontlik dra. Sy sal ook doelbewus met die laagste moontlike stemtoon praat. Soos met die homoseksuele man het dit na vore gekom dat dit maklik sou wees om die lesbiese vrou uit te ken wanneer sy hierdie eienskappe vertoon, veral met betrekking tot mannerismes en lyftaal.

4.4.3.3 Die biseksuele

Anders as die homoseksuele man en vrou, kon die groep nie soveel eienskappe aan die biseksueles toeken nie. Die algemeenste verwysing na hierdie groep binne die homoseksuele subkultuur is dat hulle gekenmerk word as mense wat baie besluiteloos

en wispelturig is. Dit word toegeskryf aan die feit dat hulle aanvoer dat hulle tot albei geslagte aangetrokke is. Hulle is ook beskryf as mense wat hoofsaaklik tradisionele manlike en vroulike eienskappe toon. 'n Tipiese opmerking is díe van Henk en Tertius:

> **Henk:** Ek glo nie daar bestaan iets soos biseksueles nie. Ek dink dit is 'n fase.

> **Tertius:** Ek glo biseksueles kry probleme van beide die hetero- en homoseksuele gemeenskappe. Dit is die homoseksuele gemeenskap se manier om hulself as minderheidsgroep af te sonder, dit wil sê duidelike bakens te stel en dat die heteroseksuele gemeenskap hulle net sal aanvaar insoverre hulle heteroseksueel voorkom. Ek self voel dat daar nie so iets bestaan nie, dat hulle net *confused* is en dat dit werklik net 'n fase is.

Wat opvallend was, was dat hulle baie negatiwiteit vanaf die homoseksuele groep studente (met wie onderhoude gevoer is) ontvang het. Die biseksuele studente in die groep was ook van mening dat hulle in die algemeen meer negatiwiteit van die homoseksuele gemeenskap as van die heteroseksuele gemeenskap ontvang. Hierdie opmerking is van sowel homo- as biseksuele groepe ontvang. Hulle ervaar nie dieselfde status binne die homoseksuele subkultuur nie, juis omdat hulle beskou word as mense wat die "makliker" roete gekies het. Heike se opmerking illustreer hierdie siening:

> **Heike:** Ek kan nie goed oor die weg kom met gay mans nie. Hulle is eenvoudig te *fairy*-agtig vir my. Ek hou ook nie van die manier waarop hulle na *bisexuals* verwys as '*why can't they just make up their minds*' nie. Ek glo nie dat *bisexuals* as gelykes binne die homoseksuele gemeenskap aanvaar word nie, want gays sê altyd as 'n persoon nie sy/haar *mind* kan opmaak nie, dan moet hulle gaan. Ek het ook die indruk dat veral lesbiërs meerderwaardig teenoor biseksuele vroue optree, so asof hulle dink hulle het meer ervaring as ons.

Sommige biseksueles betwyfel self hul status as volwaardige lede van die homoseksuele subkultuur.

> **Leana:** My homoseksuele vriende het my nog nooit onwelkom laat voel nie, dit is moontlik dat ek myself onwelkom laat voel. Ek sê vir myself dat ek nie

totally skeef is nie, so is ek dan volwaardig? Kan ek deel wees van hierdie hele ding? Dis net ek wat myself *grief* gee hieroor. Ek wonder baie hieroor.

Die homoseksueles het ook genoem dat biseksueles nie vertrou kan word nie, omdat hulle enige oomblik 'n verhouding kan verbreek vir 'n verhouding met die teenoorgestelde geslag, iemand met wie die homoseksuele nie sou kon "meeding" nie.

Zoë: Ek dink dis baie moeilik vir biseksuele mans en vroue in die gay gemeenskap. Ek weet hoe werk dit. Mense wat *bisexual* is, is baiekeer mense wat onseker oor hulself is of bang is. Dit is mos nou veilig om te sê jy is 'bi', jy speel albei kante, jy is 'n draadsitter. Ek sal nie gaan vir 'n *bisexual* meisie nie, want ek weet hulle kan jou baie makliker seermaak. Hulle kan jou los vir 'n man want dit is makliker en aanvaarbaar.

Op die vraag of die homoseksuele gemeenskap bydra tot die verdere versterking van hierdie stereotipies, was die antwoord baie duidelik "ja".

Thandi*: When you see the gay and lesbian marches, all you see, it looks like crazy people dressed up, guys dressed up in women's clothes or parading naked et cetera. That kind of creates an image. […] Those people (the doctors, lawyers and rugby players) don't usually come out.*

Heike: Die *gay pride*-optogte... ek was laasjaar in Johannesburg. Die mans wat jy daar sien, en die kleredrag – dis wat hulle naam sleg maak. Dis hoekom mense bang is vir gay mense.

Matthew: *It is a lot of what these people do that fits the stereotype, they take it a bit too far to try and prove to the people that they are not going to fit the role that people expect of them.*

Leana: Dis net altyd die *drag queens* wat as die gesig van die gay gemeenskap verkoop word.

Tertius: Hulle definieer hulself as 'n gay persoon, deel van die gay gemeenskap, ons doen gay goeters en dra gay klere en ons gaan gay klubs toe.

Ek voel gays marginaliseer hulself en nie noodwendig die *straight* gemeenskap nie.

Vashti was van mening dat die media wel ’n sterk rol in die vestiging van stereotipes speel, maar dat optogte homoseksueles die geleentheid bied om op ’n lighartige manier hiermee om te gaan.

Vashti: *Some of my gay friends feel gay parade is the one day where they can dress up as fools and the media don’t want to see normal. They want to see Priscilla and drag queens are part of our community. At least they are open and honest about who they are.*

Aan die een kant het die studente gevoel dat diegene wat in die kas is en nie aan hierdie stereotipes voldoen nie, die blaam behoort te kry omdat hulle juis die teendeel kan bewys en dit nie doen nie. Aan die ander kant is die opinie gehuldig dat hierdie profiele wel bestaan en deel van die homoseksuele gemeenskap is. Almal is dus “ewe homoseksueel”.

Hennie: Ja, ons is nie almal so nie, maar die *queens* is ook deel van ons.

Alhoewel die groep studente uiteenlopende opinies gehad het oor die mate waarin die homoseksuele gemeenskap tot die vestiging van stereotipes bydra, was hulle tog eens dat hierdie stereotipes wel bestaan. Die media en die kerk speel ’n groot rol in die vestiging van hierdie stereotipes. Die algemene bevinding ondersteun dus die kerninvloede op die vestiging van stereotipes wat in die literatuuroorsig bespreek is.

4.5 Kwessies binne die homoseksuele subkultuur

Die kernaspek wat ten opsigte hiervan na vore gekom het, was die verskille tussen die geslagte binne die homoseksuele gemeenskap. Sommige was byvoorbeeld van mening dat die homoseksuele man wat aan die stereotipe voldoen, makliker bevriend sal wees met ’n lesbiese vrou wat vroulik is, eerder as ’n “*butch*” lesbiese vrou. Daar is op neerhalende wyse na laasgenoemde groep verwys, alhoewel daar studente in die groep was wat lyftaal openbaar het wat aan dié stereotipe voldoen.

Nog ’n aspek wat na vore gekom het, was dat vriendskappe/verhoudings soms op materiële sukses gebaseer word. Vyf van die studente het na die belangrikheid van

materiële aspekte verwys. Hierdie studente was van mening dat die materiële sy juis belangrik is wanneer die sukses van die homoseksuele in die subkultuur beoordeel word. Dit simboliseer die status wat homoseksueles vir hulself wil toe-eien om te bewys dat hulle meer suksesvol as die heteroseksueles kan wees.

> **Tertius:** Ek glo dat dit vir homoseksueles baie belangrik is om te wys dat hulle finansieel florerend is. Dit kan moontlik ’n illusie wees omdat *show* baie belangrik is.

Die derde aspek was die ongeskrewe rangorde wat in die homoseksuele gemeenskap bestaan:

1) welgestelde *queens* / welgestelde “*butch*” lesbiërs
2) suksesvolle manlike homoseksueles / suksesvolle vroulike lesbiërs
3) biseksueles

Leana het byvoorbeeld die opmerking gemaak dat sy soms die gevoel kry dat die *butch* lesbiërs dink hulle verdien ’n beter plek in die homoseksuele gemeenskap as sy, wat biseksueel is.

’n Vierde aspek was dat verhoudings oor die kleurgrens ’n algemeen aanvaarbare verskynsel is. Vanweë die klem op tradisies en familiekultuur in die swart en in ’n mate ook die bruin gemeenskap, kom dit blykbaar gereeld voor dat, wanneer swart/bruin homoseksueles deur hul familie verwerp word, hulle hulle van hul gemeenskap onttrek en in ’n liberale area gaan woon waar verskeie kulture teenwoordig is.

> **Hennie:** Soms sal mens sien dat bruin of swart gay mense uit hul eie kultuur wegskuif en dan liewer met blankes in die gay gemeenskappe bevriend raak.

Die vyfde aspek wat na vore gekom het, was promiskuïteit binne die homoseksuele gemeenskap. Volgens Tertius is die rede daarvoor dat die werk aan ’n lewenslange verbintenis (trou en kinders grootmaak) wat in heteroseksuele verhoudings voorkom tans in die homoseksuele gemeenskap ontbreek. Alhoewel daar homoseksuele paartjies is wat lewensmaats is, is dit nie die reël nie. Indien wetgewing dit vir homoseksuele pare makliker sou maak om kinders aan te neem, sou dit moontlik tot meer lewenslange verbintenisse lei, omdat die verhouding dan binne die konteks van die dominante kultuur genormaliseer word.

> **Tertius:** Dit is my persepsie dat vrye seks buite enige verhouding meer geoorloof is. Ek dink dit het ook te doen met die feit dat in die *straight* gemeenskap [...] – hoe veel ons daarvan wil wegkom of nie, ons kan dit nie help nie – daar word nog steeds ’n tipe ideaal gestel wat nagestreef word, naamlik seks binne die huwelik. In die gay gemeenskap beweeg jy nie na ’n huwelik toe nie, en omdat jy nie daardie doel voor oë het nie, raak alles sommer net oor seks. ’n Verskriklike ding wat ek moet erken in my lewe – ek het op ’n stadium self oorweeg om ’n *straight* verhouding te hê en om dan seks *on the side* te hê, net om uiting daaraan te gee, maar ek het ook gedink dit sou verskriklik wees as ek werklikwaar ’n onvervulde lewe moet lei vir so lank, net om te konformeer aan die gemeenskap se norme … dit sal net te verskriklik wees.

’n Verdere aspek sluit by die vorige een aan: studente het die behoefte uitgespreek om kinders te kon hê. Leana wou nie spyt wees oor al die geleenthede wat sy deur haar vingers laat glip het nie (spesifiek die normaliteit van ’n “gewone” verhouding). David voel hy stel sy ouers teleur deur nie kinders te hê nie.

> **David:** *Basically my main thing is you always want to make your parents proud, which I still want to do, but what I’m scared about now is that if they find out that, you know, they’re not exactly going to have grandchildren from my side ... I will sort of be letting them down.*

Die laaste aspek is die apatie van ’n groot gedeelte van die homoseksuele studentegemeenskap met betrekking tot betrokkenheid by homoseksuele kwessies. Volgens Vashti moet dieselfde mense altyd namens die stemloses praat. Sy glo dit bemoeilik die hele homofobie-kwessie en plaas stremming op vriendskappe in die homoseksuele gemeenskap (met verwysing na diegene wat koud staan teenoor homoseksuele kwessies en aktiviste)..

> **Vashti:** *A lot of gay people take the constitution for granted; they should get more actively involved. They simply don’t use what they have gained!*

Die meeste van hierdie aspekte sentreer rondom die verhoudingselemente van die homoseksuele verhouding en die kompleksiteit daarvan. Sommige studente wys daarop dat klubs en die internet dikwels die enigste wyse is waarop potensiële

lewensmaats ontmoet kan word, en dat die oppervlakkigheid wat soms daarmee gepaardgaan nie aanvaarbaar vir homoseksueles is wat ’n verhouding van ’n dieper aard begeer nie.

Binne die homoseksuele subkultuur bestaan daar ook disfunksionele verhoudings, waar ouer welgestelde homoseksueles jonger lede van die gemeenskap manipuleer en hulle in ’n verhouding vaspen, omdat dit finansieel onmoontlik sou wees vir die jonger persoon om uit die verhouding te probeer kom. (Sien ook die bespreking oor die *Victim’s Advocate Programme* in hoofstuk 5.)

Hierdie geselekteerde groep se ervarings en persepsies sluit aan by Woodman (1989: 54) se vyf temas (sien afdeling 2.3.1). In al 14 gevalle is een of meer van hierdie temas uitgewys as die aspekte waarmee homo- en biseksueles gekonfronteer word. Dit kan gebruik word om die kernkwessies van die homoseksuele gemeenskap op te som. In die volgende aanhaling verwys Hennie na al vyf van Woodman (1989) se temas:

> **Hennie:** Dit kom van twee kante. Ek weet al vir sewe jaar ek is gay – wat ek nog in die kas was, myself moes aanvaar en alles wat jy geleer word en waarheen jy oppad word – die white picket fence leefstyl – dat jy dit alles nog moet verwerk. Moet jy teen dit alles gaan en besluit, ‘*Fine*, ek is nie so nie, dit is nie wat ek wil hê nie’? Dit is ander mense se doel vir my. As ek so voel wat gay is en ek moet sewe jaar vat om daarmee te *deal*, moet ek seker ook vir ander mense tyd gee om daarmee te *deal*, byvoorbeeld my ouers? Toe ek vir hulle sê ek is gay, toe besef ek hulle is baie ouer as ek, hulle kom uit tye wat nog baie konserwatief was. Hulle moet met dit *deal* en aanvaar of besef dat dit is wie ek is en dat die drome wat hulle miskien vir my gehad het, nie my drome is nie en dat hulle *ultimately* maar net gelukkig moet wees as ek gelukkig is.

4.6 Ondersteuningsnetwerke

Ondersteuningsnetwerke is die laaste tema wat tydens die onderhoude gedek is. Hierdie afdeling word soos volg verdeel:

1) ondersteuning deur tydgenote (die Les-bi-gay-vereniging), en
2) geïnstitusionaliseerde ondersteuningsnetwerke (die SSVO).

By hierdie gedeelte van die onderhoude wou die navorser die studente se ervarings en persepsies van bestaande ondersteuningsnetwerke vir homo- en biseksuele studente op kampus ondersoek. Die kernvrae was:

- Is jy bewus van enige studente-ondersteuningsgroep waar homo-/biseksuele studente vir hulp kan aanklop indien hulle die slagoffers van homofobie of teistering is?
- Is jy bewus van enige geïnstitusionaliseerde afdeling van die universiteit waar programme in plek is wat homo-/biseksuele studente wat emosionele probleme ervaar wat uit hul seksuele oriëntasie spruit, kan help?
- Indien wel, het jy al van die studentevereniging of afdeling se hulp gebruik gemaak?

4.6.1 Ondersteuning deur tydgenote: Die Les-bi-gay-vereniging

Ter aansluiting by Rogers en Buffalo (1974) se strategieë vorm afwykendes volgens Higgins en Buttler (1982) soms groepe wat mekaar moreel en emosioneel ondersteun. Die doel van groepe soos die Les-bi-gay-vereniging is dan ook om hul afwyking te regverdig. Hulle stel vir die lede ’n stel “reëls” op wat tot ’n solidariteitsgevoel bydra. Deelname aan die groep kan moontlik ook sekere voordele vir die individu inhou.

In hoofstuk 3 is genoem dat moontlike vergelykings getref sou kon word tussen díe homo- en biseksuele studente wat nie aan ’n groep behoort nie en díe wat wel aan ’n groep behoort. Binne díe groepe kan daar ook subafdelings voorkom. ’n Aparte groep afwykendes wat tot die konvensionele wil konformeer en die res van die afwykende groep sal vermy, kan byvoorbeeld na vore kom (soos Henk en Tertius sal illustreer).

Die vrae wat in die onderhoud gestel is, was daarop gemik om die behoefte aan ondersteuningsnetwerke te identifiseer. Weer eens was die opinies van die geselekteerde groep studente uiteenlopend.

Zoë, Vashti en Hennie was positief dat die vereniging wel daarin slaag om ondersteuning aan studente te bied. Vashti was van mening dat die vereniging sy posisie op die kampus verdien, al is dit net om homoseksualiteit te “normaliseer”. Sy

was egter van mening dat die omgewing beslis meer homofobie-vry moet raak. Veral Zoë het die belangrikheid van ondersteuning vir homo- en biseksuele eerstejaars met hul aankoms by die universiteit beklemtoon;

> **Zoë:** Die vereniging het my regtig baie gehelp in die sin van, dis mense waarby jy veilig voel, met wie jy kan praat, jy speel oop kaarte met hulle en hulle verstaan. Daar rus half 'n plig op my om iets te begin doen, want ek meen ek is ook eintlik een van daai meisies wat gay is en niemand mag weet nie. Ek kan nie 'n vinger na ander wys nie, want ek is presies dieselfde. [...] Gay mense wat ek ontmoet, het almal hierdie behoefte om met mense te praat. Hulle voel onseker. Die vereniging het die *close-up* program begin. Dit is soos byvoorbeeld wanneer jy hier aankom en jy weet nie of jy gay is of nie, dan reël hulle om met iemand te praat. Nou is daar byvoorbeeld 'n meisie wat met my per e-pos kommunikeer – soos ek nou met haar kommunikeer kom ek agter ons het presies deur dieselfde ding gegaan. So ek kan vir haar raad gee en ek weet dit sal haar help om van haar onsekerhede weg te neem.

David is van mening dat die vereniging wel baie help vir diegene wat uit die kas is, maar nie werklik ondersteuning bied vir diegene wat nog in die kas is nie. Hy glo dat homoseksuele studente nog nie almal *gay pride* het nie en daarom nie sommer by die vereniging sal aansluit nie. Hy glo dat dit eerder meer neutraal moet raak. Hy glo die vereniging sal baie beteken vir diegene wat nog in die kas is deur byvoorbeeld 'n elektroniese ondersteuningsdiens te begin. Die student word dus nie aan ander blootgestel nie, maar kry wel ondersteuning op'n individuele basis.

Henk en Matthew was van mening dat die vereniging nie daarin slaag om hulpverlening te bied nie en dat die politiese/aktivistiese ondertoon van die vereniging se boodskap die algemene sukses van die vereniging kelder.

> **Henk:** Ek is baie skepties oor Les-bi-gay. Die vereniging slaag wel om vir kampus te wys dat daar wel gay mense op kampus is. Dit moet ek vir hulle toegee. Vir my is die doel van die vereniging om [...] gays wat uit die kas kom, te help. Dit het vir my die afgelope jaar en half 'n *social get-together club* geword waar gay mense hulself kan uitsluit van die homofobiese deel van ons kampus. Hulle kan dus op hul eie in 'n *nuclear* groepie saamkuier waar hulle nie bevraagteken word nie. En dit doen die teenoorgestelde van wat hulle

veronderstel is om te doen. Jy moet juis uitgaan en die straight mense kan *face*.

Matthew: *I think they have definitely succeeded in showing that there is a group of gay people on campus, but I must say when it was founded I wasn't in favour of joining, because of their [...] 'we are gay and we don't care' message.*

Op die vraag watter veranderinge die studente sou aanbeveel sodat die vereniging se ledetal kan groei, was die antwoorde soos volg:

Henk: Les-bi-gay moet hulself bemark en daardie vyf tot tien mense wat op hulle uitvoerende raad is, moet die vrymoedigheid kan hê om te sê 'ek is gay'. Hulle moet daardeur vir mense wat nog in die kas is 'n voorbeeld stel. Die probleem is die meeste mense wat by die klub is, is *queens*. Dit help glad nie. Dit help net stereotipes verder aan. [...] Die mense wat ek ken wat nog in die kas is, is nie so nie. Hulle is mense wat rugby speel, wat eerder Nuweland toe sal gaan as 'n werkstuk doen, daardie tipe gay.

Leana: Miskien moet hulle dit dalk nie oop maak nie, funksies reël en vir die mense sê 'hier is ons' nie? Dalk moet dit op 'n meer subtiele manier gedoen word. Ek wil byvoorbeeld nie na so iets gaan nie, want baie mense sê hulle assosieer nie met die mense wat daaraan behoort nie. Dis 'n propaganda-ding. Dis meer om vir *Die Matie* iets te kan skryf, waar dit eintlik veronderstel is om 'n *social gathering* vir gay mense te wees. As die mense wat aan die vereniging behoort ook bestaan uit gay, *straight* en *bisexual* mense, dan gaan dit vir iemand wat in die kas is baie *cool* wees om daar uit te hang, want mense sal dan nooit regtig kan *pinpoint* dat jy gay of *straight* is nie.

Tertius: Ek kry die idee dat die vereniging ook mense is wat hulleself definieer omdat hulle gay is. Ek is seker hulle probeer iets daaraan doen om die algemene opinie van Stellenbosch oor gay mense te verander, maar die feit dat hulle 'n gay vereniging is, maak hulle klaar soveel van 'n randfiguur, dat ek dink baie mense nie eers na hulle wil luister nie nog voordat hulle hul mond oopgemaak het. Ek dink dat wanneer daar meer vanuit 'n breë vereniging se

kant af gay openheid en *gay acceptance* gepropageer word, soos byvoorbeeld SALSA, dan sal dit miskien meer aanvaarbaar wees. Dan word dit nie gesien as ’n spul gay mense wat ons nou wil oortuig dat ons hulle moet aanvaar nie.

Om op te som; ’n Interessante opmerking was dat homo- en biseksuele studente wat uit die kas is meer waarskynlik aan die vereniging sal behoort as diegene wat nog in die kas is. In hierdie groep het slegs Vashti en Hennie (wat uit die kas is) aan die vereniging behoort. Hulle is baie aktief daar betrokke in hul bestuurshoedanighede. Die res van die uit-die-kas-groep het nie aan die vereniging behoort nie. Zoë, Marí, Leana en Heike is die enigste ander studente wat aan die vereniging behoort, maar woon nie juis baie van die geleenthede by nie. Die algemene persepsie skyn te wees dat die vereniging meer veld by die homo- en heteroseksuele studentegemeenskap op kampus sal wen as dit deel vorm van ’n liberale vereniging wat ook ander kwessies aanraak. Op hierdie wyse sou homo- en biseksuele studente wat nog in die kas is meer vrymoedigheid hê om aan te sluit en die geleenthede by te woon. Tans beskik die vereniging oor heelwat lede, maar baie min woon die geleenthede by.

4.6.2 Geïnstitusionaliseerde ondersteuningsnetwerke

Die doel van hierdie afdeling van die onderhoud was om studente se voorstelle met betrekking tot die ondersteuning wat die Universiteit hulle kan bied, te hoor. Tans kan studente gratis ondersteuning by die Sentrum vir Studentevoorligting en -ontwikkeling (SSVO) ontvang. Daar is egter genoem dat studente soms sukkel om afsprake te kry, en ook dat die homo- en biseksuele studente wat nog in die kas is bekommerd is oor die vertroulikheidsaspek.

Chloë het byvoorbeeld ’n baie sterk punt daarvan gemaak dat homo- en biseksuele studente beslis nie van die Universiteit se ondersteuningsdienste gebruik sal maak as hulle vermoed dat die mense wat daar werk homofobies is nie. Na haar mening sal daar aan ’n vertrouensband tussen die student en die universiteitsamptenaar gewerk moet word, en sterk klem sal op die vertroulikheidsaspek gelê moet word.

David was van mening dat daar ook net sóveel is wat die Universiteit kan doen; die res moet van die individu kom. Hy glo dat dit wel nodig is dat individue wat nog in die kas is, oortuig moet word dat dit veilig vir hulle is om uit te kom. Daarom moet

daar voldoende ondersteuningsdienste wees wat studente met veral emosionele probleme kan bystaan. Hy is tans self in berading en vind die dienste van SSVO baie ondersteunend.

Henk, Zoë, Thandi, Leana en Marí erken die behoefte wat daar by die homo- en biseksuele gemeenskap bestaan om van hierdie dienste gebruik te maak.

> **Henk:** Een van die ondersteuningsnetwerke wat die Universiteit kan hê is beslis ’n sielkundige by Studentevoorligting wat spesialiseer op hierdie gebied, dit wil sê doeltreffende strukture in koshuise om *gay bashings* te voorkom.
>
> **Zoë:** Daar is definitief ’n behoefte aan ondersteuning op kampus. Ek het ’n smagting daarna dat ek byvoorbeeld by SSVO ’n sielkundige sien, iemand om mee te kan gesels oor hierdie tipe van goed. Jy is soos ’n linkerhandpersoon in ’n wêreld waar mense regshandig is. As jy links is, is jy half bietjie anders en jy moet aanpassings maak. Jy het iemand nodig wat jou op *track* kan hou, jou moed inpraat.
>
> **Thandi:** *I would be very cautious, because of the confidentiality issue. If they could guarantee that my conversation with them would be a secret, I would start there and the support that they might be offering me might give me enough courage to actually come out.*
>
> **Leana:** Ja, as ’n mens dit regtig nodig het. Jy gaan eendag net tot die besef kom ‘maar ek het iemand nodig om hieroor te praat’ en dit gaan dit net soveel makliker maak as jy weet daar is iemand wat bereid is, wat *on standby* is om jou te help.
>
> **Marí:** Ek dink ’n ondersteuningsnetwerk is nodig. Ek het gister met terapie by SSVO begin. Dit was nogal *weird*, maar ek het besluit ek moet gaan en ’n paar mense het my ook aangeraai om dit te doen. Ek gesels ook met die prim en die tannie [inwonende hoof].

Dit is duidelik dat die studente wat wel van die SSVO se dienste gebruik maak, baie tevrede is en hierdie tipe ondersteuning vir ander homo- en biseksuele studente aanbeveel. Bo en behalwe die ondersteuning wat ’n afdeling soos SSVO aan studente kan bied, en die belangrikheid van ’n stelsel wat studente sal kan vertrou, het Vashti voorgestel dat die Universiteit sensitiwiteitsopleiding vir almal in gesagsposisies, byvoorbeeld dosente en studente in leierskapsposisies, organiseer (sien ook hoofstuk 5). Sy het ook verwys na die “*gay-friendly sticker campaign*” wat regoor kampus aangemoedig behoort te word en ook na die sake-ondernemings op die dorp uitgekring kan word. Sy glo dit sal daartoe bydra dat die homo- en biseksuele studente minder gesegmenteerd na uitgaanplekke gaan.

Studente is ook gevra of hulle dink dat die bespreking van homoseksuele kwessies as deel van die eerstejaars se oriënteringsweek tot beter begrip vir homo- en biseksueles in koshuise sou bydra. Almal was van mening dat dit wel daartoe sal bydra, omdat dit onmiddellik by eerstejaars die beeld skep dat homoseksualiteit net nog ’n aspek van diversiteit op kampus is wat gerespekteer behoort te word.

> **Heike:** Ja, definitief. Ek wens partykeer iemand [’n universiteitsamptenaar] sou gekom het en gesê het daar is gay mense onder julle en julle moet dit nou maar net aanvaar, want dit is so. Byvoorbeeld, die sielkundedosent het die anderdag in die klas gesê ‘Daar is gay mense in hierdie klas is – *take it or leave it*’. Mense het gegiggel.

Matthew sluit by Heike aan en was ook van mening dat ’n gesprek met eerstejaars tydens oriëntering kan help om homoseksualiteit as net nog ’n aspek van diversiteit te bespreek:

> **Matthew:** *One of the things could be a talk with the first-years. If I think back to my first year – if you are dealing with issues of sexuality and you are addressing it all the time within yourself – and you hear from somebody else that it is okay – it sticks out in your mind. If those students hear that there is somewhere they can go on campus, it will make you feel more comfortable. I’ve made use of the psychologists at the Tygerberg campus. I went on the website and it showed they offered counselling on sexual problems, and I must say I was very impressed by the service they offered. My ex-boyfriend also*

used the counselling facilities on the main campus and they were very supportive. Even if people were made more aware of that service, it helps.

Tertius som hierdie tema op deur te verwys na die wonderlike geleentheid wat ’n Universiteit het om mense te slyp om meer verdraagsaam te wees. Hierdeur dra die Universiteit tot ’n meer verdraagsame samelewing by, juis vanweë die feit dat jongmense beïnvloedbaar is. Wanneer die regte leiding ontvang word en jy geleer word om ander wat van jou verskil, te respekteer, bied die Universiteit indirek ook ’n diens aan die samelewing:

> **Tertius:** Ek dink ’n instansie soos ’n universiteit het so ’n groot invloed op ’n mens se lewe omdat dit ’n leerskool vir jou latere lewe is. Dit is eerstens akademies; ons is almal hier omdat ons onsself wil voorberei vir ’n latere loopbaan, maar andersins ook tipe verhoudings wil aanknoop. Die tipe mense wat ons hier word, gaan bepaal wie ons later in ons lewe is. So, ek dink noudat ons almal hier saam is en hier besig is, die universiteit werklikwaar sit met ’n groot verantwoordelikheid en ook baie potensiaal om tolerante mense die wêreld in te stuur. Nou moet daar al klaar met die voorbereidingswerk begin word – daar kan baanbrekerswerk gedoen word.

4.7 Samevatting

Die doel van hierdie hoofstuk was om die studente se ervarings en persepsies oor hoe hulle as lede van die minderheidsgroep stigmas hanteer en of hulle by die heteroseksuele studentegemeenskap kon inskakel, weer te gee. Studente moes ook vanuit hul perspektief verklarings gee vir hoekom homofobie op die kampus bestaan en tot watter mate hulle daartoe bydra. Op hierdie wyse is hul persepsie van die kontak- en geslagsrolteorieë weergegee en kon die toepasbaarheid daarvan op hierdie studie geëvalueer word.

Die menings was soms uiteenlopend, maar het deurgaans die kernbevindings van die literatuuroorsig gesteun. By elke tema wat gedek is, kon parallelle getrek word met die bevindings van die studies wat in die literatuuroorsig aangehaal is. Die interne en eksterne konflik waarmee die homo- en biseksuele student op die US-kampus gekonfronteer word, word nie as uniek tot hierdie kampus beskou nie.

Die groep het bestaan uit veertien studente waarvan drie biseksueel is. Laasgenoemde is almal in die kas. Dit was opmerklik dat al die studente wat nog in die kas is ’n meer tradisionele geloofsbenadering volg. Die afleiding kan gemaak word dat geloof ’n belangrike faktor in die openbaringsproses is, soos baie van hulle ook bevestig het. Al die studente wat in die koshuis is, is ook in die kas. Die verskeie opmerkings wat hieroor gemaak is, laat geen twyfel dat homofobie wel in die koshuise op Stellenbosch teenwoordig is nie (sien bespreking in hoofstuk 5). Dit was ook opmerklik dat diegene wat deur die navorser as sterk persoonlikhede geïdentifiseer is (Henk, Steve, Tertius en Matthew) nie ’n behoefte gehad het om aan die Les-bi-gay-vereniging te behoort nie. Hulle het ondersteuningsnetwerke elders gesoek en gevind, hetsy deur hul vriendekring of familie.

Die algemene ervarings van hierdie groep studente het rondom hul interaksie met hul nabye vriendekring gesentreer en dit is ook hier waar die meeste van hulle (Steve, Henk, Tertius, Hennie en Wynand) probeer om stereotipes te verminder. Op publieke vlak raak die stemme stiller en is dit slegs Vashti en Hennie wat homoseksuele kwessies op kampus amptelik aanpak. Die navorser is van mening dat die feit dat homo- en biseksuele studente nie genoeg steun vir die amptelike organisasie wys nie tot konflik binne die homoseksuele studentegemeenskap lei. ’n Belangrike tekortkoming is die gebrek aan rolmodelle in leierskapsposisies op kampus, veral díe wat nie aan die stereotipes voldoen nie (sien verdere bespreking in hoofstuk 5). Voldoende kontak is belangrik om stereotipes te verminder, maar dit is ook belangrik om met eerste kontak ’n verskeidenheid “stereotipes” aan die ander groep voor te stel.

Ten slotte: die platform vir homo- en biseksuele studente om hul vrese te verbaliseer, bestaan reeds. Hierdie platform, asook geleenthede vir interaksie tussen die homo- en heteroseksuele gemeenskap, word egter nie optimaal benut nie. Die hoofrede hiervoor kan wees, soos Henk opgemerk het, dat dit ’n proses is wat nie georganiseer kan word nie, dat dit natuurlik moet vloei. Daar moet egter toegesien word dat hierdie proses soveel moontlik gestimuleer word – ’n punt wat ten sterkste deur al die studente ondersteun word.

Hoofstuk 5
Aanbevelings vir tersiêre instansies in Suid-Afrika

5.1 Inleiding

Die laaste hoofstuk fokus op aanbevelings vir tersiêre instansies in Suid-Afrika. Die aanbevelings bestaan uit twee dele: eerstens word uitsluitlik op aanbevelings ten opsigte van die koshuiskultuur gefokus, veral omdat dit so ’n belangrike faktor in die openbaringsproses blyk te wees; tweedens word aanbevelings gemaak wat op die breër universiteitsgemeenskap van toepassing is.

5.2 Aanbevelings: Koshuise

Aanbeveling 1: Stel ’n koördineerder aan wat sosiale interaksie in koshuise bevorder

Die US het in 2004 die pos Koördineerder: Studentekultuurvernuwing en Koshuise, gesetel in die Afdeling Studentesake, geskep. Hierdie portefeulje se primêre taak is om studentekultuur op kampus te ondersoek, en spesifiek om in samewerking met studenteleiers oplossings te vind vir probleemareas wat moontlik in koshuise kan bestaan met betrekking tot die diverse studentepopulasie. Omdat die US nie ’n amptelike beleid oor diversiteit het nie, is alle aksies tot en met die goedkeuring van sodanige beleid in die Kantoor van die Studentedekaan gesetel. Daar is egter nog nie amptelike klagtes van homofobie by die Koördineerder: Studentekultuurvernuwing en Koshuise ingedien nie.

Die Afdeling Studentesake dryf tans ’n aksie waar koshuiskomitees elke jaar hul program met betrekking tot die hantering van diversiteitskwessies bekendmaak. In April/Mei van die daaropvolgende jaar besoek die Koördineerder, mnr Pieter Kloppers, die koshuise om te verneem na die vordering wat elke koshuis maak met die waardestelsels wat hulle vir hulself bepaal het met betrekking tot bogenoemde diversiteitskwessies. Volgens mnr Kloppers by die Afdeling Studentesake is seksuele oriëntasie by verre die moeilikste onderwerp om te hanteer. Dit toon ook die swakste vordering met betrekking tot die wyse waarop studente in koshuise daaroor praat. Studente (homo- en heteroseksueel) wil glad nie die onderwerp bespreek nie, of hulle

reageer baie heftig daarop.[8] Volgens die Koördineerder speel geloof ’n baie groot rol hierin.

Deur ’n koördineerder aan te stel wat spesifiek op sosiale interaksie in koshuise fokus, sal seksuele oriëntasie hanteer word as diversiteit wat deur die koshuisinwoners aanvaar moet word, net soos ras en geslag.

Aanbeveling 2: Skep genoeg geleenthede vir interaksie tussen ’n amptelike homoseksuele vereniging en koshuise

Hierdie studie het daarop gedui dat interaksie tussen die homo- en heteroseksuele gemeenskap belangrik is om stereotipes te verminder. Een van die aksies wat deur die Koördineerder: Studentekultuurvernuwing en Koshuise geloods is, was om die Les-bi-gay-vereniging te nooi om’n verkenningsgesprek met die inwonende hoofde te hê. Die Koördineerder beskou hierdie aksie as baie suksesvol, aangesien heelwat inwonende hoofde uit ’n generasie kom waar daar nie baie blootstelling aan hierdie onderwerp was nie. Van hulle het na afloop van die geleentheid baie positief gereageer en was dit eens dat dit nodig is om in koshuisverband hieroor te praat. Hulle het ook erken dat hulle nie genoeg omtrent die onderwerp weet nie en daarom die interaksie as uiters insiggewend beskou het.[9] Die volgende aanbeveling sluit hierby aan.

Aanbeveling 3: Bied genoeg inligting vir studente in leierskapsposisies en inwonende hoofde

Die literatuuroorsig het aangedui dat studente in leierskapsposisies in ’n invloedryke posisie is om homofobie te verminder. Alhoewel die studente in hierdie studie nie almal oortuig was dat dit wel by huiskomiteelede die geval is nie, was almal dit tog eens dat hulle wel ’n groot invloed op die eerstejaars het. Dit is dus belangrik dat huiskomiteelede en inwonende hoofde voldoende inligting ontvang.

[8] Almal wat nog in die kas was, het ’n tradisionele geloofsbenadering, dus blyk geloofsbenadering ’n belangrike faktor in die openbaringsproses te wees. Dit verklaar die onwilligheid van hierdie studente om daaroor te praat. Terselfdertyd blyk hierdie opmerking met betrekking tot die heteroseksuele studente ook die opmerkings van die studente tydens die onderhoude met betrekking tot die invloed van godsdiens op kampus te steun. Soos ook in hoofstuk 2 aangedui, speel geloofsaspek ook ’n rol veral waar tradisionele geslagsrolle voorgestaan word.

[9] Hierdie punt illustreer die wese waarop die kontakteorie berus, naamlik dat interaksie juis stereotipering verminder.

Die Koördineerder het ook na die invloedryke rol van huiskomitees in die vestiging van algemene persepsies in koshuise verwys. Die huiskomitees van een van die manskoshuise het hulle daartoe verbind om homoseksuele studente in hul koshuis te ondersteun en hulle na SSVO of na die Les-bi-gay-vereniging te verwys. Hulle het egter ook erken dat homofobie wel in hul koshuis bestaan en nie oornag oorkom sal word nie.

Die Koördineerder het bevestig dat studente oor die algemeen nie oor die nodige inligting oor homoseksualiteit beskik om hul stereotipes te bevraagteken nie. Hy glo dat daar ’n begin gemaak kan word deur hulle die feite te gee. Hierdie onderwerp kan as deel van ’n oriënteringsprogram vir studente in leierposisies en inwonende hoofde aangebied word. Die invloed wat studenteleiers het om studente se persepsies te verander, kan benut word sodat die boodskap deur tydgenote aan tydgenote versprei word.

Aanbeveling 4: Laat koshuisinwoners toe om eienaarskap van hul koshuis se waardes te aanvaar

’n Nuwe benadering met betrekking tot die bepaling van waardestelsels vir koshuise word gebruik. Studente word toenemend meer tot verantwoording vir hul gedrag geroep en daar word van koshuise verwag om vir hulself ’n stel waardes neer te pen. Hierdie waardes sou die volgende kon insluit:

- wedersydse respek
- verantwoordelikheid
- individualiteit
- vrye denke
- kameraderie
- familiegesindheid/solidariteit
- lojaliteit.

Wanneer “respek vir medekoshuisbewoners” byvoorbeeld as deel van ’n koshuis se kultuur beskou word, sou dit koshuisinwoners in ’n mate daartoe verbind om mekaar te respekteer – nie omdat die universiteit dit as deel van hul waardestelsels toegedeel het nie, maar omdat dit deur die koshuisinwoners self bepaal is. Die Koördineerder,

mnr Pieter Kloppers is van mening dat, as dit binne hierdie konteks aan die koshuiskomitees voorgehou word, dit hulle verplig om die kwessie binne die perspektief van die breë koshuisplan te sien. Op hierdie wyse word hulle dus tot verantwoording geroep.

Alle aspekte soos geloof, ras, finansiële vermoë, taal en seksuele oriëntasie word aan die hand van ’n koshuis se waardestelsel “getoets”. Alle aksies, hetsy sosiaal van aard of nie, word telkens gemeet aan die waardes wat die koshuis vir hulself vasgepen het. Om ’n voorbeeld te noem: indien ’n koshuis sy jaarlikse formele bal reël en ’n homoseksuele student neem sy/haar maat na die bal, moet sy/haar besluit gerespekteer word, want die koshuis het saam besluit dat “individualiteit” en “wedersydse respek” deel van hul stel waardes vorm.

Aanbeveling 5: Oorweeg meer koshuise vir gemengde geslagte

Die Koördineerder het gevind dat daar makliker in gemengde koshuise (mans en vroue) oor homoseksualiteit gepraat word. Dit is amper asof hierdie studente makliker met mekaar oor verskillende tipes diversiteit – soos geloof, taal en seksuele voorkeure – kan praat omdat hierdie koshuise reeds meer divers as ’n mans of dameskoshuis is. Die navorser steun mnr Kloppers se siening dat in gemengde koshuise minder homofobie as in eenslagtige koshuise sal wees.

Mnr Kloppers het bevestig dat die koshuisopset hom nie tot genoeg privaatheid leen nie. Hy kan insien dat eerstejaars nie sommer uit die kas sal kom nie, omdat hulle kamers moet deel en daarom nie baie privaatheid het nie. Hy is van mening dat die mate van privaatheid wat ’n student binne die koshuisopset het, sal bepaal hoe gemaklik hy/sy in die koshuis is.[10]

Om op te som: Daar word besef dat daar nie ’n goue resep vir koshuise bestaan wat op alle koshuise toegepas kan word nie. Sodra daar ’n voldoende platform geskep is, wat nou eers in die beginstadium is, sal daar na doelwitte gewerk kan word. Die ideaal sou wees dat elke koshuis “aanvaarding en respek vir medekoshuisbewoners wat van jou

[10] Hierdie punt – dat koshuisstudente meer geneig daartoe is om in die kas te wees as privaat studente – word ook duidelik in hoofstuk 4 geïllustreer.

mag verskil", wat "die verwerping van homofobie" insluit, as deel van 'n natuurlike waardestelsel aanneem.

Die sukses van hierdie benadering by ander universiteite lê opgesluit in die feit dat studente eienaarskap aanvaar vir 'n stel waardes wat hy/sy self bepaal het. Aanvaarding van diversiteit moet binne die konteks van hierdie stel waardes vasgevang word en nie as 'n afsonderlike "kwessie" hanteer word nie.

Die aanbeveling vir koshuise is dat daar deurlopend met die kantoor van die studentedekaan gekommunikeer moet word oor die verloop van doelwitte wat elke koshuis vir homself gestel het. Dit sluit aan by die aanbevelings vir instansies (sien afdeling 5.3). Die professionele mentors sou koshuise in hierdie geval van riglyne kon voorsien met die implementering van 'n stel waardes wat vir hul koshuis geskik sou wees. Elke koshuis moet egter, onder leiding van sy huiskomitee, eienaarskap daarvoor aanvaar. Die basiese verskil tussen die aanbeveling vir koshuise en instansies lê hierin opgesluit.

5.3 Aanbevelings: Tersiêre instansies

In hierdie afdeling word aanbevelings vir tersiêre instansies in die breë konteks (klas en kampus) gemaak.

Aanbeveling 1: Stel 'n ondersteuningsprogram vir slagoffers van homofobie op

Die *Florida State University* se *Victim Advocate Programme* is 'n kruising tussen die US se seksuele teisteringsbeleid en hul Krisisdienseenheid, wat in die SSVO gesetel is. Die *Victim Advocate Programme* verleen hulp aan studente wat seksuele trauma ervaar het, hetsy teistering, verkragting of afspraakverkragting. Hulle fokus ook op homoseksuele afbrekende verhoudings, 'n aspek wat dikwels oor die hoof gesien word.[11]

[11] Op die Stellenbosch-kampus is nog nooit 'n amptelike klag aangemeld waar 'n homoseksuele paartjie betrokke was nie, wat nie noodwendig beteken dat homo- en biseksuele studente hulle nie in afbrekende verhoudings bevind nie. Dit is steeds belangrik om die effektiwiteit van die huidige beleid te bevraagteken.

Die afdeling verleen eerstekontakhulp, verwys die persoon na ’n kliniese sielkundige en bied ondersteuning met die wetlike aspekte van die saak. Hulle verskaf ook bemiddeling met ouers, maar slegs op versoek van die student, omdat alle sake as vertroulik hanteer word en ouers of voogde net gekontak kan word indien die student toestemming gegee het. Daar word ook gefokus op homoseksuele afbrekende verhoudings.Volgens me. Jacqui Pequinot, assistentdirekteur van die studentedekaan in die Afdeling Studentesake by hierdie universiteit, is die program se suksessyfer redelik hoog. ’n Hoë persentasie van hul kliënte volg die raad wat hul ontvang het en gaan vir berading, waar hulle stellige gedrag openbaar. Me Pequinot doen ook opvolgwerk, maar verbreek die kontak wanneer die student dit verlang. Deur ‘n ondersteuningsprogram in plek te hê beklemtoon instansies hul verbintenis tot ondersteuning vir alle studente.

Aanbeveling 2: Begin ’n ondersteunings- en bewusmakingsveldtog

Die *Florida State University* het ook ’n “pienkknopie-veldtog” begin deur pienk knopies uit te reik aan administratiewe en akademiese personeel wat as vertrouelinge vir homoseksuele studente beskou word. Studente sal sodoende onmiddellik weet dat hulle gemaklik kan wees om hul probleme met hierdie personeellede te deel, met die versekering dat dit as vertroulik hanteer sal word.

Vashti het tydens die onderhoude die voorstel gemaak dat die “*gay friendly*”-pienkdriehoekplakkers ook aan die breër Stellenbosch-gemeenskap bekendgestel word. Sodoende kan die probleem met uitgaanplekke wat tydens die onderhoude genoem is, aangepak word. Eienaars van ondernemings in Stellenbosch kan die plakker buite hul klubs/koffiewinkels/winkels toon en so aandui dat homo- en biseksueles welkom is. Op hierdie wyse sal homo- en biseksuele studente tekens van die dominante kultuur ontvang wat tot beter interaksie tussen die dominante en subkultuur lei.

Op kampus kan die projekte van die Les-bi-gay-vereniging wat daarop gemik is om homofobie deur die “*silence=death*”-benadering te bekamp tot die erkenning van die bestaan van homo- en biseksuele studente bydra. Dit is egter belangrik om universiteitsamptenare hierby te betrek, sodat hulle op hul eie houding jeens hul “kliënte” bedag kan wees, soos ook genoem deur Burns (1990).

Aanbeveling 3: Stel mentors aan (professionele mentors en medestudente)

Hier word onderskei tussen:

1) professionele mentors (personeel), en
2) medestudente wat as mentors optree, soortgelyk aan eweknie-ondersteuningsnetwerke en die huidige mentors wat reeds by die US koshuise in plek is.

Die meeste universiteite in Suid-Afrika het reeds professionele mentors in die sin dat kliniese sielkundige dienste gratis aan studente gebied word. Hierdie diens is gewoonlik in ’n afdeling vir algemene Kliniese en Voorligtingsielkunde gesetel. Die algemeenste klagte wat van die studente ontvang is, was dat dit baie moeilik was om afsprake by hierdie afdelings te bekom. Verder is opgemerk dat hulle nie daarvan oortuig is dat hul tydgenote wat nog in die kas is die vrymoedigheid sou hê om van hierdie dienste gebruik te maak nie. Hulle is dikwels bekommerd oor die vertroulikheidsaspek en die beraders se eie vooropgestelde idees oor homoseksualiteit.

Die aanbeveling is daarom dat daar ’n personeellid aangewys word wat uitsluitlik op homoseksualteitskwessies fokus. Die rol van so ’n mentor sou die volgende kon insluit:

- dat die professionele mentors die studente-mentors oplei
- dat hulle verantwoordelik is vir die opleiding van die SR, HK’s, raadgewers en inwonende hoofde met die aanvang van hul termyn (as deel van die algemene induksieprogram vir studenteleiers) en dat hulle deurentyd beskikbaar is om hierdie mense te ondersteun wanneer hulle spesifieke situasies in die koshuise moet hanteer
- dat hulle as anker vir die Les-bi-gay-vereniging dien en hulle deurentyd van programme voorsien om die breër universiteitsgemeenskap in te lig, dit wil sê ondersteunings- en bewusmakingsveldtogte reël
- dat hulle in noue samewerking met die Studentedekaan bestaande diversiteitsbeleid in oënskou neem en die nodige voorstelle maak vir die implementering van nuwe beleid ten opsigte van homofobie, of ten minste

toesien dat daar spesifiek in diversiteitsbeleid van homofobie melding gemaak word

- dat hulle studente van professionele hulp voorsien of na die regte persone verwys
- dat hulle as klankbord dien wanneer studente dit benodig
- dat hulle die nodige hulpmiddels verskaf
- dat hulle deurentyd vetroulikheid handhaaf
- dat hulle tydens die openbaringsproses aan die student se ouers as fasiliteerder optree (indien die student hulp benodig)
- dat hulle duidelike grense stel tussen hul rol as professionele mentor en student (terwyl hulle empaties is).

Aanbeveling 4: Bied geleenthede vir slypskole vir mentors

Ongelukkig bestaan daar nie tans ’n organisasie in Suid-Afrika waar hierdie mentors gereelde slypskole kan bywoon nie. Om op hoogte van die nuutste ontwikkelings op hierdie gebied te bly, word aanbeveel dat universiteite toesien dat hulle by die LGBT *(National Consortium of Directors of Lesbian Gay Bisexual Transgender Resources in Higher Education)* in die VSA registreer. Dit is belangrik dat instansies hulself daartoe sal verbind om hierdie mentors gereeld na konferensies te stuur om inligting met hul eweknieë te ruil, en sodoende op hoogte te bly om studente die beste moontlike diens te bied. Hier kan mentors ook handleidings ontvang wat instansies kan gebruik om projekte toe te pas wat die beste vir hul kampusse geskik is.

In Suid-Afrika kan daar by die *Triangle Project* ingeskakel word. Op hierdie wyse kan studente-mentors ondervinding opdoen deur hul dienste vir die organisasie se verskeidenheid projekte aan te bied. Hulle sal terselfdertyd ’n diens aan die breër Suid-Afrikaanse gemeenskap lewer.

5.4 Algemene samevatting

Alhoewel die studiepopulasie uit slegs 14 studente bestaan het, is die navorser van mening dat hierdie studie ’n ware weerspieëling bied van die diversiteit van die homo- en biseksuele studentegemeenskap, asook die kompleksiteit van die verskeie stadia van hul openbaringsproses en die uiteenlopende wyses waarop hulle dit hanteer.

Die ervarings en persepsies van die studente het bestaande teorieë bevestig. Die instansie se karakter, dit wil sê die samestelling van die dominante kultuur, het ’n belangrike rol gespeel in die wyse waarop die subkultuur hul posisie beleef het. Dit was daarom belangrik om ’n gesprek met die Kantoor van die Studentedekaan te hê ten einde die institusionele kultuur vanuit daardie hoek te verifieer. Dit het bevestig dat die koshuiskultuur ’n kernfaktor in die openbaringsproses is, veral by homo- en biseksuele studente wat van universiteitsverblyf afhanklik is. Dit het die belangrikheid van ’n geïnstitusionaliseerde ondersteuningsnetwerk weer eens beklemtoon.

Duidelik sou nie net die instansie by die diens van ’n professionele mentor baat nie, maar ook die subkultuur. Dit beteken in praktyk dat die konsep van ’n geïnstitusionaliseerde ondersteuningsnetwerk vir sowel die dominante kultuur as die subkultuur voordele sou inhou.

Dit was duidelik dat, alhoewel Suid-Afrika as baie liberaal beskou word ten opsigte van die regte van homoseksuele Suid-Afrikaners, dit in praktyk nie veel vir hierdie subkultuur beteken nie. Dit word as rede aangevoer waarom ’n groot gedeelte van die homoseksuele subkultuur totaal apaties teenoor hul eie saak staan (wat daartoe lei dat hulle glo dat hulle ondergeskikte behandeling verdien en dan gelate die aanvaardingstrategie gebruik). Die sukses van bestaande nieregeringsorganisasies soos die *Triangle Project* en hul projekte op nasionale vlak hang af van die ontvanklikheid van die dominante kultuur vir die boodskap wat hulle probeer oordra.

Die sleutelfaktor in hierdie proses bly die homoseksuele man en vrou wat nie aan die stereotipes voldoen nie. Hierdie deel van die subkultuur kom nie genoeg na vore en speel nie ’n prominente rol vir die homoseksuele gemeenskap in die Suid-Afrikaanse konteks nie.

Op mikrovlak is die universiteitsgemeenskap een van die mees ideale areas om sosiale kwessies soos hierdie te bespreek. Die redes hiervoor is dat dit die teikengroep van 18- tot 25-jariges insluit en dat dit ’n fase is waartydens jongmense vanuit ’n akademiese omgewing aangemoedig word om krities na gegewens te kyk. In hierdie opsig kan hulle krities na hul eie vooropgestelde idees kyk, dit evalueer en die meriete

daarvan beoordeel. Die navorser is van mening dat universiteite die geleentheid moet benut om die akademiese milieu as anker te gebruik om studente aan te moedig om na die breër Suid-Afrikaanse konteks te kyk en hul rol as jong Suid-Afrikaners gedurig te herevalueer.

Daar word daagliks menings gewissel oor MIV/VIGS, volhoubare ontwikkeling, post-apartheid Suid-Afrika en alles wat daarmee gepaardgaan. Binne hierdie konteks behoort studente ook op akademiese vlak gestimuleer te word om sosiale kwessies te bevraagteken. Die navorser glo dat, indien dit op hierdie wyse aangepak word, dit ook die homoseksuele kwessie op dieselfde vlak as ander areas van sosiale uitsluiting sou plaas. Die homo- en biseksuele studente wat aan hierdie studie deelgeneem het, huldig die mening dat die homoseksuele kwessie groter belangstelling sal lok indien dit deur ’n studentevereniging soos SALSA (wat ook op ander sosiale kwessies fokus) hanteer word. Sowel die dominante as die subkultuur sou dan redes kon aanvoer waarom hulle by die gesprek betrokke raak sonder om in die vrees te lewe dat daar moontlik sosiaal teen hulle gediskrimineer sou word.

Vanuit ’n strategiese oogpunt sou dit ook vir universiteite sin maak om by hierdie gesprek betrokke te raak, juis omdat ’n universiteit se kernfunksie-areas onderrig, navorsing en gemeenskapsdiens is. Die mens, die student en dus die universiteit se kliënt, staan sentraal tot hierdie drie areas en kan nie in isolasie gesien word nie.

As universiteite apaties bly oor hierdie vorm van sosiale uitsluiting, sal dit jongmense met akademiese kennis die wêreld instuur, maar hulle sal nie gemaklik wees om uit hul gemaksone, die denkwêreld wat aan hulle bekend is, te beweeg nie.

Soos vermeld, was die doel van hierdie studie om die ervarings en persepsies van ‘n geselekteerde groep homo-en biseksuele studente te beskryf sowel as aanbevelings vir tersiêre instansies in Suid-Afrika te maak. Die studie is dus grotendeels beskrywend van aard met die doel om hierdie subkultuur beter te verstaan *(Verstehen).* Die navorser is van mening dat toekomstige studie binne hierdie veld en binne die Suid-Afrikaanse konteks verder kan fokus op;

1) die spesifieke heteroseksuele studentegemeenskap waaruit die populasie homo-en biseksuele studente gebruik is,

2) die wyse waarop die bevindings van soortgelyke studies vergelyk met die breër Suid-Afrikaanse heteroseksuele gemeenskap,
3) die invloed van sosiale instellings soos die media en in Suid-Afrika, veral die kerk, in die vestiging van ‘n meer tolerante Suid-Afrika ,
4) ‘n vergelykende studie met ander universiteite in ander ontwikkelende lande en
5) ’n vergelykende studie met ander Suid-Afrikaanse universiteite.

Die navorser is van mening dat daar uiteindelik drie rolspelers is, naamlik:

- die universiteit (wat betrokke kan raak deur ’n geïnstitusionaliseerde diens te lewer),
- die homo- en biseksuele student (wat na vore kan kom en sy/haar ervarings kan deel sodat vooropgestelde idees kan verander), en
- die heteroseksuele student (wat kan besluit om apaties te wees totdat hy/sy gekonfronteer word met “die Ander” wat nader aan hom/haar beweeg, of kan kies om ontvanklik te wees vir mense wat nie noodwendig sy/haar seksuele voorkeure deel nie.

… en vanuit die Antropologieveld gesien, lê die soeke na die waarheid opgesluit
in die soeke na die Self,
ons interpretasie van die Self
en die moontlike ontdekking dat “die Ander” tog nie so anders as “die Self” is nie …

Bronnelys

Allport, G.W. (1954). *The Nature of Prejudice*. Cambridge: Addison-Wesley.

Atkinson, R. (1998). *The Life Story Interview*. Qualitative Research Methods Series 44. Londen: Sage Publications.

Babbie, E. & Mouton, J. (2001). *The Practice of Social Research*. Pretoria: Oxford University Press.

Bernard, H.R. (2000). *Social Research Methods*. *Qualitative and Quantitative Approaches*. Londen: Sage Publications.

Blumenfeld, W.J. & Raymond, D. (1989). *Looking at Gay and Lesbian Life*. Boston: Beacon Press.

Boxer, A.M. & Cohler, B.J. (1989). The Life Course of Gay and Lesbian Youth: An Immodest Proposal for the Study of Lives. *Journal of Homosexuality*, 17: 315-355.

Burns, W.D. (1990). Breaking Silence. Why Don't Gays Keep Quiet? *Change*, May/June.

Churchill, W. (1967). Homosexual Behavior Among Males: A Cross-Cultural and Cross-Species Investigation. New York: Hawthorne.

Comstock, D.G. (1991). Violence Against Lesbians and Gay Men. New York: Columbia University Press

Cotton-Huston, A.L. & Waite, B.M. (2000). Anti-Homosexual Attitudes in College Students: Predictors and Classroom Interventions. *Journal of Homosexuality*, 38(3): 117-133.

Pectora roborant cultus recti

D'Augelli, A.R. (1989b). Gay Men's and Lesbians' Experiences of Discrimination, Harassment and Indifference in a University Community. *American Journal of Community Psychology*, 17: 317-321.

D'Augelli, A.R. (1989c). Homophobia in a University Community: Views of Prospective Resident Assistants. *Journal of College Student Development*, 30: 546-552.

D'Augelli, A.R, & Rose, M.L. (1990). Homophobia in a University Community: Attitudes and Experiences of White Heterosexual Freshmen. *Journal of College Student Development*, 31: 484-491

D'Augelli, A.R. (1991). Gay Men in College: Identity Processes and Adaptations. *Journal of College Student Development*, 32: 140-146.

D'Augelli, A.R. (1992). Lesbian and Gay Male Undergraduates' Experiences of Harassment and Fear on Campus. *Journal of Interpersonal Violence*, 7(3): 383-395.

D'Augelli, A.R., Hesson-McInnis, M.S. & Waldo, C.R. (1998). Antecedents and Consequences of Victimization of Lesbian, Gay, and Bisexual Young People: A Structural Model Comparing Rural University and Urban Samples. *American Journal of Community Psychology*, 26(2): 307-334.

De Vos, A.S. (1998). *Research at Grass Roots. A Primer For The Caring Professions*. Pretoria: Van Schaik.

Dietz, T.J. & Dettlaff, A. (1997). The Impact of Membership in a Support Group for Gay, Lesbian and Bisexual Students. *Journal of College Student* Psychotherapy, 12(1): 59-72.

Die val van Majuba. (2003). *Die Burger*, 4 Mei.

Pectora roborant cultus recti

Diversiteitsbeplanningsdokument [Intyds]. (2002). Beskikbaar: http://www.sun.ac.za/university/diversiteit/diversiteit.htm.].

Dooley, D. (1995). *Social Research Methods*. 3e uitgawe. New Jersey: Prentice Hall.

Dunton, C. & Palmberg M. (1996). Human Rights and Homosexuality in Southern Africa. *Current African Issues*, 2e uitgawe. No.19.

Ficarrotto, T.J. (1990). Racism, Sexism and Erotophobia: Attitudes of Heterosexuals toward Homosexuals. *Journal of Homosexuality*, 19(1): 111-116.

Finlay, B. & Scheltema, K.E. (1991). The Relation of Gender and Sexual Orientation to Measures of Masculinity, Femininity and Androgyny. *Journal of Homosexuality*, 21(3): 71-85.

Finlay, B. & Scheltema, K.E. (1999). Masculinity Scores as an Artifact of Feminist Attitude: Evidence from a Study of Lesbians and College Women. *Journal of Homosexuality*, 37(4): 139-147.

Gilbert, N. (1993). *Researching Social Life*. Londen: Sage Publications.

Gilham, B. (2000). *Case Study Research Methods*. Londen: TJ International.

Goleman, D. (1990). Studies Discover Clues to the Roots of Homophobia. *New York Times*, 10 July: B1.

Herek, G.M. (1988). Heterosexuals' Attitudes toward Lesbians and Gay Men: Correlates and Gender Differences. *The Journal of Sex Research*, 25(4): 451-477.

Herek, G.M. (1990). Homophobia, in W.R. Dynes (red.). *Encyclopedia of Homosexuality*. New York: Garland. 552-555.

Higgins, P.C. & Buttler, R. (1982). *Understanding Deviance*. New York: McGraw-Hill.

Hudson, W. & Ricketts, W. (1980). A Strategy for the Measurement of Homophobia. *Journal of Homosexuality*, 5(4): 357-372.

Kampusmenings. (1999). *Die Matie*, 18 Augustus.

Kardia, D.B. (1996). Diversity's Closet: Student Attitudes toward Lesbians, Gay Men and Bisexual People on a Multicultural Campus. *Dissertation Abstracts International: A – The Humanities and Social Sciences*, 57: 1090-A.

Kerns, J.G. & Fine, M.A. (1994). The Relation Between Gender and Negative Attitudes toward Gay Men and Lesbians: Do Gender Role Attitudes Mediate This Relation? *Sex Roles*, 31(5,6): 297-307.

Kim, B.S.K., D'Andrea, M.J., Gaughen, K.J.S. & Sahu, P.K. (1998). A Multicultural Study of University Students' Knowledge of and Attitudes toward Homosexuality. *Journal of Humanistic Education & Development*, 36(3): 171-183.

Kite, M. & LaMar, L. (1998). Sex Differences in Attitudes Toward Gay Men and Lesbians: A Multidimensional Perspective. *The Journal of Sex Research*, 35(2): 189-196.

Kite, M.E. & Whitley, B.E. (1996). Sex Differences in Attitudes toward Homosexual Persons, Behavior and Civil Rights: A Meta-Analysis. *Personality and Social Psychology Bulletin*, 22: 336-353.

Kline, W.B. & Wells, J.W. (1986). Self-Disclosure of Homosexual Orientation. *Journal of Social Psychology*,127(2): 191-197.

Kloppers, P. (2005). Persoonlike onderhoud.

Kurdek, L.A. (1988). Correlates of Negative Attitudes toward Homosexuals in Heterosexual College Students. *Sex Roles,* 18(11,12): 727-738.

Kuriloff, P.J. & Lottes, I.L. (1992). The Effects of Gender, Race, Religion, and Political Orientation on The Sex Role Attitudes of College Freshmen. *Adolescence*, 27(107): 675-688.

Kvale, S. (1996). *An Introduction to Qualitative Research Interviewing.* Londen: Sage Publications.

Lance, L.M. (1987). The Effects of Interaction with Gay Persons on Attitudes toward Homosexuality. *Human Relations*. 40(6), 329-336.

Lance, L.M. (1992). Changes in Homophobic Views as Related to Interaction with Gay Persons: A Study in the Reduction of Tensions. *International Journal of Group Tensions*, 22(4): 291-299.

Lance, L.M. (1994). Do Reductions in Homophobia from Heterosexual Interactions with Gay Persons Continue? A Study of Social Contact Theory. *International Journal of Group Tension*, 24(4): 423-434.

Laner, M.R. & Laner, R.H. (1980). Sexual Preference or Personal Style? Why Lesbians are Disliked. *Journal of Homosexuality*, 5(4): 339-356.

Lieblich, A. & Friedmann, G. (1985). Attitudes toward Male and Female Homosexuality and Sex-Role Stereotypes in Israeli and American Students. *Sex Roles*, 12(5,6): 561-570.

Logan, C.L. (1996). Homophobia? No, Homoprejudice. *Journal of Homosexuality*, 31(3): 31-53.

Louderback, L.A. & Whitley, B.E. (1997). Perceived Erotic Value of Homosexuality and Sex-Role Attitudes as Mediators of Sex Differnces in Heterosexual College Students' Attitudes toward Lesbians and Gay Men. *The Journal of Sex Research*, 34(2), 175-182.

MacDonald, A.P., Jr., Huggins, J., Young, S. & Swanson, R.A. (1972). Attitudes toward Homosexuality: Preservation of Sex Morality or the Double Standard? *Journal of Consulting and Clinical Psychology*, 40: 161.

MacDonald, A.P. & Games, R.G. (1974). Some Characteristics of Those Who Hold Positive and Negative Attitudes toward Homosexuals. *Journal of Homosexuality*, 1(1): 9-27.

McCreary, D.R. (1994). The Male Role and Avoiding Femininity. *Sex Roles*, 31: 517-531.

Millham, J., San Miguel, C.L. & Kellogg, R.A. (1976). Factor Analytic Conceptualization of Attitudes toward Male and Female Homosexuals. *Journal of Homosexuality*, 2: 3-10.

Moses, A.E. & Hawkins, R.O. (1982). *Counseling Lesbian Women and Gay Men: A Life-Issues Approach*. St. Louis: Mosby.

Mouton, J. (2001). *How to Succeed in Your Master's and Doctoral Studies. A South African Guide and Resource Book*. Pretoria: Van Schaik.

Neuman, W.L. (2003). *Social Research Methods*. *Qualitative and Quantitative Approaches*. 5e uitgawe. Boston: Pearson Education.

Page, S. & Yee, M. (1985). Conception of Male and Female Homosexual Stereotypes among University Undergraduates. *Journal of Homosexuality*, 12(1): 109-118.

Pelto, G. & Pelto, P. (1978). *Antropological Research*. *The Structure of Inquiry*. Londen: Cambridge University Press.

Pequinot, J. (2003). Persoonlike onderhoud.

Plasek, J.W. & Allard, J. (1984). Misconceptions of Homophobia. *Journal of Homosexuality*, 10: 23-37.

Ponse, B. (1980). Lesbians and their Worlds, in J. Marmor (red.). *Homosexual Behavior: A Modern Appraisal*. New York: Basic Books. 157-175.

Proulx, R. (1997). Homophobia in Northeastern Brazilian University Students. *Journal of Homosexuality*, 34(1): 47-56.

Rektor: Gays nie gemonitor – US krabbel terug oor seks-beleid. (2003). *Die Burger*, 3 April.

Riggle, E.D.B., Ellis, A.L. & Crawford, A.M. (1996).The Impact of "Media Contact" on Attitudes toward Gay Men. *Journal of Homosexuality*, 31(3): 55-69.

Robson, C. (1993). *Real World Research. A Resource for Social Scientists and Practitioner-Researchers*. Oxford: Blackwell Publishers.

Rogers, J.W. & Buffalo, M.D. (1974). Fighting Back: Nine Modes of Adaptation to a Deviant Label. *Social Problems*, 22: 101-118.

Schellenberg, E.G., Hirt, J. & Sears, A. (1999). Attitudes toward Homosexuals among Students at a Canadian University. *Sex Roles*, 40(1,2): 139-152.

Serdahely, W. & Ziemba, G. (1984). Changing Homophobic Attitudes through College Sexuality Education. *Journal of Homosexuality*, 10(1,2): 109-116.

Shipman, M.D. (1972). *The Limitations of Social Research*. Londen: Longman.

Silverman, D. (1997). *Qualitative Research. Theory, Method and Practice*. Londen: Sage Publications.

Slabbert ondersoek koshuise. (2003). *Die Burger*, 31 Mei.

Slater, B.R. (1993). Violence against Lesbian and Gay Male College Students. *Journal of College Student Psychotherapy*, 8(1,2): 177-202.

Smith, K.T. (1971). Homophobia: A Tentative Personality Profile. *Psychological Reports*, 29: 1091-1094.

Storms, M.D. (1978). Attitudes toward Homosexuality and Femininity in Men. *Journal of Homosexuality*, 3: 257-263.

Taylor, S.J. & Bogdan, R. (1984*). Introduction to Qualitative Research Methods*. *The Search for Meanings*. 2e uitgawe. New York: John Wiley & Sons.

Taylor, S.J. & Bogdan, R. (1998). *Qualitative Research Methods*. *A Guidebook and Resource*. 3e uitgawe. New York: Wiley & Sons.

Toy, J. (1991). "Coming Out" Groups: A University Resource. *Social Work In Education*, 13(4): 257-264.

US onder skoot oor reëls vir gay en lesbiërs. (2003). *Beeld*, 1 April.

Welch, P.J. (1996). In Search of a Caring Community: Group Therapy for Gay and Lesbian and Bisexual College Students. *Journal of College Student Psychotherapy*, 11(1): 27-40.

Whitley, B.E. & Egisdóttir, S. (2000). The Gender Belief System, Authoritarianism, Social Dominance Orientation and Heterosexuals' Attitudes toward Lesbians and Gay Men. *Sex Roles*, 42(11,12): 947-967.

Wong, F.Y., McCreary, D.R., Carpenter, K.M., Engle, A. & Korchynsky, R. (1999). Gender-Related Factors Influencing Perceptions of Homosexuality. *Journal of Homosexuality*, 37(3): 19-31.

Woodman, N.J. (1989). Mental Health Issues of Relevance to Lesbian Women and Gay Men. *Journal of Gay and Lesbian Psychotherapy*, 1(1): 53-63.